Maar wat de Bijbel onder gerechtigheid verstaat is meer dan besef en handhaving van recht. Bijbelse gerechtigheid sluit barmhartigheid in. De berijmde Psalm 72 zegt het aldus:

Dan zal Hij al Uw volk beheren
rechtvaardig, wijs en zacht,
en Uw ellendigen regeren,
hun recht doen op hun klacht.

't Ellendig volk wordt dan uit lijden
door Zijnen arm gerukt,
Hij zal nooddruftigen bevrijden,
verbrijz'len wie verdrukt.

Als hen geweld en list bestrijden,
al gaat het nog zo hoog,
hun bloed, hun tranen en hun lijden
zijn dierbaar in Zijn oog.

Zo ziet de Bijbelse dichter het beeld van den vorst der gerechtigheid.

Het Nederlandse volk mag zich gelukkig achten, dat zijn vorstin ook in dit opzicht de gerechtigheid heeft willen beoefenen. Was zij niet steeds, waar nood en ellende geleden werd, vooraan in het betonen van haar medeleven, door tegenwoordigheid en daadwerkelijke hulp? Is zij niet al nader gekomen tot haar volk, juist in de dagen van zijn grootste ellende? Heeft zij niet al meer recht gekregen op de naam, die juist in de laatste jaren harer regering opgekomen is: Moeder van haar volk, Moeder des vaderlands?

IV. In dit rijke leven is het gebed van een moederhart, het gebed van een volk, het gebed van den psalmist tot zichtbare vervulling gekomen. Maar ook dit hoogste: het gebed der Gemeente en van haar eigen gelovige ziel.

Wilhelmina heeft het teken en zegel van den Heiligen Doop op haar voorhoofd ontvangen en er is voor haar gebeden: „Wij bidden U door Uwen lieven Zoon, dat Gij dit kind met Uwen Heiligen Geest altijd wilt regeren, opdat het . . . in den Heer Jezus Christus wasse en toeneme . . . en in alle gerechtigheid onder onzen enigen Koning Jezus Christus leve, en vromelijk tegen de zonde, den duivel en zijn ganse rijk strijden moge."

Het gemeentegebed heeft haar belijdenis des geloofs op 16-jarigen leeftijd begeleid, toen zij verklaarde „des zins en willens te zijn haren Heiland in voorspoed en tegenspoed . . . getrouw te volgen, gelijk aan Zijn ware belijders betaamt."

Hoe diep en echt haar zin en wil was om haren Heiland volgen, heeft zij telkens in het openbaar, vrijmoedig betoond.

„Christus voor alles" is haar persoonlijk levensdevies geweest, dat zij niet slechts met haar handschrift op haar portret schreef, nu 35 jaar geleden, toen de vrouwelijke afgezante van de Argentijnse republiek een replica van het Christusbeeld van de Andes voor het Vredespaleis kwam overhandigen. Maar zij heeft het geschreven op haar beeltenis, zoals deze in het hart en de geschiedenis van haar volk zal blijven voortleven — een levende brief van Christus.

Zo is ook in de diepste zin het gebed van de psalmist in haar leven en regeren vervuld: „Geef, Heer, den koning Uwe rechten en Uw gerechtigheid de koningstelg." Zij is beelddraagster geweest van den Koning van het Godsrijk.

De Oudtestamentische psalmist heeft nog niet zo goed geweten, wat dat inhield. Wij, Nieuwtestamentische gelovigen, weten het ook nog niet altijd even goed. Wij beseffen het niet altijd even scherp, dat het gebed om getrouw den Heiland te volgen, inhoudt: „in voorspoed en tegenspoed", inhoudt: „het kruis, Hem dagelijks navolgende, te dragen."

Koningin Wilhelmina, de afgebedene en veelombedene, is getekend door het teken van het kruis. In het verborgen reeds vroeger. Voor onze ogen de laatste acht jaren al dui-

delijker. Ik behoef U de schaduwen van het Kruis over haar leven en in haar ziel niet aan te wijzen. Wij hadden het zo graag anders gehad: 'n climax van geluk, voorspoed, vrede.

Maar de ware gerechtigheid is plaatsbekledende gerechtigheid. Zij heeft er haar deel van gehad, genomen, gewild, gedragen. Zij is er ons des te dierbaarder, des te liever, des te vorstelijker om.

We roepen straks in het Gebed des Heren de allerhoogste Majesteit aan „in Zijnen Zoon, die voor ons heeft genoeg gedaan," voor ons genoegdoening verworven heeft. Dit doende weten wij het nu weer des te beter, hoe goddelijk rijk onze gebeden vervuld zijn in het leven van Koningin Wilhelmina; vooral dit gebed der gemeente en van haar gelovige ziel: dat zij iets van de gerechtigheid van haar Heiland en Heer in haar leven en regering mocht vertonen.

Zo staat deze goede vorstin dan aan den donkeren hemel van de geschiedenis van onzen tijd te stralen als een ster, die op den gekomen en den komenden Christus wijst; gelijk de Nederlandse dichter het zo treffend tot uitdrukking bracht bij het huwelijk van haar dochter:

Princes, indien wij niet geloofden,
dat God de goede vorsten stelt
gelijk de ster boven het veld,
die ons den grootsten vorst beloofde,
dan hadden woorden weinig zin.

Maar nu hebben onze woorden zin, goddelijk diepe en rijke zin, nu zingen wij met reden en recht de Oudtestamentische Psalm:

Loof, loof, mijn ziel, den Hoorder der gebeden!

en het Nieuwtestamentisch gezang:

Halleluja, eeuwig dank en ere den drieënigen God!

Amen!

B. GEMSER.

ARIE GERHARDUS OBERHOLZER.

Hy is op 9 November 1828 in die distrik Colesberg, K.K., gebore, en op 10 Oktober 1909, in die distrik Marico oorlede, waar die plaas Oberholzerkloof na hom en sy vyf broers genoem is. Hy was 'n egte Voortrekker-tipe, verteenwoordiger van 'n geslag wat heen gegaan is, 'n geslag wat die Kerk en die Staat in baie moeilike tye help bou het.

S.P.E.

ENIGE GEDACHTEN OVER DE EVANGELIEBEDIENING.

Naar aanleiding van 1 *Tim.* 3:1 *„Een Treffelijk werk."*

Door Ds. L. E. Brandt*

Waarde Broeders,

Onze samenkomst als Predikanten, Professoren en Studenten geeft mij al dadelik een leidende gedachte als ik iets zeggen wil over de Evangeliebediening, want in deze drie groepen zie ik vertegenwoordigd de wetenschap, de praktijk en de voorbereiding voor beide, en deze drie zijn van begin tot einde samen verbonden.

De Evangeliebediening omvat de gehele mens, met al zijn gewaarwordingen, eigenschappen, gaven en ondervindingen, van voor zijn geboorte tot na zijn dood. Er is geen werk op aarde dat meer omvattend is dan deze bediening van de blijde boodschap van Jezus Christus, want Hij heeft aan de mens op aarde iets goeds te zeggen voor elke dag van zijn leven.

Ik wil gaarne mijn toespraak verdelen in drie onderdelen, en dan vraag ik:

1. Wat eist de Evangeliebediening van ons als predikanten?
2. Hoe kunnen wij ons voor die taak voorbereiden, die onderhouden en vervullen?
3. Wat is het doel der Evangeliebediening?

1. Wij hebben in de Evangeliebediening te doen met mensen, de hoogste schepselen van God op deze aarde, de enigen onder al de millioenen van geschapen wezens op deze aarde, die naar het beeld en de gelijkenis Gods geschapen zijn. Daarom is de behandeling van mensen zoveel moeiliker, teederder, heiliger dan iets anders, bv. dieren of planten of mineralen. De mens is een geestelik wezen en dus moet hij geestelik behandeld worden naar de aard van het voorwerp, dat onder

*Referaat op 25 Februarie 1925 deur wyle ds. L. E. Brandt vir 'n samekoms van predikante en studente gehou.

behandeling is. Dit erkent de natuuronzoeker, als hij gehoorzaamt aan de natuurwetten om daardoor aan de natuur haar geheimen te ontlokken. Dit doet de boer als hij zijn landen bebouwt of zijn vee fokt, en bij dit alles moet altijd het meest gelet worden op de hoogste aanleg van ons onderwerp.

Daarom moet bij de mens niet alleen zijn lichaam in aanmerking genomen worden, maar ook zijn ziel en geest.

Als wij dit vastgesteld hebben, volgt daaruit, dat iemand, die werkzaam is in de hoogste van alle takken van menselike ondernemingen, nl. in de Evangeliebediening, zelf in staat moet wezen te handelen met het menselike lichaam, de menselike ziel en de menselike geest, dat hij van deze drie verstand moet hebben en als het kan ook ervaring.

Een Evangeliedienaar moet dus een volkomen man zijn, die zijn volle mannelikheid weet te gebruiken, die kan zeggen: ik reken, dat mij niets menseliks ontbreekt.

Er wordt soms over geklaagd, dat een predikant bij alles ingeroepen en betrokken wordt, maar is dit niet juist een heerlik voorrecht?

Wij hebben te doen met de mens reeds voor zijn geboorte, wanneer wij zijn ouders aan elkander verbinden door de heilige band des huweliks, als hij ter wereld komt, worden wij geroepen hem het sakrament van de Heilige Doop te bedienen, om hem reeds van zijn prilste jeugd af de beloften van zijn Schepper en God in een onderpand te verzekeren; als hij groter wordt, krijgen wij hem weer in handen in de Zondagschool en de katechisatie en in de heiligste ogenblikken van zijn leven, wanneer hij zijn geloof in de Here Jezus Christus belijdt. Dan is het, dat hij naar ons opziet om leiding en voorlichting en dan worden wij beproefd, of wij bekwaam zijn aan die zoekende ziel richting te geven en te openbaren de wonderbare liefde van God.

De mens komt dan weer tot ons, als hij een maat gevonden heeft met wie hij zijn leven wil vol maken en voortzetten en de zegen des Heeren zoekt op die ontzettend wonderbaarlike en heilige verbindtenis, en dan weer vinden wij hem op de levensweg, soms terwijl hij zuchtend en steunend, strompelend zijn last draagt, soms als hij zit te rusten en de wereld en de

andere mensen, die voorbij gaan beschouwt, dan weer als hij zelf neergevallen is bezijden de weg en in ziekte of armoede daar ligt hulpbehoevend en ellendig. En terwijl wij zelf de levensweg bewandelen, vinden wij overal om ons heen andere mennsen, die een woord van aanmoediging, of van waarschuwing nodig hebben, wier wonden verbonden moeten worden en die in de veilige herberg gebracht moeten worden.

En terwijl wij zelf voortgaan en ouder worden, komen wij bij de ouden van dagen die geen lust meer hebben aan de dingen der jeugd, en wier gedachten reeds vooruitlopen naar het graf en naar de dingen, die daar zijn aan de andere zijde van het graf.

En wij worden geroepen te wenen met de wenenden en te jubelen met de blijden, te spelen met de kinderen, te arbeiden met de volwassenen, stil te zitten mijmeren met de ouden.

Wij moeten verstand hebben van de kwaaltjes van het kleine kind, dat groeit en struikelt en weer opstaat, als zijn lichaampje nog zwak is, wij moeten die physieke dingen, waaraan ieder mens onderworpen is kunnen begrijpen als hij oud en sterk en levenslustig is, maar ook als hij oud en stram en pijnlik word, zolang het lichaam toeneemt, en wanneer deze tabernakel afgebroken wordt.

Wij moeten ook kunnen meestrijden met de mens, die verscheurd wordt door de wilde dieren van hartstocht en verzoeking, die in de zedelike strijd, tussen waarheid en leugen, reinheid en ontucht, oprechtheid en misdaad heen en weer geslingerd wordt, en wij moeten hem dan kunnen voorhouden de fakkel van Gods Woord die licht zal werpen op zijn pad en hem de rechte weg zal doen zien en helpen daarop te wandelen.

En wanneer iemand in geestelike moeilikheden komt en zijn geloof wankelt en dreigt hem te begeven, tot wie moet hij dan zijn toevlucht nemen, als zijn predikant hem niet helpen kan en hem niet kan openen de Schriften en bewijzen, dat Jezus Christus, de Zoon Gods is, naar de geest der heiligmaking uit de opstanding der doden?

Broeders, moet ik nog meer aanhalen, om u te bewijzen, dat een Evangeliedienaar een *man* moet zijn, een man ten

volle toegerust met al wat mannelik is, maar tegelijk teder als een vrouw, die het hart van de moeder verstaat, en rein als een kind, maar boven alles een mens, die ervaring heeft, die de zonde heeft ontmoet en onder de ogen gezien en overwonnen en daarom een medemens kan troosten.

Ziehier de praktijk van de Evangeliebediening, zoals wij, die in die bediening staan, die elke dag van ons leven ontmoeten.

2. Hoe kunnen wij ons nu voor die bijna bovenmenselike taak voorbereiden, die onderhouden en vervullen?

Hierin hebben wij de hulp nodig van de wetenschap. (Niet de misbruikte naam voor natuurwetenschap alleen, zoals hier in Afrika het Engelse woord 'science" vertaald wordt, maar het volle ruime gebied van alle wetenschappen van alle fakulteiten der Universiteit). Er wordt soms onderscheid gemaakt tussen gelovige en ongelovige wetenschap, tussen menselike en goddelike wetenschap. Ik houd daar niet van, ik geloof daar niet aan, want alle wetenschap is goddelik, daar is niets dat buiten God omgaat en het lijkt mij een verkorting van het recht van God, als wij die onderscheiding maken.

Natuurlik zal ik dadelik erkennen, dat er mensen zijn, die voor wetenschappelik willen doorgaan en die hun zogenaamde wetenschap misbruiken om allerlei teorieën te verkondigen, die niets met de wetenschap te doen hebben, maar waarin zij uiting geven aan hun persoonlike vooroordelen en geloofjes en ongeloofjes, en waardoor zij luce clarius bewijzen, dat zij op de naam van wetenschappelik hoegenaamd geen aanspraak hebben.

De volle omvang der wetenschap moet ons ten dienste staan bij de voorbereiding voor onze taak, die het gehele volle leven van de mens omvat.

Daarom geen opsluiting in de broeikas van een teologies seminarie voor die voorbereiding, maar de atmosfeer der Universiteit, waar wij door de omgang met professoren en studenten van andere fakulteiten ook genieten kunnen van de vruchten van hun studie, waardoor wij de fisiologie van ons lichaam beter leren kennen en de psychologie van de geest en de etiek van de ziel, waardoor wij de grondbeginselen van het recht in

ons opnemen en de visioenen van de dichter en de overdenkingen van de filosoof kunnen volgen en genieten.

De wetenschap, die alle menselike dingen onderzoekt, moet ons leren op de voorpunt te staan en te kunnen omgaan niet alleen met de ongeletterden en onopgevoeden, maar met de besten onder de besten in ons land en zonder aanmatiging doch met kennis van zaken te kunnen meespreken, zonder beschaamd te staan of een gek figuur te slaan, te kunnen komen in de kringen van de best opgevoeden, en tegelijk te kunnen en te willen neerzitten in de krotten der armsten en achterliksten en ook daar het licht des Evangelies te laten schijnen. Daarom is in de voorbereiding voor de Evangeliebediening zo veel en zo grondige studie nodig.

Eén mens kan niet alles weten, vooral niet in onze tijd van spesialisatie en detail-studie, maar dat behoeft ook niet en wij moeten vooral in onze tijd niet de domme, aanmatigende houding willen aannemen, dat wij het wel weten en dat wij het de mensen wel eens vertellen zullen, omdat de Bijbel het zo of zo zegt. Daardoor maken wij ons zelf belachelik. Want de Bijbel is niet een leerboek van geologie of dierkunde of een diktaat over Romeins-Hollands Recht. Maar wat wij wel moeten doen is, dat wij een intelligente belangstelling tonen in al wat een ander mens interesseert en het is dikwijls een veel groter blijk van belangstelling om intelligent te kunnen luisteren dan om over alles en nog wat iets te zeggen te hebben. De drukke praters verraden gewoonlik hun onkunde. Gij kent toch het bekende zinnetje uit de latijnse grammatika: Si tacuisses, sapiens mansisses, dat gebruikt wordt als voorbeeld van de verschillende betekenissen van die vervoegings-vorm, maar tevens zoveel wijsheid bevat.

Studeren is de order van de dag in de tijd der voorbereiding, niet in een koorts van haast en overspanning die alles tegelijk wil aanpakken, waardoor wij na korter of langer tijd komen te lijden aan verzwakte zenuwen, en de studie moeten opgeven, maar met overleg en orde en systeem, sodat wij ook verstaan en assimileren wat wij bestuderen.

Bij de studie, die ons kennis aanbrengt en onze hersenen oefent, moet ook komen de oefening van het gemoed en de wil,

de aankweking van het zieleleven en geestesleven. Daarvoor moeten wij de beoefening der kunst niet nalaten, waar wij de gelegenheid daartoe hebben goede muziek gaan horen en zelf uitvoeren, mooie schilderijen bestuderen en bewonderen en de gedachten van de kunstenaar tot onze ziel laten spreken, mooie dichtwerken moeten wij lezen als ontspanning en alle kultuurmiddelen aanwenden tot veredeling van ons eigen zieleleven, opdat wij met een gezond oordeel en kennis mogen weten te onderscheiden tussen mooi en lelik.

Ons geestesleven moet vooral ontwikkeld worden door Bijbelstudie en gebed.

Er is een gevaar vooral voor de teologiese student, dat hij de Bijbel niet meer stichtelik kan lezen tot eigen opbouwing van zijn geloof, maar dat hij bij alles wat hij leest in de eerste plaats denkt aan de exegetiese problemen, en het gebruik dat hij maken kan van een of andere tekst voor een preek. Helaas, als het zover is, dan moeten wij liever de Bijbel helemaal opnieuw beginnen te lezen of in een andere taal, want geen boek, hoe mooi of stichtelik of christelik ook, kan de plaats van de Bijbel innemen in ons geestelik leven.

De Taak der Evangeliebediening moet niet alleen ondernomen maar ook onderhouden worden, en daarbij moeten wij fris blijven, anders zal de gemeente het spoedig merken dat wij uitgeput raken en in herhalingen vallen en dat er geen kracht van onze bediening meer uitgaat, en daartoe is nodig een onderhouding van de studie.

De meesten onzer kunnen niet in de pastorie voortgaan met wetenschappelike studie, daarvoor zijn wij te weinigen in getal en zijn onze gemeenten te groot, zodat wij te veel van huis moeten zijn, maar wij kunnen toch onze studie onderhouden en voortdurend elke dag leren, van onze gemeenteleden, zelfs van de kinderen, van alles om ons heen als wij maar ons gemoed openhouden en erkennen dat wij nog niets weten. Maar laat ons nooit de devotie nalaten, de aankweking van het intieme mystieke omgaan met de Here Jezus Christus. De gemeente moet het gevoelen, als wij des Zondags de kansel betreden, dat zij daar niet weer bezig gehouden worden met dezelfde lage, wereldse dingen, waar zij de hele week al van

gehoord hebben en die zo vuil zijn, dat de mensen er vies van zijn, maar, dat wij als profeten, die uit het heiligdom van de gemeenschap met God komen, haar iets te vertellen hebben van die andere wereld, waarin de gemeente wel gelooft, maar die zo vaag en nevelachtig is voor velen, zo ver weg en zo bedolven onder het stof der aarde.

Dan krijgt de gemeente des Zondags een verfrissend geestelik bad en wordt zij opgebouwd in het geloof en gesterkt tot de strijd des levens.

Onze taak moet vervuld worden in de kracht des Heiligen Geestes. Vervullen betekent vol maken. Hoe wilt gij die vol maken? Door u zelf ledig te maken. De Heer Jezus heeft zijn bediening vervuld door zichzelf te vernietigen en de gestalte eens diensknechts aan te nemen, zo moeten wij ook ons zelven ontledigen van ons zelf, opdat wij vervuld mogen worden met de Heilige Geest en dan alleen kunnen wij ook tot volheid brengen die heerlike bediening van het Evangelie van Jezus Christus, zodat de liefde van Christus alles mag doordringen en vervullen.

3. Ten slotte een enkel woord over het doel der Evangeliebediening.

Is dit niet om in deze wereld te bereiden en bijeen te vergaderen de gemeente des Heren, het lichaam van de Here Jezus Christus, zoals Paulus schrijft aan de gemeente van Corinthe (2 C. 11 : 2) want ik heb ulieden toebereid, om u als een reine maagd aan een man voor te stellen, nl. aan Christus, en aan die van Thessalonica, 1 Thess. 5 : 23, en uw geheel oprechte geest en ziel en lichaam worde onberispelik bewaard in de toekomst van onze Heer Jezus Christus.

Onze arbeid in de Evangeliebediening heeft dus ten doel de lichamelike, zedelike en geestelike volmaking van de leden der Christelike Kerk ter ere Gods, opdat Jezus Christus een bruikbaar instrument mag vinden om de wereld te overwinnen en te onderwerpen. De gemeente is een getuige der waarheid, daarom moet er een goede getuigenis van haar uitgaan. Wij moeten getuigen, steeds maar getuigen door woord en daad, en ons licht zo laten schijnen dat de mensen onze goede werken

mogen zien en onze Vader, die in de hemelen is, mogen verheerliken.

Broeders, is dit met een treffelik werk? Moeilik? Ja zeker, maar als gij daartegen opziet, zijt gij niet waardig er deel aan te hebben. Veelomvattend? Ja, alles-omvattend, en dat is de heerlikheid ervan. Zelfverlochenend? Zonder twijfel, maar wie zijn leven zal willen behouden, die zal het verliezen.

Laat ons God danken, dat Hij ons geroepen heeft tot dit heilige ambt en in zijn kracht ons kruis opnemen en onze Heilandvolgen en welbewust van onze tekortkomingen al de gaven en krachten, van lichcaam, ziel e n geest, die God ons verleend heeft, gebruiken in Zjin dienst. En als wij getrouw zijn en volharden tot het einde, wacht ons de kroon der overwinning door Jezus Christus, die ons heeft liefgehad en zijn leven voor ons gegeven heeft.

Gedurende de bespreking, die hierop volgde, werd de vraag gedaan, hoe gehandeld moest worden, als een student, gedurende zijn studie, de lust tot de Evangeliebediening verloor.

Daarop werd dit geantwoord :

Het is hiermede als met de liefde.

Als een jonge man een meisje aanziet en liefkrijgt, wordt hij aangetrokken door allerlei uitwendige dingen en goede eigenschappen. Maar die liefde is nog niet op de proef gesteld. In het huwelik vindt hij uit, dat zijn vrouw ook een mens is met fouten en gebreken en dat het opoffering en zelfverloochening kost om elkander te verdragen en gelukkig samen te leven.

Zo wordt een jonge man aangetrokken tot de Evangeliebediening door uitwendige dingen of door innerlike roeping, zonder de inwendige moeilikheden te kennen.

Als hij nu in zijn studie moeilikheden ontmoet en begint te twijfelen en in strijd is met zich zelf, wordt zijn liefde beproefd, en dit is noodzakelik, want alleen aan iemand, die beproefd en bekwaam bevonden is, kan een zo groot en heilig werk als de Evangeliebediening toevertroud worden.

Hierbij moeten wij vasthouden aan de roeping van God en die steeds op de voorgrond houden in onze gedachten, en niet te veel gewicht hechten aan de menselike zijde.



MARTINUS CHRISTOFFEL VAN STADEN
EN
JOHANNA JACOBA VAN STADEN
(geb. SWANEPOEL).

M. C. van Staden is op 24 Desember 1859 op die plaas Vergenoeg, distrik Marico, gebore, en was die oudste seun van P. T. van Staden, Volksraadslid in die dae van die Suid-Afrikaanse Republiek. Hy was sewe-en-twintig jaar lank ouderling, tot 1913, en was een van die stigters van die gemeente Zwartruggens. Op 26 September 1947 is hy oorlede. Sy eggenote is op 23 Februarie 1863 gebore, en op 15 Desember 1946 oorlede. Dit was 'n waardige egpaar, wat veel vir die Kerk en gemeente beteken het en wat ook vir die samelewing egte steunpilare was. Onvermoeid was hul ywer, en veel het hulle gedoen.

S.P.E.

WAT EN HOE?

Die Ned. Herv. Kerk het na my beskeie mening 'n punt in sy groei bereik, waar dit nodig geword het om 'n oomblik stil te staan en die vraag te stel, „Wat wil die Kerk alles aanpak en hoe?" Daar het baie nuwe werksaamhede in die Kerk ontstaan.

Daar is bv. die werk wat deur die N.H.S.V. gedoen word. Die organisasie van die susters het so vinnig gegroei, en die vereniging het al soveel bygedra tot die groei en uitbreiding van die Kerk, dat die Kerk 'n baie hoë agting vir die werk van die susters gekry het. Die terreine waarop hierdie vereniging werksaam is is baie. Tans is die susters besig om verskillende huise vir laagbesoldigde werksters, inrigtings vir afwykende kinders, en nog ander inrigtings op verskillende dorpe langs die Rand en elders op te rig. Die gronde is al verkry en te oordeel na die tempo waarop die susters nog altyd sake aangepak en deurgevoer het, sal daar binnekort langs die Rand en in ander dorpe allerlei inrigtings staan, wat as Hervormde inrigtings beskou kan word. Die Kerk het hom dus deur sy Sustersvereniging op hierdie terrein begewe. Die Kerk het ook nog die Ondersteuningsraad in die lewe geroep. 'n Sekretaris is aangestel en 'n kantoor opgerig. Die Ondersteuningsraad fungeer al 'n paar jaar en dek al 'n wye veld.

Daar is ook op die Algemene Kerkvergadering van 1945 besluit om 'n begin te maak met evangelisasiewerk. 'n Begin is reeds in Zululand gemaak. 'n Kommissie is deur die Kerk benoem om hierdie werk te behartig en die vergadering van 1948 het aan die kommissie opgedra om 'n behoorlike evangelisasiebeleid uit te werk en aan die Kerk voor te lê.

Nog 'n saak wat baie aandag geniet het in die afgelope jare was die saak van die bearbeiding van die jeug. Ook hierdie werk is aan 'n kommissie opgedra wat al geruime tyd daarmee besig is en verblydende vordering gemaak het.

Aan opvoeding en onderwys het die kerk nog altyd baie aandag gegee en so is die kommissie vir opvoeding en onderwys al lank besig met hierdie groot saak.

Met die loop van die jare het daar almeer die behoefte

by lidmate ontstaan aan goeie geestelike lektuur. Die kommissie vir boekverspreiding het dan ook 'n groot taak, waar hulle geroepe is om in hierdie behoefte te voorsien.

Ons het hier maar 'n paar dinge genoem waarmee die Kerk besig is. Daar is nog soveel meer dat ons in hierdie artikel nie almal kan noem nie.

As ons die wat genoem is in oënskou neem sal die leser wel sien wat ons bedoel as ons sê dat die tyd aangebreek het om ons rekenskap te gee van wat die Kerk wil en hoe.

As ons nou begin met die terrein waarop die Ondersteuningsraad en virsover die jongste aktiwiteite van die N.H.S.V. betref, ook die organisasie beweeg, kom die Kerk voor die vraag te staan: Wil die Kerk hom besighou met sosiale werk, en indien wel hoever en hoe? Hierin sal die Ondersteuningsraad en ook die N.H.S.V. die Kerk met advies moet dien, maar daarby sal in gedagte gehou moet word dat hoewel die Kerk geroepe is om sy armes te versorg, soos die instelling van die amp van die diakens bewys, die Kerk nogtans nie 'n instituut vir sosiale opheffingswerk is nie. Die Kerk se werk op hierdie gebied sal dus in ooreenstemming met Gods Woord moet wees, en terselfdertyd aanpas by die nuwe behoeftes van ons tyd en land.

Ons vertrou dat die ondersteuningraad die nodige lig sal ontvang om vir ons Kerk 'n armesorgbeleid uit te werk wat waarlik christelik sal wees en sal ooreenstem met die roeping van die Kerk.

'n Kommissie op wie se skouers daar 'n baie swaar taak rus, is die Evangelisasiekommissie. Soos ons weet is reeds 'n begin gemaak met die werk van Evangelisasie in Zululand. Dadelik bring dit die Kerk voor baie probleme te staan. Daar is die groot vrees vir gelykstelling, wat in Suid-Afrika 'n gewettigde vrees is. Daarom is daar by baie mense so 'n teenkanting teen die sending. Ons Kerk wil van gelykstelling nie hoor nie. Daarom sal die kommissie hiermee moet rekening hou wanneer hy sy opdrag uitvoer en vir die Kerk sy Evangelisasiebeleid uitwerk. Die Bantoekerk sal 'n selfstandige Kerk moet wees wat wel onder toesig van ons Kerk staan maar verder heeltemal los en selfstandig. Selfs die naam sal 'n suiwer

Bantoenaam moet wees. As dit kan gedoen word sal daarmee alle gronde vir die vrees vir gelykstelling verdwyn en sal die werk veel wyer steun ontvang. Groter nog is die probleem van die kommissie in verband met die blanke heidendom. Daar is reeds duisende blankes in Suid-Afrika wat aan geen Kerk behoort nie, en wat eenvoudig heidene geword het. Ons Kerk het ook ten opsigte van hierdie mense 'n dure plig, wat nie langer kan wag om aangepak te word nie. Hoe om die evangelisasie van hierdie blanke heidene aan te pak sal seker die ernstige aandag van die kommissie geniet.

Die groot toestroming na die stede werk die afval van die Kerk in die hand. Die woningtekort bring mee dat mense in woonstelle, in kamers en agterplase en waar ook maar 'n onderdak te vinde is, intrek. Veral jongmense stroom die stede binne en kry losies waar hul dit kan vind. Die plaaslike gemeentes weet geen raad hoe om die mense en veral jongmense op te soek en te bearbei nie. Ons hoop dat die kommissie vir jeugwerk sy ernstige aandag sal wy aan die vraag hoe die jongmense vir ons Kerk behou kan word. Ons weet dat die kommissie reeds lang besig is met die Jongeliedevereniging. Hierdie vereniging doen reeds op verskillende plekke goeie werk. Na my mening is jongeliedeverenigings nog nie die oplossing vir die vraagstuk nie. Ons vertrou maar dat die kommissie vir jeugwerk baie ernstige aandag aan die saak sal skenk, net soos aan die organisasie van die Sondagskole.

Daarby kom nog die vraagstuk van die bearbeiding van die studente van ons Kerk. Daar studeer 'n paar honderd studente van die Ned. Herv. Kerk aan die Universiteite van Pretoria, Johannesburg en in Potchefstroom. Dan is daar ook talle studente aan die verskillende Normaalskole. Hierdie jongmense word nou oorgelaat aan die sorg van die plaaslike gemeentes. Dit is egter nie genoeg nie. Die kerkrade van die plaaslike gemeentes word hiermee 'n verantwoordelikheid opgelê wat al gaande swaarder word, en noual feitlik te swaar geword het. Almal weet dat studente ander behoeftes het as ander jongmense, en dat daar daarom spesiale sorg aan hulle bestee moet word.

Die Ned. Herv. of Geref. Kerk het dit al lank besef en

het daarom spesiale studente-predikante. Ook die studente van ons Kerk word deur die studente-predikant bearbei.

Dit is egter nie reg dat ons Kerk die sorg van ons studente oorlaat aan 'n ander Kerk nie. Ons moet self voorsien. Gelukkig dat daar dan ook nou 'n begin gemaak is met die bou van 'n studentekerk. Fondse word reeds druk ingesamel en die hoop bestaan dat binne afsienbare tyd die gebou kan opgerig word. Daarmee is die saak egter nie afgehandel nie. Die tyd het myns insiens aangebreek om 'n studente-predikant af te sonder vir die bearbeiding van ons studerende jeug.

Van die vroegste tye af het ons Kerk al verklaar dat hy 'n voorstander is van Christelik-nasionale onderwys. Ons Kerk is egter geen voorstander van kerkskole nie. Ons wil die bestaande skole behou, en die owerhede help om die skole altyd meer Christelik-nasionaal te maak. Die kommissie vir opvoeding en onderwys het in hierdie verband reeds voortreflike leiding gegee, en ons is seker hulle sal voortgaan om altyd voorligting en leiding te gee waar die geleentheid hom voordoen.

'n Ander saak waaraan daar baie aandag gegee moet word, is die verskaffing van geestelike leesstof. Dit is verbasend om te sien hoeveel die sektes die sewedaagse adventiste bereik met hul uitstekend organiseerde boekverspreiding Hulle slaag daarin om aan ons lidmate duisende van hul boeke teen buitensporige pryse te verkoop. Hieruit kan ons alleen aflei dat daar 'n baie groot behoefte bestaan aan geestelike lektuur. Die kommissie vir boekverspreiding moet hierdie taak aanpak en daarvoor sorg om die penne aan die gang te kry en om 'n doelmatige verspreidingsmetode te skep.

Op die skouers van die reorganisasiekommissie rus 'n baie verantwoordelike werk. Aan hulle is opgedra om 'n skema uit te werk om die administrasie en organisasie van ons Kerk in ooreenstemming te bring met die vergrote behoeftes en uitgebreider werksaamhede van die Kerk en dit so te doen dat dit vir baie jare sal voorsien. Hullle sal dus genade nodig hê om met visie die saak aan te pak.

Ten slotte wil ons nog net 'n wenk aan die hand doen vir die kommissies. Met die oog op die koste verbonde aan ver-

gaderings, sou dit miskien goed wees as elke kommissie 'n dagbestuur kies wat gereeld kan vergader en per korrespondensie in voeling met ander lede kan bly. Dan kan die breë kommissie net nou en dan vergader, sê eenmaal per jaar. Die koste word dan binne perke gehou sonder om die werk te strem.

A. OOSTHUIZEN.

Job. Broeder van Christus

> En hij nam eene potscherf om zich daarmede te schrabben en hij zat neder te midden der asch. Job 2:8

Potscherven in de voorjaarszon,
een sterven dat verkeerd begon —
Doodsvogel, zoek een ander nest,
mijn hemeldorst bleef ongelest.
Ik weet dat mijn Verlosser leeft,
Die mij het Eeuwig Leven geeft.

Hij heeft mijn vrienden stom gemaakt,
met hoop bekleed mijn schurftig naakt —
Droomvogel, trek uw pennen in,
mijn leven kreeg een nieuw begin.
Wat deert mij dood, hel en verderf,
ik weet dat ik den hemel erf!

Zijn Hand is naar mij uitgestrekt,
mijn zweren heeft zijn Mond bedekt —
Aasvogel, zoek een andre buit,
de Heer gaat bij mij in en uit,
Zijn Oog staat op mijn hart gericht,
'k Ben lieflijk voor Zijn Aangezicht.

F.K.

WAAK.

Hierdie wêreld het sy ewewig, sy balans verloor. Die oorlog is reeds lank verby en nog is daar geen vrede nie. Inteendeel oorlogsvlamme slaan nog oral uit. Oral is daar gisting en onrus. Die grotes van hierdie wêreld staan verleë — hulle kan geen oplossing vind vir al die wêreldprobleme nie. Dit word hoe langer hoe donkerder. 'n Nuwe wêreldoorlog dreig alhoemeer. Die voorbereiding is in volle gang. Hierdie wêreld word met ondergang bedreig. Daar kan geen vrede kom in die wêreld nie omdat hier skaars plek is vir Christus. Die Woord van God oefen steeds minder gesag uit. Die Christelike beginsels word verkrag. Die getalle van die wat deur die geloof lewe word elke dag kleiner. Alleen as Christus ons vrede is kan daar vrede kom in ons harte en vrede in die wêreld. Hy is die Bron en Oorsprong van elke vrede.

Die Anti-Chris wat nou die gedaante van die Kommunisme aangeneem het kom steeds sterker tot openbaring. Die Kommunisme met sy duiwelse leer win veld. Die wêreld verkeer in groot gevaar.

Wat moet gedoen word om hierdie goddelose vloed te stuit? Hoe moet hierdie ontsettende gevaar afgeweer word? Is die Christendom uitgedien? Is die Christelike beskawing tot ondergang gedoem? Nee, die enigste bolwerk teen die Kommunisme is die Christendom. Christus is die enigste Ark van behoud en redding.

Maar daar is helaas maar min Christene in hierdie wêreld. Hier is baie naam-christene. Ook ons volk vertoon alhoemeer die beeld van gedoopte heidene. Die kennis van die Bybel is gering. Die opkomste by die eredienste is swak. En is een van die oorsake na die geestelike verarming en insinking nie omdat die wêreld 'n steeds groter plek ook in die Kerk inneem nie? Gaan dit in die Kerk om Christus alleen? Wil die verkondigers van die Evangelie niks anders weet as Christus die Gekruisigde nie? Gaan dit uitsluitend om die Koninkryk van God en sy geregtigheid?

In baie opsigte het die Kerk beswyk vir die versoeking om

wêreldgelykvormig te word. Die wêreld oefen, helaas 'n groot invloed op die Kerk uit. Vir 'n groot deel het die Kerk ontaard in 'n sosiale instituut. Sosiale hervorming het hoofsaak geword. Die Kerk beweeg alhoemeer op die gebied van die Staat. In baie gevalle is die prediking nie meer Christo-sentries nie, d.w.s. die mens en nie Christus staan in die middelpunt. Op uiterlike dinge word die nadruk gelê. Dit word alhoemeer 'n godsdiens van raak nie, smaak nie, en roer nie aan nie. Die mense word deur spesiale predikers in spesiale dienste beweeg om hulle te bekeer van die goddelose wêreld na die vroom wêreld, maar intussen bly hulle wêreldlinge. In baie opsigte word die Kerk 'n besigheidsinstelling. En dit word gevaarlik as die Kerk wil gaan groot doen en gaan roem op sy prestasies. Die Kerk verstaan nie langer sy roeping as hy hom laat gebruik as 'n departement van die Staat, deur allerlei staatsondersteunde skemas aan te pak om die indruk te vestig dat hy sodanig baie vir die volk doen.

'n Groot deel van ons volk se godsdiens word verAmerikaans. Al die godsdiensdrywery in ons land is op Amerikaanse lees geskoei. 'n Groot deel van ons volk se godsdienstaal is nog Afrikaans, maar die inhoud van hulle godsdiens is Angelsaksies-Amerikaans. Dit is 'n ramp dat so 'n groot deel van die Kerk in ons land die band met Europa en veral Holland verbreek het. In die studeerkamers van die meeste predikante het die geestelike swaard van Sir Harry Smith die oorwinning behaal. Angelsaksies-Amerikaanse boeke vul die boekrakke. Daarom is dit ook geen wonder dat al die nuwe dinge wat van Amerika oorwaai, hier soveel vrugbare aarde vind om welig te groei. Die sieklike Metodisme wat deur so baie getroetel word is die voedingsbodem van die sektarisme.

Die godsdienstige lewe van ons volk is besig om te vervlak. Die Kerk het daar baie skuld aan. Ook ons Kerk. Ons Kerk hel weer oor na die ander uiterste. Daar is gebrek aan waaragtige vroomheid en godsvrug by ons mense. Ons wil predikante ingesluit, te menslik wees. Ons wil te nugter wees. Ons godsdienstige lewe het koud geword. Die innigheid en warmte ontbreek. Ons skik ons te veel na die omstandighede. Ons wil populêr wees en verloor ons waardigheid. Die voor-

gangers in die Kerk het skuld. Daar is te veel wêreldse dinge waarin ons belangstel. Ons neem deel aan dinge en doen dinge wat die predikantskap in diskrediet bring. Ons word lid van liggame wat niks met die Koninkryk van God te make het nie. Sommige predikante stel te veel belang in party-politiek tenkoste van die eenheid van hulle gemeente. Ander belange weeg swaarder as gemeentelike belange. Die Koninkryk van God ly skade. Die Heilige Gees word bedroef.

Daar is gebrek aan waaragtige vroomheid in ons Kerk. Selfs in ons kerklike vergaderings word hierdie gebrek gevoel. Ons dink hier veral aan die Algemene Kerkvergaderings van 1942, 1945 en 1948. Die liefde was flou en die geloof was swak. Die gees van die wêreld het meermale die Gees van Christus verdring. Die vergaderings van 1942 en 1945 het gedurende die oorlog plaasgevind en die oorlogsgees, die gees van onverdraagsaamheid, bitterheid en vervolging het ook sy afbrekende invloed in die vergaderings gehad. Die vergadering van 1948 weer, het tydens die algemene verkiesing plaasgevind en die politieke wanklanke het ook in die vergadering weerklank gevind. Die opgesweepte gemoedere kon nie tot bedaring kom nie. Persoonlike aksies en reaksies het telkens die goeie gees bederf.

Maar daar is nie rede om te wanhoop nie. Selfs die poorte van die hel sal die gemeente van Christus nie oorweldig nie. Die laaste Algemene Kerkvergadering was die wedergeboorte van ons Kerk. Die Hervormde Kerk het die grootste krisis sinds die mislukte kerkvereniging van 1886 deurgemaak. Die lug is gesuiwer. Die Kerk het weer sy voete gevind. In die krisisuur het die liefde van ons mense vir hulle Kerk weer sterk en mooi tot openbaring gekom. Daar is weer 'n nuwe begin gemaak. Mag God ons Kerk genadig wees.

J. J. P.

Brakpan.

WILLEM SLUITER EN SY GEMEENTE.

Die naam wat hierbo vermeld word, is sowel in Nederland as in Suid-Afrika net aan 'n paar spesialiste op die gebied van die literatuurgeskiedenis of die kerkhistorie bekend. By die oorgrote meerderheid van ons lesers sal dit geen herinneringe wek nie.

Outyds was dit anders. Toe is die naam van Willem Sluiter dikwels en met groot waardering genoem. Hierdie 17de eeuse predikant is namelik die digter van 'n aansienlike getal bundels geestelike poësie. Ons noem hier 'n paar titels: „Gesangen", „Eybergsche Sang-lust", „Vreugd- en liefde-sangen" „Christelijke Doodsbetrachting", „Psalmen, lofsangen ende geestelijke liedekens."

Hierdie bundels is oor die algemeen heelwat groter as die dun deeltjies wat hedendaagse digters laat verskyn. By mekaar omvat die digterlike werk van Sluiter ongeveer 900 bladsye met op iedere bladsy omtrent 45 reëls. Ruim 40,000 digreels sou vir 'n digter van ons tyd 'n buitengewoon omvangryke produksie wees; in die sewentiende eeu was dit egter niks besonders nie.

Wel besonder was die populariteit waarin die poësie van Sluiter hom mag verheug het. Die uitgawes van sy werk het snel opmekaar gevolg, en ook na die dood van die digter het die digwerk telkens opnuut die lig gesien. Nog in die jaar 1861 was die belangstelling groot genoeg om 'n nuwe druk te regverdig. Maar dit was dan ook die laaste; daarna het geen uitgewer dit meer gewaag om die volledige werk van Sluiter op die pers te bring nie, en ook in die bloemlesings van Nederlandse poësie, wat gereeld byeengebring word, vind mens baie selde iets van die werk van Sluiter terug.

'n Paar van sy liedere het hul pad gevind in die bundel „Evangelische Gezangen" van die Nederlandse Hervormde Kerk; dit is Gesang 185 en 190, respektiewelik oor die dood en oor die verlange na die hemel. Maar by die saamstelling van die nuwe gesangbundel, wat in Nederland sedert die jaar 1938 algemeen gebruik word, het hierdie twee gesange met baie

Titelblad van die gedigte van W. Sluiter.

ander geen genade gevind in die oë van die versamelaars nie. Toe het dus die laaste oorblyfsel van die digterlike werksaamhede van Sluiter uit Nederland verdwyn.

Enigsins anders het dit egter in Afrika gegaan. Ook hier was die stigtelike poësie van Sluiter baie gelief. Aan die Kaap is sy liedere druk gesing, en die Voortrekkers het nog gebruik gemaak van hierdie godsdienstige poësie. Terwyl oor die algemeen in hierdie jong land ou boeke skaars is, word partymaal in boedels nog wel 'n uitgawe van een of meer bundels verse van Sluiter aangetref. In die loop van die laaste eeu het egter sy werk ook hier in die vergeetboek geraak. Maar op een punt is daar verskil met Holland: die saamstellers van die Afrikaanse gesangboek het geen aanleiding gevind om die twee gesange van Sluiter te skrap nie; hulle staan sodoende in Afrikaanse gewaad nog altyd in die kerkboek, nou onder die nommers 185 en 188. Ook al behoort hulle nie tot die mees gebruikte gesange nie, tog hou hulle nog iets van die nagedagtenis van ds. Sluiter vas.

Willem Sluiter self sou dit seker nie kon dink nie, dat aan die suidpunt van Afrika, waar in sy dae nie meer as 'n paar honderd Nederlanders gebly het nie, sy werk langer sou voortbestaan as in sy eie vaderland! Die Nederlandse literatuur-historikus, Joncbloet, wat geen oog of oor vir godsdienstige poësie had nie, het Sluiter byna 'n eeu gelede as 'n „ellendige rijmelaar" in die ban gedoen. Hierdie kritiek is seker onbillik; die werk van Sluiter verdien 'n milder beoordeling, en by die teenwoordige belangstelling vir die religieuse digters uit die sewentiende eeu kan mens verwag dat 'n studie oor sy lewe en 'n bloemlesing uit sy werk nog wel die moeite werd sal blyk.

In hierdie opstel sal ons nie oor die kunswaarde van die digwerk van Sluiter spreek nie. Daarnaas het dit egter ook historiese betekenis. Sy werke gee 'n beeld van die geestesinhoud en die daelikse lewe van 'n plattelandspredikant in die sewentiende eeu. Dit is volkome begryplik dat ons in die gewone kerkgeskiedenis daar min van hoor. Wat nie die aandag trek deur die beroering wat dit maak, word selde in die geskiedwerke vermeld. Die sewentiende-eeuse kerkgeskiedenis

Eenſaem Huys- en Winter-leven. 33



Alhier niet ſteeds by my gehuyſt/
Behoev' ik daerom met verdriet
In eenſaemheyt te zijn? gantſch niet.
Ik hebb' geſelſchap overhoop/
Ook ſonder dat ik verre loop/
Hier by mijn Volk ſoo menigmael
F Als

Ds. Sluiter op huisbesoek.
('n Bladsy uit een van sy bundels.)

hou hom veral besig met die kerklike twiste, met leertugprosesse, met leergeskille, met afskeidings en sektes. Dit wek die onjuiste beeld as sou die Hervormde Kerk in daardie dae bestaan het uit 'n seksie afvalliges en 'n netso groot seksie ketterjaers. Maar vir die ontwikkeling van die geestelike lewe onder die groot massa was van veel meer betekenis die stille en troue arbeid van duisende dorpspredikante, wie se name lankal vergeet is op aarde. Dié soort van arbeiders, en hul arbeid, leer ons ken uit die werke van Sluiter.

Die geslag Sluiter, waaruit ons digter voortspruit, was in die sewentiende eeu nie onaansienlik nie; die nakomelinge daarvan word tot die Nederlandse patrisiaat gereken. Die grootvader van die digter, Albert Sluiter, was burgemeester van Borculo in die provinsie Gelderland. Sy seun, Tileman Sluiter, was 'n bierbrouer en graanhandelaar te Neede, nie ver van Borculo. Die oudste seun uit sy eerste huwelik was Willem, gebore 22 Maart 1627. In die loop van die jare het die gesin sterk gegroei, sodat Willem later tien broers en susters, stiefbroers en stiefsusters gehad het.

Uit die jeug van Willem is nie veel bekend nie. Sy predikantsopleiding het hy in Utrecht gekry, waar die grote Voetius sy leermeester was. Dit was veral Voetius wat die Hervormde Kerk in die tweede helfte van die sewentiende eeu 'n nuwe rigting uitgestu het: terwyl in die eerste helfte mense wat in die godsdienstige lewe veral gevoelsuiting en lewensheiliging gesoek het, nouliks in die Hervormde Kerk hulle kon tuis voel, het onder die invloed van Voetius, sy vriende en sy leerlinge, mistiek en askese 'n belangrike deel van die godsdienstige lewe geword. Ook by Sluiter sal ons dit aantref, al is dit dan ook, soos trouens oor die algemeen in die Hervormde Kerk, in uiters gematigde vorme.

In 1650 was Willem proponent, maar dit het nog nie beteken dat hy terstond 'n gemeente kon kry nie. Dit het tot Julie 1652 geduur voordat 'n vaste bediening vir hom gevind is. Toe het naamlik die Graaf van Stirum, wat as Heer van Borculo die reg van predikantsbenoeming in daardie streke gehad het, Sluiter die predikantsplaas van Eibergen gegee. Daarmee het die jong predikant in vertroude omgewing gekom,

want Eibergen lê maar net 'n uur gaans van sy geboortedorp, Neede. Hy het die mense en hul lewenswys deur en deur geken; hy was deur sy geboorte een van hulle. Des te merkwaardiger is dit dat ons in sy gedigte amper niks van die volkstaal uit Oos-Nederland terug vind nie. Het die dominee met sy gemeentelede altyd die deftige Wes-Nederlands gepraat? Of was dit net sy skryftaal? Maar sover ons kan nagaan is die preek in hierdie tyd altyd in die Wes-Nederlandse taalvorm gehou.

Voorlopig het die gemeente nog moet klaarkom sonder 'n domineesvrou. Die eerste jaar was die predikant by een van die gemeentelede inwonend; daarna het sy susters vir hom kom huishou. Dit is eers na tien jaar ampsbediening dat Sluiter die groot stap waag en hom in die huwelik begewe met Margaretha Sibilla Hoornaart. As besonderheid kan ons nog vermeld dat die huwelik ingeseën is deur Willem se neef, wat daarby as teks gekies het Johannes 3:29: „Die een, wat die bruid het is die bruidegom."

Die huwelikslewe het maar kort geduur vir hierdie paar. Nouliks twee jaar later, kort na die geboorte van die tweede kind, het Margaretha beswyk. Mag ons geloof skenk aan die uitvoerige „Klaag- en Troostreden" waarin Sluiter die siekte en sterwe van sy vrou beskrywe, dan was die huwelik see gelukkig: altwee die eggenote het dieselfde neigings gehad 'n in die godsdiens gefundeerde afkeer van weelde en wêrelds drukte, liefde vir eensaamheid, eenvoud en natuur. As haa eie woorde word deur hom aangehaal:

„Veel zaalger is 't den hemel te aanschouwen,
En 't groene veld, dan wereldse gebouwen,
En straten vol van volk, met aards gewoel,
En pracht, daar ik een afkeer van gevoel.

Al mocht ik zijn een koningin op aarden,
'k Zou zulk een staat niet voor de mijn' aanvaarden
Wat is 't een vreugd, te mogen zijn zo vrij
Van aards gepraal, der zielen slavernij!"

Na die dood van sy vrou het Sluiter gevoel dat dit vir hom wat ten gevolge van sy ampswerk dikwels van huis moes wee

nie moontlik was om vir die twee jong kinders te sorg nie. Hulle is dan ook deur die grootouers in huis geneem, en Sluiter self het toe die eensame lewe begin, wat deur hom beskrywe is in sy „Eensaam huis- en winterleven", en wat so die aandag getrek het in die wêreld van sy dae. Dat iemand uit die beskaafde stand sou kan lewe sonder 'n huishoudster en 'n paar bediendes het in daardie jare nie moontlik gelyk nie. Sluiter het jare lank alleen in sy huis gewoon, en net oordag wat hulp van 'n diensmaagd gehad. Die eensaamheid het hom nie afgeskrik nie, inteendeel:

„Nooit ben ik minder eensaam dan
Wanneer ik eensaam wesen kan.
De ziel heeft dan haar onderhoud,
Waarmee s' op 't allerlieflijkst kout."

Dit lyk of dit in daardie dae nog nie die gewoonte was nie dat die gemeentelede die predikant self kom opsoek; ons hoor tenminste by Sluiter nie van besoeke wat aan hom in die pastorie gebring word nie. As 'n bewys egter dat hy die eensaamheid nie uit mensehaat of mensevrees soek nie, spreek hy uitvoerig van die huisbesoek wat hy self by sy gemeentelede aflê. Die sieke-besoek doen hy oordags, maar die gesondes kan hy net in die aand by die huis kry. As die maan donker is, vat sy kleine „die vuchtje", 'n lantêren:

„Met ene keers en ene glas,
En ben daarvan heel wel geleid,
Vermits al 't licht sich voorwaarts spreidt,
En trekt sich t'saam, recht voor mijn treen,
Niet achter of rontom mij heen."

Alweer moet ons sê: dat 'n man uit die gegoede stand homself bylig, pleks van 'n paar fakkeldraers voor hom uit te laat gaan, het in daardie eeu maar sonderling, amper revolusionêr geklink. Sluiter het dan ook heelwat versreëls nodig om te betoog dat sy metode hom beter skik as wat die algemene gebruik was. Die gesinne wat hy besoek is eenvoudige boere, wie se wonings maar een vertrek bevat, sodat die begeleiers in dieselfde kamer sou moet sit as die predikant,

„en 't huisgesin,
Dat ik besoek, sou dan te min
Mij openen haar vreugd en smert,
Of watter meest leit op haar hert."

Hieruit merk ons twee dinge op: die predikant het huisbesoek gedoen sonder dat die ouderlinge daarby was; en daardie besoeke is nie styf en formeel gehou nie, maar die dominee het daarna gestreef dat die mense hul hart vir hom sou ooplê.

Dit blyk duidelik uit die woorde van Sluiter dat hy daar ook baie dikwels in geslaag het. 'n Verhouding van hartlike liefde en vertroue het ontwikkel tussen hom en wat hy by voorkeur noem „sy volk", die eenvoudige klein boere in hul „lemen hut", hul kleihuisie. By die armstes het hy die meeste ingang gevind: daar het hy reguit met die geestelike kan begin, want in hul armoede het hul die troos nodig, dat die ware rykdom lê

„in een welgesteld gemoed;
En dat hij rijk is, die vernoegd
Sich na sijn armoed' heeft gevoegd."

By die boere wat effens meer welgesteld is, doen hy ander ervaringe op:

„Daar spreekt m' al veel van geld en winst,
Of waar 't winsuchtig hert op pinst.
Helaas! 'k Vergeet mij selfs daar wel
Door veel onvruchtbaar aards gerel;
Sodat ik namaals in mijn geest
Gedenk: Hoe ben ik daar geweest,
En heb onnut mijn tijd verpraat
Met 't geen dat mij niet aan en gaat!"

Ieder ernstig predikant sal nog vandag dieselfde versugting dikwels slaak! Hoe goed is dit om gereeld na te gaan, wat 'n voorganger wel, en wat hom nie aangaan nie! Maar juis hy wat met Sluiter sy geestelike taak as sy enigste plig sien, sal ook met ons digter dit uitspreek dat hy nog altyd tyd kortkom. Die Evangelieprediking en sielsorg is inderdaad genoeg om 'n man sy tyd volkome te vul — as hy daardie taak tenminste ernstig opvat. Dan sal hy sy skape een vir een ken, en op

die hoogte wees van die geestelike lewe in sy hele gemeente.

Hoe Sluiter sy gemeente geken het merk ons die beste uit 'n bundeltjie verse, wat die titel dra van „Vreugd- en Liefdesangen." Die hedendaagse leser wat hierdie titel sien, sou miskien dink dat hy slaan op een van die bundels erotiese poësie, wat volop was in die sewentiende eeu. Uit hierdie dwaling help ons egter die opdrag „Aan de Gemeinte Jesu Christi binnen, en rondom in de buurte des Kerspels van Eibergen." Die liefde van Sluiter het sy gemeente gegeld, en dit was sy vreugde, om met sy gemeentelede oor die geestelike dinge te praat. Die woorde uit 1 Thess. 2:7, 8, 19, 20, wat voor in die boekie afgedruk is, vorm dan ook 'n regte beskrywing van die verhouding tussen die predikant en sy gemeente: „Maar ons was vriendelik onder julle soos 'n pleegmoeder haar kinders koester. Terwyl ons so na julle verlang het, was dit ons aangenaam om aan julle nie alleen die evangelie van God mee te deel nie, maar ook ons eie lewe, omdat julle vir ons dierbaar geword het . . . Want wie anders as julle is ons hoop of blydskap of kroon van roem in die teenwoordigheid van onse Here Jesus Christus by sy koms? Want julle is ons eer en blydskap."

Die verse uit hierdie bundel is oorspronklik geskryf as opdragte voor in die bundel „Gesangen" van Sluiter, waarvan hy 'n eksemplaar aan elk van die wyke van sy gemeente geskenk het. As ons die getuienis van die digter self mag glo, dan was die hele gemeente buitengewoon sanglustig:

„Het zingt bij ons wat spreken kan,
't Zij oud of jong, of vrouw of man,
't Zij burger, huisman, knecht of meid,
Het is tot zingen al bereid;
Wat nooit ter scholen heeft gegaan,
Dat heft al mee van buiten aan."

Egter was na die oordeel van die predikant die keuse van die liedere wat gesing is nie altyd van die beste nie. Daarom skenk hy aan sy gemeente sy eie stigtelike poësie, sodat die „ontugtige" en „onkuise gesang" van „een buikbeest of een licht gezel" verdring mag word deur sang wat tot eer van God en tot opbou van die eie geestelike lewe mag strek.

Dit lyk of hierdie bedoeling ook verwesenlik is. Nie maar net die digter self, maar ook predikante uit die omliggende gemeentes getuig dat die vrome lied van Sluiter nou alom in huis en op die veld aangehef word. Dit het te gemakliker gegaan omdat Sluiter, wat self geen komponis was nie, bestaande en geliefde wysies as melodie vir sy liedere aangegee het. Daarby was hy nie oormatig kieskeurig nie. Onder die wysies is daar verskillende wat ontleen is aan die bundel van die as Remonstrant ontslae predikant Kamphuyzen, verskillende egter ook waarvan die oorspronklike woorde — partymaal Frans — deur ons digter as „dertle hoereliedren" beskou is.

Die eerste vers van die Vreugd- en Liefdesangen is gerig aan die gemeente „binnen Eibergen". Dit is nie die hele gemeente nie, maar net die gedeelte daarvan, wat in die sentrale deel gebly het. Eibergen was feitlik 'n stadjie, altans dit het die stadsregte gehad: eie jurisdiksie en wat daar mee saamhang. Dit is aan die skrywer van hierdie opstel nie bekend of die stad Eibergen ooit mure gehad het nie. Daar is in Nederland meer voorbeelde van stede, d.w.s. van neersettings met stadsregte, sonder omwalling. Maar in ieder geval, die feit dat Eibergen die regte van 'n stad gehad het, was voldoende om te praat van die gemeente „binnen Eibergen".

Die teenwoordige dorp Eibergen het omtrent 2,000 inwoners. In die sewentiende eeu sal die inwonertal nog wel heelwat minder gewees het. Wellig moet ons met nie meer as 600 of 700 siele reken nie. Die digter spreek sy vreugde daaroor uit, dat die getal van die vrome in „onze stad" so toeneem, dat sy rondgang by huisbesoek teenwoordig heelwat meer tyd verg as toe hy agtien jaar tevore sy werk in die gemeente begin het. Maar daardeur duur dit ook partymaal lank, voor hy weer by die mense kan kom, en die klag word dan ook gehoor, dat die predikant nie genoeg huisbesoek doen nie.

Die vraag kom op: wat was die vromes, voordat hulle vromes geword het, en daardeur die voorwerp van huisbesoek? Dit word nêrens duidelik gesê nie, maar dit kan tog wel geraai word: in hierdie tyd is nog een groot deel van die bevolking Rooms Katoliek. Selde tref ons in die gedigte van Sluiter polemiek met ander gesintes aan; hoewel hy 'n goeie leerling van Voetius was, stry hy nimmer met Coccejane, selfs nie met Remonstrante nie. Maar een van die seldsame polemiese gedigte is gerig teen die Roomse mis, en die uitvoerige „Lof der heilige maagd Maria" (83 bladsye) keer hom baie duidelik teen die Roomse afgodery.

Sodoende sien ons Sluiter as een van die honderde predikante wat in stilte gedurende die 17de en 18de eeu gewerk het om die Bybelse-Reformatoriese godsdiens ingang te laat vind op die Roomse platteland. Ten onregte word nog vaak gedink, dat vrywel onmiddellik na die Reformasie die meerderheid van die bevolking die Roomse Kerk vaarwel gesê het. In werklikheid was dit 'n baie stadige proses, wat afhanklik was van die geduld, toewyding en takt van die plaaslike predikante.

Geduld was daartoe seker nodig. Sluiter vermeld terloops, dat hy partymaal op straat onaangenaamhede ondervind. Was dit belediging van die kant van die Roomsgesindes? Dis moontlik. Dit lyk egter ook of party van sy eie gemeentelede nie altyd ewe vriendskaplik teenoor hom gestaan het nie:

„Isser iemand van u allen,
Door een vleeslijk misverstant
Al te heftig overmand,
Ooit een haastig woord ontvallen,
Tot mijn nadeel en verdriet,
Dat meent gij zo kwalijk niet.

Gij ziet eindlijk, dat Gods ere
En de stichting van zijn Kerk
Zijn het enig ogemerk
Van al wat ik ooit bewere.
Zo 'k niet wat van u verdroeg,
'k Had u nimmer lief genoeg."

Die grootste vreug is dit vir die digter as hy by sy wandeling in die aand deur die strate van die stad uit baie huise die klanke van sy eie liedere hoor. Dis 'n ruime vergoeding vir die teleurstellings, wat hy partymaal by die stadbewoners onder-

vind het. Een van die moeilikste punte is die veelvuldige twiste; daarin vergelyk die stadbewoners ongunstig met die boere uit die omtrek. Die vaandel van hul skuttery dra die woorde „Eendrag maak mag"; dié woorde, en nog veel meer die vermaning tot vrede in die Heilige Skrif, behoort hulle in die toekoms meer te betrag.

Ook in die kerkbesoek stel hy die boere aan die burgers ten voorbeeld:

„Zo zij na de Kerk toe vlieden
Voor en achter middag weer,
Denkt, het moet te eer en meer
So nabij van u geschieden,
Die de Kerke woont op 't naast,
Kom' er doch niet allerlaatst."

Dis die bekende klag die eeue deur: die mense, wat die digste by die Kerk woon, is die minste getrou in die kerkbesoek!

Die verste buitewyk van sy gemeente was Haarloo (teenwoordig 'n afsonderlike gemeente met eie predikant). Dit het 'n eie kapel gehad, en as die dominee na die twee dienste in die stad na Haarloo stap, hoef die klok in die kapel nie gelui te word nie: die boere uit die omtrek stroom vanself toe, en vul die banke:

„Als gij dan, zo mans als vrouwen,
Weerzijds fraai bezet u perk,
Lijkt, in 't aangenaam aanschouwen,
Uw kapell'ken wel een kerk."

Vir hulle preek hy nie oor moeilike onderwerpe of met omhaal van geleerdheid nie, maar eenvoudig, na die mate van hul ontwikkeling en begrip. Dit moet betreur word, dat die bundels preke, wat so talryk in die sewentiende eeu verskyn het, meer die „stadse" tipe verteenwoordig as die simpele toesprake wat blykbaar deur Sluiter en andere predikante vir die eenvoudiges gehou is. Die gedrukte preke moet veral ook die geleerdheid van hul skrywers bewys; daardeur kry ons uit

hulle 'n eensydige beeld van die prediking van daardie tyd, 'n beeld wat b.v. in deel III van Anne Mulder se „Zeven eeuwen Nederlandsche Levenskunst" tot 'n karikatuur word. Die eenvoudige stigtelike toespraak, die onderrig in die Bybelse waarhede, die hartlike vermaning tot 'n lewe in Christelike liefde, kry ons nie in geleerde foliante nie: dit het ongedruk gebly, maar was waarskynlik van groter godsdienstige en kulturele waarde. Die poësie van Sluiter, bedoel as dit was vir die eenvoudiges op die platteland, gee ons van die deursneeprediking vermoedelik 'n suiwerder beeld as die gewrogte van akademie-predikers.

'n Skadusy in Haarloo was dat hierdie wyk, die rykste van die buitewyke, die minste lus vertoon het om die uur stap na die stadskerk te onderneem. Blykbaar het hulle aan die diens in hulle kapel genoeg gehad. Miskien het daarby ook 'n sekere selfgenoegsaamheid teenoor die stad gewerk; hierdie ontwikkeling het in later tyd uitgeloop op die selfstandigverklaring van Haarloo.

Groter was die lus tot kerkgang in die wyk Mallem, ook al moes die kerkgangers in die somer die hitte, in die winter die kou stormwind verdra op die bult tussen Mallem en Eibergen. As die predikant êrens in Mallem 'n huis binnegegaan het, het weldra ook die buurliede by voor- en agterdeur ingekom. Spesiaal op die Sondagaand het daar onder leiding van die predikant 'n soort van informele godsdiensoefeninge plaasgevind, waarby nie net die psalms, maar ook Sluiter se eie gesange aangehef is. In die somer het hierdie byeenkomste in die oop lug plaasgevind:

„Maar wanneer wij 's somers komen,
Met meer volks, en met mooi weer,
Onder schaduw van uw bomen,
Dat verheugt ons nog veel meer."

Van hierdie soort byeenkomste, wat mens met die later konventikels sou kan vergelyk, egter met die verskil dat hier geen sprake is van 'n buitekerklike stroming nie, van hierdie soort byeenkomste hoor ons ook in ander wyke. In Olden-Eiberg is daar blykbaar ook 'n soort van katkisasie aan verbonde:

„Nog bescheid' ik en bedinge,
Als ik in uw buurte zinge,
En met vraagjes onderricht,
Komt dan lieflijk bij malkander,
Dat gij d' een zo wel als d' ander
In 't gezelschap word gesticht."

Maar dit lyk of die belanggstelling daar nie so groot was nie; miskien was die Roomse tradisie daar nog sterk, sodat baie hul aan die byeenkomste onttrek het:

„Sit dan niet gelijk versuften;
Nadert uit uw beide kluften
Van de recht' en slinker zij,
Daar wij zijn in huis gekomen,
Of in schaduw van de bomen.
Nederzitten op een rij.

't Brengt genoegen en gewin toe.
Heeft er iemand nog geen zin toe,
Leid dien ook al zoetjes aan,
Dat hij 't eens komt zien en horen,
't Sal misschien hem zo bekoren,
Dat hij meermaals mee wil gaan."

In die gesang wat aan die wyk Het Loo gerig is, kry ons 'n paar trekke wat vermoedelik ons 'n beeld van die preek-metode van Sluiter skenk. Die digter gebruik vir die goddeloses en vromes die beeld van dode en lewende bome; hierdie beeld-spraak is uit die Bybel natuurlik oorbekend, maar hy verlewendig dit deur sy voorbeelde uit die onmiddellike omgewing te kies; hy verwys na die dorre bome, wat op een van die „brinke" (dorpspleine) staan, en na die weelderige groei van die bome langs die Berkel, die spruit wat deur Eibergen stroom:

„Zijt doch nimmermeer alzo
Op het Loo,
Als de dorre dode bomen,
Die daar op een brink nog staan,
Daar voortaan
Vrucht noch blad weer aan wil komen.

Maar zijt als een boom, geplant
Aan de kant
Van den Berkel, daar ter zijden,
Die zijn vrucht, in zijn saisoen,
Fris en groen,
Voortbrengt op bekwame tijden."

Hupsel was in die winter moeilik om te bereik: na afloop van die middaggodsdiens het die duister al spoedig ingeval en die paaie was amper onbegaanbaar. Die predikant was self nog wel bereid om soontoe te kom, maar sy geselskap, wat hom begelei op sy togte, het beswaar gemaak.

Mens vra hom self af, uit watter soort mense daardie „geselskap", waaroor Sluiter meer praat, eintlik bestaan het. Hulle het hom vergesel op sy wandelinge na die byeenkomste in die buitewyke. Was hulle kerkraadslede? Dis eienaardig dat ons nêrens iets oor ouderlinge of diakens hoor nie. In die min of meer feodale streek van Oos-Nederland, waar die predikante aangestel is deur die landadel, het die kerkraad heelwat minder betekenis gehad as in die weste. Dit is ook moontlik dat die „geselskap" van die predikant bestaan het uit gemeentelede uit die stad wat uit vriendskap vir die predikant, geesdrif vir sy werk, en lus tot sang hom begelei het, en dan tewens tot sy beskerming kon dien, wat by die toenmalige onveiligheid van die platteland seker geen oorbodige weelde was nie.

Hierdie vermoede word bevestig deur wat ons lees in verband met Holterhoek, die armste en agterlikste deel van die gemeente. Ook in die ander wyke was daar mense wat nooit skool gegaan het nie en daarom self die gesange van Sluiter

nie kon lees nie, maar in Holterhoek was dit die groot meerderheid. Daarom sê Sluiter in verband met sy bundel gesange wat hy aan Holterhoek aanbied:

„Kondt gij 't zelve niet verstaan,
Of niet lezen,
't Sal doch wezen
Tot bewijs aan ieder een,
Hoe 'k u hertlik min en meen.

Wat gij zelve niet en vat,
Zal de jeugd uit onze stad
U wel zeggen,
En uitleggen,
Zo gij mij en haar bezoek
Geern hebt in den Holterhoek."

Hier kry ons dus die volgende beeld: die predikant kom met 'n aantal van sy jeugdige vriende, vermoedelik katkisante en oud-katkisante, in die wyk versamel die mense onder die bome, en laat sy begeleiders tussen hulle plaas neem. Wanneer gesing moet word, lees die jong mense uit die stad dan aan die analfabete die reëls voor, en blykbaar maak hul ook gebruik van daardie geleentheid om hier en daar iets te verklaar.

Dit alles is inderdaad idillies en fris, hoogs verrassend vir iemand wat die kerkgeskiedenis net uit die gewone handboeke ken en moeg word van al die twiste en leergeskille. Hier het ons nou die veel gesmade sewentiende eeuse Calvinisme in sy gemoedelike Nederlandse praktyk: 'n predikant wat met sy jong vriende deur die akkerlande stap en in die verste uithoeke van sy gemeente deur onderrig, en veral deur sang, ook aan die mins ontwikkelde sukkelaars in 'n klei-hut 'n besef van hoër lewe bybring. Hier is geen sprake van die heerssug en ketterjaery, wat op die voetspoor van Vondel en ander digters so vaak as die kenmerkende eienskappe van die Calvinistiese predikante voorgestel word. Hier is niks anders nie as twintig jare troue diens aan 'n halfvergete agterafdorpie; twintig jaar van opoffering deur 'n man, wat blykens sy geskrifte ook sou kan skitter het deur wetenskap en woordepraal; twintig jaar van geloof, hoop en liefde.

Daarom behoort, as ons dink aan die verlede van die ou Moederkerk, nie maar net geharnaste stryders soos Bogerman of Voetius voor ons geestesoog te verrys nie, maar ook die eenvoudige stille werkers, wie se name amper of geheel vergeet is. Die belangrikste in die werk van die Kerk — en dit geld vir alle tye — is die werk wat sonder ophef verrig word in die gemeente, en waar die notule van kerklike vergaderings selfs nie van spreek nie. Wat die aandag trek op aarde, het gewoonlik ook net vir die aarde betekenis; maar werk van predikante soos Willem Sluiter dra vrugte vir die ewigheid.

A. VAN SELMS.

JODOCUS VAN LODENSTEYN.

Die mensdom verander geduriglik. Die geslag van die een eeu verskil van die geslag van die ander eeu. Ons praat so graag van „ons eie". Maar *wat* is „ons eie"? Elke tyd het sy eise, elke geslag het sy besondere geestesbehoeftes. Wat eie is aan die een geslag is heeltemal vreemd vir 'n ander geslag. Die kerkhervorming het 'n verandering in Europa gebring waardeur die sestiende eeuse mens losgemaak is van die gedagtewêreld van die middeleeue. Die sewentiende eeuse mens was weer 'n ander as die sestiende eeuse. Die agtiende eeuse mens het op sy beurt weer die sewentiende eeu losgelaat. En aan die einde van die agtiende eeu vind ons die Franse Rewolusie wat diep ingegryp het in die siel van die nasies. Wat voor die Franse Rewolusie lê is anders as wat daarop gevolg het. Ook ons volk is 'n voorbeeld daarvan. Die negentiende eeuse Afrikaander is 'n ander as die van die agtiende eeu. Ons kan nog die negentiende eeuse toestande in ons land aanvoel, maar met die agtiende eeu is dit moeilik. En aan die einde van die negentiende en in die eerste helfte van die twintigste eeu vind ons weer wêreldskokkende gebeurtenisse. In ons eie land het die Driejarige Oorlog van 1899-1902 'n algehele omkering teweeg gebring. Die tyd van die „Kruger-Republiek" is verby, onherroepelik verby. Dan kry ons die eerste en die tweede wêreldoorlog wat nie alleen die gedaante en die siel van Europa verander het nie, maar ons volk en ons volksiel 'n gedaanteverwisseling laat ondergaan het. Ons kan dit betreur, diep betreur maar aan die feit self kan ons niks verander nie. Dit is ook nie nodig nie. Hier op aarde is niks blywends nie, en dit is tog meer as lippe-taal as ons sing:—

Ure, dae, maande, jare
Vlieg soos skadu-drome heen,
En die wentelende jare
Gaar verganklikheid alleen;
Van ons ondermaanse swerwe
Bly geen spoor of teken staan;
Al wat word moet kwyn en sterwe,
Waar die tyd se weë gaan.

J. van LODENSTEYNS

"UYTSPANNINGEN,

Behelsende eenige

STICHTELYKE LIEDEREN,

En andere

GEDICHTEN.

Verdeeld in vier Deelen.

MET EEN

AANHANGSEL.

De achtste Druk verbeterd en vermeerdert.



TOT AMSTERDAM,

By de Weduwe BARENT VISSCHER, Boekverkoopster in de Dirk van Hasseltsteeg. 1721.
Met Privilegie.

Titelblad van die gedigte van J. van Lodensteyn.

II. DEEL. 150

Als het uw regt vierig wert.
Heyligt my//Heyligt my!
Ick moet Jesu, sijn als Gy.
Heyligt my/ etc.

HEERLYCKHEYDS LOFF.

Voyse: *Un jour &c.*

I.



I I.

Schoon en pracht is enckel schijn/ en
Ydelheyt al 't hoftelijck/
Lusten met 't gebruyck verdwijnen/
Goud en silver is maar stijck:
Daar 't hoftelijcke bloed

Daar

Gesang 43 soos dit in van Lodensteyn se gedigte voorkom.

Die Skrif leer ons tog ook duidelik dat „alle vlees is soos gras en al die heerlikheid van die mens soos in 'n blom van die gras. Die gras verdor en sy blom val af, maar die woord van die Here bly tot in ewigheid", 1 Petrus 1 vers 24 en 25. Daardie woord is in die verlede gespreek en in die hede. En daarom moet ons trots alle veranderings waardeur die hede onherkenbaar met die verlede gemaak word, tog onthou dat die hede uit daardie verlede gebore is, al was daardie verlede ook in baie opsigte ook so anders. En netso word die toekoms uit die hede gebore.

Die Woord wat in die verlede gebring is, is ewig en onveranderlik. In die verlede is 'n geestesbesit opgebou en tot nou toe bewaar, al besef ons dit nie. Dit is nie alleen die teenswoordige geslag wat uit geslagte van daardie vorige eeue stam nie, al ken ons die name van die voorouers ook nie, maar ook die geestesbesit het nie by die huidige geslag begin nie, maar is reeds deur vorige geslagte versamel, al dink ons nie daaraan nie. Daar was in die verlede verskillende persone wie se geestelike liedere die voorgeslag tot steun op hulle reis na die ewigheid was, en op twee van daardie persone word in hierdie uitgawe van ons Kerkalmanak die aandag gevestig. Hulle was altwee predikante in die Hervormde Kerk van Nederland in die sewentiende eeu. Altwee het godsdienstige liedere gemaak wat tal van herdrukke beleef het en baie gesing is deur die voorgeslagte, ook hier in Suid-Afrika, ook in die dae van die Groot Trek. En van hulle liedere word nog in ons kerke gesing omdat dit in ons Evangeliese Gesange opgeneem is. Hulle name was Willem Sluiter en Jodocus van Lodensteyn. Oor eersgenoemde skryf prof. dr. A. van Selms, en oor die tweede genoemde volg hier een en ander.

Jodocus van Lodensteyn is op 6 Februarie 1620 in die stad Delft in Holland gebore. Hy het uit 'n deftige geslag gestam, sy ouers was ryk mense, en hy kon hom vir 'n aansienlike loopbaan bekwaam wat hom ver in die wêreld sou bring. Maar hy wou predikant word, want die verkondiging van die Evangelie was vir hom die hoogste ideaal. Sy vader het hom na die akademie van Utrecht gestuur waar hy gestudeer het. Op 28 April 1642, is hy geëksamineer, en het hy sy proefpreek

gehou oor 1 Joh. 1 : 7 waarna hy toegelaat is om in die openbaar te preek. Maar sy vader het hom ook nog eers na 'n ander Universiteit gestuur, na Franeker, waar hy nog twee jaar gestudeer het. Hy was teologies dus wel onderleg toe hy op 28 Augustus 1644 as predikant van die Hervormde gemeente van Soetermeer en Zegwaart bevestig is. In 1650 het hy 'n beroep na Sluis aangeneem waar hy ruim twee jaar lank gebly het, want op 17 April 1653 is hy in Utrecht bevestig.

In Utrecht het hy 'n kring van professore en predikante gevind wat gelykgesindes was, 'n kring van piëtisties gestemdes. Dit was 'n vrugbare kring vir Lodensteyn se gees. Hy het al sy doen en late, sy denke en spreke, hierop gerig dat God alles is en die mens niks. Nederigheid was die grondtoon van sy optrede. In sy ete en drinke was hy matig, en hy het homself volkome beheers. Die stilte het hom aangetrek en daarom het hy buite die mure van die stad gewoon. In die eensaamheid kon hy hom die beste aan sy innerlike bepeinsing gee. Hy was 'n vroom iemand, en sy prediking het 'n diepe indruk gemaak, wat begryplik is as mens herinner hoe dogmaties spitsvondig, dor en droog daar in daardie dae meermale gepreek is. Hy het op waaragtige vroomheid en godsvrug en 'n heilige lewenswandel die nadruk gelê. Waaragtige bekering tot die lewende God het hy steeds beklemtoon. Sy gebed, die openbare gebed, het die gemeente laat saambid.

In die jaar 1672 was daar allerhande moeilikhede. Dit was die oorlogsjaar toe dit gesê is dat die regering radeloos was, die volk redeloos en die land reddeloos. Dit was 'n oorlog teen Frankryk en in die diepste grond het dit gegaan om die behoud van die Protestantisme. Utrecht is ook deur die Franse troepe ingeneem en die ou groot middeleeuse kerkgebou, die Utrechtse Dom, is van die Hervormde gemeente afgeneem en aan die Roomse gegee. Lodensteyn het onwrikbaar op sy pos gestaan. Deur die optrede van prins Willem III het die sake ten goede gekeer. Toe die Franse in November 1673 die stad weer verlaat het, het hulle dit egter nie deur die Franse soldate laat plunder nie, maar het 'n hoë bedrag van die inwoners geëis. By die aftog het hulle toe verskeie aansienlike persone van invloed waaronder ook Lodensteyn, as gyselaars

vir die bedrag saamgeneem en hulle in 'n fort opgesluit. Eers in Maart 1674 het hy weer in sy gemeente terug gekom, en kon hy sy werk as Evangeliedienaar weer doen.

Op 6 Augustus 1677 is hy oorlede. Op sy krankbed het hy getuig van die nabyheid van God en die besoekers vermaan en vertroos. En toe hy sterwende was het hy gevra, „is dit sterven?"

Lodensteyn het verskillende geskrifte nagelaat. Maar wat by ons ou mense in Suid-Afrika veral baie bekend was, was sy „Uijtspanningen", 'n bundel geestelike liedere wat met note uitgegee is en deur die ou mense baie gesing is. Vier van ons Evangeliese Gesange is van Lodensteyn, naamlik Gesange 21, 43, 62 en 68. In die Hollandse Gesangbundel moes dit gewysig word om vir die gemeentegesang geskik te wees. Die Afrikaanse teks het hierdie gewysigde vorm gevolg. Ons druk hier 'n portret van Gesang 43 af soos dit in die „Uijtspanningen" voorkom. Al die genoemde vier Gesange is 'n voorbeeld van die lewenswandel van Lodensteyn.

Die geskrifte van Lodensteyn word in ons land nie meer gelees nie, die „Uijtspanningen" nie meer gesing nie, behalwe die vier liedere wat in ons Gesange 'n plek gevind het. Maar tog was Lodensteyn se invloed ook in ons land sterk, tot op vandag toe is die stempel wat dit afgedruk het, nog nie uitgewis nie. Professor dr. de Vryer het ses jaar gelede 'n boek uitgegee oor „Schortinghuis en zijn Analogieën" waarin hy onder die analogieë, d.w.s. ooreenstemminge, ook Jodocus van Lodensteyn noem. Aan hierdie belangrike boek van professor De Vryer sou 'n hoofstuk toegevoeg kan word met die opskrif „Schortinghuis en Lodensteyn se Analogieë in Suid-Afrika" Ou Nederlandse skrywers soos á Brakel, Schortinghuis, Smytegelt, Petrus Immens, en digters soos van Lodensteyn, Sluiter, en Groenewegen het ons volk sterk beïnvloed, en dit is wenslik dat 'n studie gemaak word van die vraag watter godsdienstige lektuur die voorgeslagte gelees het, en wat die invloed daarvan was.

S. P. ENGELBRECHT.

DIE HERVORMDE STUDENTE KERK AAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA.

'n Beroep op ons Kerk deur die Kuratorium van ons Kerk.



Bykans 'n jaar gelede het die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, nadat die Kuratorium van ons Kerk op die ernstige en onmiddellike noodsaaklikheid daarvan gewys het, besluit tot die oprigting van 'n eie kerkgebou wat naby die Universiteit geleë sal wees met die oog op die geestelike versorging van ons studente. Vanselfsprekend egter kon die Kerk nie uit sy algemene kas 'n onderneming van etlike duisende ponde finansieër nie, daarom is besluit om by ons gemeentes, Sustersverenigings, Jongeliedeverenigings, afsonderlike lidmate en alle goedgesindes aan te klop. Ouderling H. Visser, lid van die Algemene Kommissie vir die Ring van Zeerust, was die eerste om 'n bedrag van £100 te skenk. Voortrekker Tehuis het gevolg met die gulle aanbod van die bou-perseel dig by die Universiteit. Ons studente self was onmiddellik geesdriftig vir die onderneming en het dusver op eie inisiatief 'n bedrag van bykans £500 ingesamel. n Algemene oproep aan ons gemeentes is ook met die daad beantwoord en ons kan met dankbaarheid vermeld dat daarop die oomblik ongeveer £1,800 gestem is. Ons Sustersverenigings en Jongeliedetakke het ook nie agterweë gebly nie en ook uit die oorde is flink gereageer. Laastens het die N.H.S.V. nog die kroon op alle pogings geplaas deur 'n insamelingsprogram van vyf jaar te loods wat jaarliks iets oor die £600 aan die Studente Kerk sal besorg vir die genoemde tydperk.

'n Besonder geslaagde bou-plan is in opdrag van die Studente Kerk-kommissie deur die argitekte Bosman en Neethling van Pretoria opgetrek en die bou-permit is reeds aangevra. Die verwagting is dat dit eersdaags toegestaan sal word.

Dit sal 'n dag van groot vreugde en dankbaarheid wees wanneer die Studente Kerk verrys as vrug van die gesamentlike inspanning van ons Kerk en as bewys van die Kerk se wil om sy studerende jeug na behore te versorg.

Op die oomblik studeer daar aan die Universiteit van Pretoria ongeveer driehonderd Hervormde studente. Met die ongeëwenaarde groei van hierdie grootste Afrikaanse Universiteit in die land, kan ons ook verwag dat die studente-tal van ons Kerk vinnig sal toeneem. Die taak van hul geestelike versorging is die taak van ons hele Kerk want ons studerende jeug is verteenwoordigend van bykans alle gemeentes van ons Kerk, uit die Kaap tot in Tanganjika. As hulle die Universiteit verlaat, toegerus en gevorm vir die lewe, moet hul 'n aanwins wees en 'n steun vir die Kerk. Dit is maar een van die redes waarom hulle nie tydens hul vormingsjare geestelik mag verkwyn nie.

Nie om kompetisie aan te wakker nie maar enkel om die verpligting van ons Kerk te onderstreep, wil ons hier vermeld dat die Verenigde Kerk nie alleen 'n Kerkgebou dig by die Universiteit beskikbaar het vir die versorging van sy studente nie, maar ook 'n voltydse studente-predikant; en op die jongste Sinodesitting van genoemde Kerk is ook aanbeveel om 'n tweede studente-predikant te beroep.

Tydens die jongste sitting van die Algemene Kerkvergadering te Pretoria, is met besondere belangstelling en algemene instemming kennis geneem van hierdie grootse onderneming van ons Kerk; die saak is deur die afgevaardigdes met lewendigheid

en in al sy aspekte bespreek. Die Kerk het in sy hoogste liggaam eenstemmig sy wil te kenne gegee om die Studente Kerk so gou moontlik te bou.

Langs al hierdie weë aangemoedig en onder die diepe besef van die brandende noodsaaklikheid om in die eerskomende jaar 'n begin te maak met die voorsiening in die geestelike nood van ons studente, doen die Kuratorium nou 'n beroep op al die gemeentes, al die instansies en al die lidmate en vriende van ons Kerk om dadelik en gul te help. Die gebou sal in die omgewing van £9,000 kos. Op die oomblik beskik die Kommissie wat daarmee belas is, oor £800 aan kontant en weet van toesegginge ten bedrae van £1,600; daar kom by die hulp-program van die N.H.S.V. wat ongeveer £3,000 sal lewer. Ons is dus seker van £5,400. Daar kom nog £3,600 kort. Die Kuratorium vra u om te help sodat ook hierdie laaste bedrag bygebring kan word. U kan die bydraes van u gemeente, u vereniging en van u persoonlik stuur aan mnr. J. H. Janson, die Administrateur, of direk aan die sekretaris van die Studente Kerkkommissie, prof. A. S. Geyser, p/a Universiteit van Pretoria.

U hulp is dringend nodig. Wat u doen, doen u in belang van u Kerk en u eie kinders.

Opgestel in opdrag van die Kuratorium van die Ned. Herv. Kerk en weens die afwesigheid van prof. J. H. Greyvenstein, die Voorsitter van die Kuratorium, onderteken deur die vise-voorsitter.

J. G. M. DREYER.



JOSINA VAN WARMELO.
Geb. Van Vollenhoven.

Oor die rol wat die Boerevrou in die geskiedenis van Suid-Afrika en in die besonder gedurende die Groot Trek gespeel het, is daar al baie geskryf. Maar van die vrouens wat van die buiteland af gekom het om saam met hulle mans predikants- of sendingwerk in die twee Boererepublieke te kom doen, is daar egter minder bekend. Een van hulle, wat huis en haard in Holland vaarwel gesê het om saam met haar man as predikantsvrou na die woeste en ongesonde Zoutpansberg toe te kom, was Josina van Warmelo, gebore van Vollenhoven.

Nadat ds. Nicolaas Jacobus van Warmelo alreeds sestien maande as prediker in Suid-Afrika werksaam was, het hy terug gegaan Holland toe om sy verloofde te gaan haal. In die begin was daar teëstribbelings van die besorgde moeder se kant, maar uiteindelik moes sy toegee en is „Ko" en „sien" in die huwelik bevestig. Op 1 Maart 1864 het hulle in Rotterdam van hulle familie en vriende afskeid geneem en op 12 April in Kaapstad aangekom. Vier dae later is hulle weer met 'n ander skip verder

Grafsteen van mevr. van Warmelo.

Durban toe, en daarvandaan na Pietermaritzurg, waar diaken Venter en sy vrou hulle met 'n paar ossewaens kom haal het Zoutpansberg toe.

Dit was 'n wonderlike ondervinding vir ds. en mevr. van Warmelo om met 'n ossewa so 'n lang reis te onderneem. Hulle het dit egter baie aangenaam en interessant gevind en op 6 Julie het hulle gesond en sonder enige teëspoed in Schoemansdal, destyds die verste voorpos van die blanke beskawing in Suid-Afrika, aangekom.

Dit was 'n groot dag vir die Zoutpansbergers, want sedert aanleg van die dorpie in 1848, was die inwoners nog altyd sonder 'n vaste predikant. Uiteindelik het hulle 'n eie leraar gehad wat hom ten volle met hulle lot sou vereenselwig.

Die Schoemansdallers het dan ook nie nagelaat om alle moontlike eerbewyse aan hulle predikant en sy eggenote te betoon nie. Daar was alreeds 'n pastorie en 'n kerk, sodat huisvesting geen probleem was nie, Aan geskenke in die vorm van

vleis, vrugte, groente en ander geregte, het dit die pastoriepaar nooit ontbreek nie. Telkens het ds. en mevr. van Warmelo in hulle briewe Holland-toe, vertel van die wonderlike liefde wat hulle in Zoutpansberg geniet het.

Die arbeidsveld was egter braak en daar was veel om onder die ruwe ou olifantjagters te doen. Ds. van Warmelo en sy vrou het uit die staanspoor besef dat hulle nie slegs met godsdienstige aangeleenthede kon besig wees nie, maar dat hulle ook vir die opvoeding van die jeug moes sorg. By gebrek aan 'n onderwyser het die dominee vir die kinders vanaf Maandag tot Donderdag, van om tienuur in die môre af tot om drie-uur in die middag, kosteloos in die kerk skoolgehou. Daarby het hy nog die gewone katkisasielesse ook waargeneem, terwyl sy vrou die dogters Vrydae vir naald- en borduurwerk geneem het. Op hierdie wyse het die jong paartjie saamgewerk om opheffingswerk in Schoemansdal te doen.

Mevr. van Warmelo was klein, onaansienlik en boonop sieklik. In daardie brose liggaam het egter 'n wakker gees gewoon, wat die liefde en respek van haar man en haar medemens afgedwing het. In sy briewe het ds. van Warmelo altyd van haar knapheid in die huishouding getuig, en het hy beklemtoon hoeveel sy vir hom beteken het.

Deur haar gemeentelede is sy op die hande gedra, hoofsaaklik omdat die pastorie tydig en ontydig vir iedereen oop gestaan het en hulle daar bemoediging en goeie raad kon kom kry. Sondae het sy nooit alleen kerk toe gegaan nie. 'n Rukkie voordat haar man moes loop, het een van die diakens of ouderlinge se vrouens haar by die huis kom haal en het na die diens weer saam met haar gekom. In die kerk het sy eerste, in die eerste ry, langs die vrou van die oudste ouderling gesit.

Mevr. van Warmelo was 'n fyn waarnemer en sonder haar briewe, waarvan gelukkig 'n hele aantal bewaar gebly en in besit van prof. dr. S. P. Engelbrecht gekom het, sou ons baie minder omtrent die maatskaplike lewe in Schoemansdal geweet het. Oor verskillende aangeleenthede, soos byvoorbeeld die pos, nagmaalsvierings, skoolsake, die dokter, kleredrag en dergelike onderwerpe, verskaf sy waardevolle in-



Grafsteen van mevr. van Warmelo.

ligting. Ook het sy met hoë lof van die Boerevrouens se bekwaamheid in die bereiding van voedsel en gebakke melding gemaak.

Die huweliksgeluk van ds. en mevr. van Warmelo was egter van korte duur. Die jaar 1864 was vir beide van hulle 'n betekenisvolle jaar, 'n jaar van kennismaking met 'n totaal nuwe land, nuwe lewensomstandighede en met mense wat 'n ander lewensuitkyk as hulle in Holland gehad het. Dit was 'n jaar van aanpassing. Hulle sou egter nie die geleentheid hê om saam wortel te skiet en hulle heeltemal onder die Schoemansdallers in te burger nie, want die dood sou te gou kom.

Op Vrydagmôre, 20 Januarie, het mevr. van Warmelo met 'n pyn in haar lyf opgestaan, maar nieteenstaande dit haar

daaglikse werksaamhede voortgesit. So teen twee-uur dieselfde middag het sy só sleg gevoel, dat sy verplig was om te gaan lê. Daar was tekens van dissentrie merkbaar. Die dokter is ontbied en hy het alles in sy vermoë gedoen om verligting te skenk. Twee dames van die gemeente, naamlik die weduwee van ouderling D. G. Grobler en mevr. van Rensburg het hulle welkome dienste aangebied en haar liefderik verpleeg. Daar was egter geen beterskap nie en haar toestand het iedere dag bedenkliker geword. Op Saterdagmôre om elfuur, die 28e Januarie, het sy die ewige rus ingegaan.

Onder blyke van groot belangstelling het die begrafnis die volgende dag om vieruur plaasgevind. Gedra deur die kerkraadslede het die stoet met die stoflike oorskot na die Voortrekkerkerkhof, waarin daar al soveel slagoffers van 'n ongesonde Zoutpansberg gerus het, voortbeweeg.

Die volgende Sondag het die hele gemeente kerk toe gekom. As teken van meegevoel met hulle herder in sy verlies, was die dames geheel in rougewaad gedos. Ds. van Warmelo het self die diens gelei en het as teks Psalm 39 vs. 10 geneem: „Gij hebt het gedaan."

Hierdie fynbesnaarde wese se gemoedslewe het 'n onherstelbare skok ondergaan. Daar het 'n eensaamheid en 'n groot leemte in sy siel gekom. Hy was 'n gebroke man. Boonop het hy nog die gevreesde malaria ook gekry en toe hy weer op was, het hy op 'n uitnodiging van ds. Smits, wat diep besorgd oor hom gevoel het, in Rustenburg gaan kuier.

'n Jaar later, nadat ds. van Warmelo vir byna twee maande uit sy gemeente vir 'n Algemene Kerkvergadering afwesig was, het die gemeente tydens sy afwesigheid die graf van sy eggenote opgemaak. Hiervan vertel hy aan sy moeder:

> „Toen ik te huis kwam, hebben de dorpelingen my eene verrassing bereid, die eene getuigenis aflegt van hunne oplettendheid en toegenegenheid, die men misschien niet hier zoude zoeken. Er was een gedenkteeken opgerigt op het graf van myne vrouw. Van steen opgetrokken, geheel witgepleisterd, in den voorgevel op eene zwarte zerk deze woorden alleen: Josina van Warmelo, van

Vollenhoven. Een metselaar was er voor aangenomen, en ieder had medegeholpen, en juist toen ik tehuis kwam, was het gereed. Eene heining van rozen is er rondom geplant, een treurwilg er voor. Ik was er zeer aangedaan over, en als een bewys hoe ook zy, de dorpelingen die haar het meeste gekend hebben, hare nagedachtenis willen vereeren en bewaren, acht ik het zeer hoog."

Na die verlating van Schoemansdal in 1867, het die kerkhof en die graftes heeltemal verwaarloos. Eers in 1917, dus presies vyftig jaar later, is daar deur die Schoemansdalse Dingaansfeeskommissie 'n reghoekige steenmuur om die ordelose hopies klippe, wat nie meer almal die juiste plekke van hulle graftes aangetoon het nie, gebou. Ook mevr. van Warmelo se graf was totaal verwoes, sodat daar in die hele kerkhof geen graf was wat van 'n steen voorsien was nie. In 1938, tydens die besoek van die ossewa, die Louis Trichardt, is kommandant-generaal Andries Hendrik Potgieter se graf opgemaak en van 'n ses voet hoë granietsteen voorsien. Vanjaar, op 7 Julie, gedurende die Eeufeesviering op Schoemansdal, is weer 'n grafsteen vir mevr. van Warmelo, wat deur die Kerkraad van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Louis Trichardt opgerig is, deur ds. Dreyer, van Potchefstroom, onthul. Op die grafsteen staan die volgende woorde uitgebeitel:

Ter herinnering aan
Josina van Warmelo
Geb. van Vollenhoven
Geb. te Rotterdam, Holland
Overl. 28 Jan. 1865
Echtgenote van ds. N. J. van Warmelo
Eerste Predikant van Zoutpansberg.
„Gij hebt het Gedaan."
Ps. 39 vs. 10.
Opgerig deur die Kerkraad van die
NED. HERVORMDE GEMEENTE LOUIS TRICHARDT.

Al was haar verblyf in Zoutpansberg van korte duur, sal die nagedagtenis van Josina van Warmelo in ere gehou word,

omdat sy haar ouerhuis vaarwel gesê het om liefdesdiens aan 'n wordende nasie, die Voortrekkers van Suid-Afrika, te bewys. „Groter liefde het niemand as dit nie, dat iemand sy lewe vir sy vriende gee."

(N.S.—Vir die opstel van hierdie artikel is hoofsaaklik van prof. dr. S. P. Engelbrecht se artikelreeks oor ds. N. J. van Warmelo, wat in die „Almanak van die Ned. Herv. Kerk" van 1943 tot 1945 verskyn het, gebruik gemaak.

J. B. DE VAAL.

Mijn lijdend hart blijv' hopen,
Blijv' hopen onversaagd!
Al spert zich d'afgrond open,
Schoon u de kommer plaagt,
God rukt u uit de zorgen:
Verwacht alleen Gods tijd,
En eerlang rijst de morgen,
Wiens licht uw ziel verblijdt.

Laat Hem besturen, waken!
't Is wijsheid wat Hij doet.
Zóó zal Hij alles maken,
Dat g' u verwondren moet,
Als Hij, die alle magt heeft,
Met wonderbaar beleid,
Geheel het werk volbragt heeft,
Waarom gij thans nog schreit.

JOHANNES CORNELIS COETZEE EN HENDRINA JOHANNA COETZEE (GEB. VAN DER MERWE).

Newensgaande is 'n portret van Johannes Cornelius Coetzee, die patriarg van Marico, en ouderling van die gemeente aldaar. Dit was sy derde vrou wat hier naas hom op die portret is. Sy eerste vrou was Helena Elisabeth, dogter van Jan Frederik Pretorius en Johanna Elisabeth Jacobs. Sy is op 18 Maart 1873 oorlede met die geboorte van die eerste kind wat ook met die geboorte gestorwe is. Sy tweede vrou was Elisabeth Willemina, dogter van Schalk Willem du Plessis en Maria Anna Elisabeth Grobler. Sy is op 9 Augustus 1879 oorlede en het twee kinders nagelaat. Sy derde vrou was Hendrina Johanna, dogter van Barend Jacobus van der Merwe en Hendrina Johanna Smit. Sy is op 15 Oktober 1901 in die konsentrasiekamp te Mafeking oorlede en het ses kinders nagelaat waarvan een, 'n dogtertjie van agt jaar, drie weke na die moeder ook in die kamp oorlede is.

Ouderling Coetzee, oom Hansie, soos hy in die Marico se wêreld algemeen bekend was, is daarna nog vir 'n vierde en 'n vyfde keer getroud, maar het by hierdie vrouens geen kinders gehad nie. In die geskiedenis van die gemeente Marico (Zeerust) wat ook in hierdie Almanak verskyn, word een en ander oor hom meegedeel. Hy was 'n patriargale figuur, van groot invloed in die gemeente, werd om sy nagedagtenis in ere te hou.

S.P.E.

DIE HERVORMDE TEOLOGIESE STUDIES.

Dit is nou al vier jaar dat die Teologiese professore van afdeling A van die Teologiese Fakulteit van die Universiteit van Pretoria 'n tydskrif vir die teologiese wetenskap uitgee. Hierdie tydskrif dra die naam van Hervormde Teologiese Studies, en dit voorsien in 'n behoefte wat reeds lank gevoel is. Die Nederduitsch Hervormde Kerk het in sy groei en ontwikkeling 'n stadium bereik waarop telkemale nuwe behoeftes gevoel word. Daar is vandag in die Kerk honderde lidmate wat in allerlei teologiese vraagstukke belangstel, vraagstukke wat uit die aard van die saak nie in die Hervormer behandel word nie. Maar dit word wel gedoen in die Hervormde Teologiese Studies. Die tydskrif wil in Suid-Afrika op die gebied van die teologiese wetenskap leiding gee, en dit het hierin uitnemend geslaag.

Die Teologiese professore van die Kerk, waarby ons prof. van Selms insluit, verdien die dank van die Kerk dat hulle die saak aangepak het en so 'n hoogstaande wetenskaplike tydskrif die lig laat sien. Dit is die eerste van sy soort in Suid-Afrika, en is van so 'n hoë gehalte dat hy ook in die buiteland 'n baie gunstige pers gehad het. Hiermee het ons Kerk 'n onderskeiding te beurt geval wat alleen ten goede kan wees. Hoewel die Ned. Hervormde Kerk maar klein is, wat lidmatetal betref, was die Kerk nog altyd daarvan bewus dat hy 'n roeping in Suid-Afrika het. By al die ooreenstemming wat daar bestaan tussen die Afrikaanse Kerke ten opsigte van belydenis ens., is daar tog ook sterk uitstaande verskille. Die Ned. Hervormde Kerk het sy spesifiek eie beginsel en beskouings wat teologies gefundeer is. Daarom dat die Teologiese beskouings van ons Kerk anders is as die van ons susterkerke. Nog altyd het ons Kerk dan ook gevoel dat ons ook hier 'n lig het wat ons moet laat skyn. Die staander waarop die lig kan geplaas word om te skyn sodat almal dit kan sien, het nog altyd ontbreek. Ons lig was dus nog altyd enigsins onder 'n koringmaat bedek. Nou is die staander daar en kan die lig skyn. Die tydskrif kan dus aanspraak maak op die stem van die Kerk. Nooit mag ons

toelaat dat dit deur gebrek aan morele en finansiële steun van die kant van die Kerk gestrem word nie. Dit sou 'n verwyt teen ons word. Laat al ons gevorderde lidmate daarom inteken. Ook kerkrade kan inteken. Predikante behoort vanselfsprekend in te teken. Deur dit te doen en soveel moontlik die tydskrif te steun, sal ons die boodskap wat ons Kerk het, help uitdra in ons land. Wat help 'n boodskap wat deur niemand gehoor word nie. 'n Kerk wat stom is, moet noodwendig ondergaan.

A. OOSTHUIZEN.

WEET U DAT DIE HERVORMDE TEOLOGIESE STUDIES

* die enigste teologies-wetenskaplike tydskrif in ons land is?
* in 'n lang gevoelde behoefte voorsien vir die ontwikkelde lidmaat sowel as vir die teoloog?
* een van die min dinge is wat u nog teen kosprys kry omdat die uitgewer en die redaksie alle werk daaraan verbonde kosteloos verrig?
* in die vier jaar van sy bestaan nie alleen roem in Suid-Afrika verwerf het nie maar ewe-eens hoë lof ontlok het aan wetenskaplikes in Europa?

As u op hoogte wil bly met die gang van die Reformatoriese Teologie in ons land en elders, moet u die Hervormde Teologiese Studies lees. Dit verskyn per kwartaal en beslaan telkens 48 bladsye. Dit kos slegs 15/- per jaar. As u nog nie daarop ingeteken het nie, vul onderstaande vorm in en stuur dit aan die uitgewers. As u dit reeds ontvang, interesseer dan u vriende en kennisse daarvoor.

Aan die firma J. H. de Bussy,
Posbus 460,
Pretoria.

Waarde Heer,

Ingeslote die bedrag van .....

as intekengeld vir .....jaargang(e)
van die Hervormde Teologiese Studies.

Naam .....

Adres .....

HET JY GEWEET?

Het jy geweet dat jy moet sterwe
na die lewe hier benede?
Dat jy na goed en kwaad sal erwe
wat jy verdien het in verlede?

Is jy gewillig en bereid
om alles hier vaarwel te sê,
Alles, liefde, haat en nyd,
jou taak en roeping neer te lê?

Kan jy o mens dit ook verdra
dat wat joue is tot niet mag gaan?
Sal jy ween en sal jy kla
as jy dit so moet gade slaan?

Is jy bereid vir daardie dag
om voor die Regter-stoel te staan?
En daar die uitspraak dan verwag
waar jy vir altoos heen moet gaan?

Is jy bewus van daardie nag
wanneer jy alleen moet stry?
As jy daar in jou sterwensklag
moet uitroep: Alles is verby!

As jy die laatste traan dan ween
waar jy die jongste snik ook gee,
en alles nag word om jou heen,
Sal God die trane ook afvee?

Nog staar jou oë oor verlede
wat pas nog maar die toekoms was.
Ongemerk kwyn ook die hede
heen, waar dit in die lang ry pas.

Helaas sal vir jou liggaam wag
'n kille, koue graf gegrou,
Waar troue vriende daardie dag
die laatste monument sal bou.

Oral bly daar tekens staan
langs die kronkel pad van smart.
Waar daar dikwels stil 'n traan
reeds gevloei het uit jou hart.

M. C. VAN STADEN

DIE GEMEENTE MARICO.

Die Oudste Bewoners.

Die bodem van Transvaal is gedrenk met die bloed van die verskillende Naturelle-stamme, en as die Witman nie bytyds op die toneel verskyn het nie, sou dit nog veel erger gewees het. Ook in die Marikose wêreld was oorloë en bloedvergieting aan die orde van die dag. Die naam *Mariko* getuig al hiervan. Sommige lei dit af van die Bahroetsi-woorde *mari* bloed, en *ko*-daar. As hierdie verklaring reg is, beteken Mariko dus *daar is bloed*. 'n Ander verklaring is dat dit van 'n Betsjoeana woord madikwe afgelei moet word wat beteken *plek van aanval deur 'n oormag*. Die inboorlinge sou dan eenkeer deur ander kaffers op die walle van die rivier vasgekeer gewees het en daarom aan hierdie rivier die naam *Madikwa* of *Marikwa* gegee het, wat nou die vorm van Mariko aangeneem het en die naam van die distrik geword het.

Die Bahoeroetsi Kaffers het hulle omtrent 'n eeu voor die Matabelies in Mariko gevestig. Hulle hoofvesting was 'n kop naby Enselsberg. Dit was 'n groot en sterk stat met 'n sestien-duisendtal inwoners. Omstreeks 1823 het die Makatesi wat vir die Soeloes van die Drakensberge af gevlug het, in Mariko gekom. Hulle het ongeveer 'n veertigduisend getel, en het op hulle beurt weer die Bahoeroetsi op verwoede wyse aangeval en beroof en verdryf. Die Bahoeroetsi het hulle toe te Mosega, die teenswoordige Zendelingspost, gevestig. In 1832 het die Matabelies onder Silkaats hul verskyning gemaak, en die Bahoeroetsi moes toe verder weswaarts vlug.

In die twintiger jare het verskillende sendelinge in Mariko deurgedring, en in 1836 het drie Amerikaanse Sendelinge, Daniël Lindley, dr. A. E. Wilson en H. L. Venable hulle te Mosega (Zendelingspost) gevestig.

In Oktober 1836 het die Matabelies die Voortrekkers by

---

* Herdruk van 'n brosjure wat in 1946 verskyn het. Hierdie herdruk is wenslik geag om sodoende in wyere kringe in die Kerk bekendheid te gee aan hierdie ou gebeurtenisse. De voetnote is weggelaat.

Vegkop in die Vrystaat aangeval. Dit was 'n slag van groot betekenis, beslissend, ook vir die geskiedenis van Mariko. 'n Handjievol Boere het 'n kaffermag van duisendes verslaan. In Januarie 1837 het Potgieter die magte van Silkaats in 'n strafekspedisie op Mosega aangeval en verslaan. Die sendelinge se lewens het in gevaar geraak, en hulle is toe saam met die Boere-kommando terug. In Oktober en November van dieselfde jaar het 'n tweede strafekspedisie teen die Matebelies plaasgevind. Die Boere het Mosega in 'n verlate toestand aangetref, en hierdie keer het hulle Silkaats in sy hoofstad Kapain aangeval en hom totaal verslaan, en deur die Tweede- en Derdepoort noordwaarts verdryf.

Hierdie gevegte in die Marikose wêreld het die toekoms van Transvaal beslis. Die kaffermagte is daardeur gebreek en die land ten Noorde van die Vaalrivier was vir die Witman oop, en 'n christelike beskawing kon daar geplant word.

Die dele van Transvaal waar die Voortrekkers hulle die eerste gevestig het, was Potchefstroom en Magaliesberg. Aan 'n bewoning van die Mariko-streek is in die begin nie gedink nie. In die jaar 1845 het daar 'n groot verskuiwing van die bevolking ooswaarts plaasgevind met Ohrigstad as nuwe middelpunt. Maar die moeilikhede daar was vele, en veral in 1846 was dit baie akuut. Hendrik Potgieter het toe met sommige van sy aanhangers na Zoutpansberg verhuis, terwyl baie ander weer terug is na Potchefstroom en Magaliesberg. Verskillende mense het toe Mariko ingetrek. Hulle getalle is deur verskillende families versterk wat na die slag van Boomplaats in 1848 na Transvaal gekom het. Onder hierdie mense was o.a. Jan Viljoen en Adriaan Stander, altwee Boereoffisiere. In 1850 en 1851 was sommige dele van Mariko al selfs vir daardie dae dik bevolk. Ons tref dan al verskillende bekende families daar aan soos Snyman, Viljoen, Roos, De Beer, Van den Berg, Botha, Breytenbach, Oosthuizen, Lehman, Engelbrecht, van Wyk, Buys, Grobler, Labuschagne, Basson, Smit, Marnewek, Van der Merwe, Riekert, Joubert, Enslin, Pretorius, Naudé, Meintjies, ens. Op memories van daardie dae vind ons ook die name van C. J. Joubert, die latere bekende ouderling van Witfontein; P. J. Joubert, die latere

Kommandantgeneraal; Adriaan Stander na wie Standerton in 1879 genoem is; P. E. Scholtz; persone wat destyds in Mariko gewoon het maar later weer weggetrek het.

Die Vroegste Kerklike Toestand.

Op 14—18 Desember 1849 het ds. A. Murray van Bloemfontein wat toe op 'n herderlike besoek in Transvaal was, in Swartruggens op die plaas van D. Roberts kerkgehou, waar verskillende persone uit Groot Mariko aanwesig was, en toe ds. Murray 'n jaar later weer in Transvaal was, het hy in Mariko self kerkgehou en daar sestig kinders gedoop en vyftien jongmense aangeneem. Maar daar is egter geen nagmaal bedien nie. By hierdie geleentheid is drie plaaslike kerkraadslede vir Mariko gekies, naamlik G. N. Mokke as ouderling, en Nikolaas Roets en C. J. Grobler as diakens. Maar of hulle ook as sodanig bevestig is, blyk nie, ook nie of dit die bedoeling was dat hulle deel van die Kerkraad van Potchefstroom of van Magaliesberg sou uitmaak nie, want in die kerkraadsnotule van hierdie gemeentes kom daar niks van voor nie. Hulle verdwyn dan ook as kerkraadslede, terwyl Mokke reeds binne 'n jaar oorlede is.

In April 1852 het ds. A. Murray en ds. J. H. Neethling weer in Mariko kerkgehou.

Die Jerusalemgangers.

In daardie dae was daar in Mariko 'n sterk sektariese neiging onder 'n bepaalde groep mense, en hulle het 'n afsonderlike party gevorm. Aan hulle hoof het Johan Adam Enslin gestaan. Hy was vroeër 'n algemene handelaar in die Kaap, waarskynlik wat mens in daardie dae 'n smous genoem het, en het in 1846 in die Vrystaat in die distrik Winburg gewoon waar hy as „die profeet" bekend was. Hy het hom na die anneksasie van die Vrystaat op Meseg gevestig en die berg word vandag nog na hom *Enselsberg* genoem. Ds. A. Murray het in 1849 met hulle in aanraking gekom en die volgende beskrywing gegee:

> Ongelukkig was er van de Morikwa een klein getal, dat met de prediking niets te doen wilden hebben. Zij zijn degenen, die op weg zijn naar Jeruzalem en hunne tegenwoordige woningen slechts als een rustplaats beschouwen op den weg daarheen. Uit een ontmoeting, die ik later met deze lieden gehad heb, heb ik hunne gevoelens wat nader leeren kennen, en ik moest mij bedroeven over de jammerlijke verdraaiing der Heilige Schrift, en voornamelijk der Profetieën, waardoor zij hunne gevoelens verdedigen. En gelijk maar al te dikwijls het geval is, heb ik vernomen, dat eenige dezer lieden zich aan de vreselijkste dwalingen overgeven, want schoon zij den Bijbel gedurig in de hand en in den mond hebben verachten zij geheel deszelfs eerste en hoogste geboden, en sommigen zijn er, die beginnen te zeggen, dat al hun Godsdienst ijdel is, daar hunne zaligheid toch van de voorverkiezing des Heeren afhangt.

In 1850 het ds. Murray met sy besoek in Mariko nader met hulle in aanraking gekom, en 'n verdere beskrywing van hulle gegee[7]):

> Er is een klein aantal, dat zich als het heilig volk des Heeren wil voorgeven, dat, wegens de verbastering der Kerk, in die woestijn is gevlugt, om nog eenmaal naar het Heilige land de reize aan te nemen, en zij hebben mij, na voorafgaand onderzoek, niet kunnen goedkeuren, en wel daar ik nog onder het Engelsche Gouvernement (den Antichrist, een van de hoornen van het beest, enz.), ben, mogt men mij niet hooren, en hadden zij het kunnen doen dan hadden zij mij gaarne willen doen terugkeeren. 's Maandags verzochten zij de gelegenheid, mij in het openbaar te spreken, ten gevolge waarvan velen van de dwaasheden hunner meeningen overtuigd werden, schoon zij voor weinig overtuiging vatbaar zijn. De kerk hebben zij niet willen bijwonen, en den Doop ook niet aan de kleinen laten bedienen.

Hierdie mense het ook in die daaglikse lewe afgesonderd van die ander mense gestaan. Hulle kommandant was die reeds genoemde J A. Enslin, maar die res van die bevolking van Mariko wat in die meerderheid was, het besware teen Enslin gehad en daarom dan ook op 21 Maart 1850 aan kommandantgeneraal Andries Pretorius geskryf dat hulle rege-

ringloos was, dit wil sê sonder 'n plaaslike voorman en bestierder, en gevra om in Mariko orde op sake te kom stel. Pretorius is daarheen en het op 15 April 'n vergadering gehou waar die publiek toe Adriaan Stander as kommandant gekies het, en ook 'n paar veldkornette en assistent-veldkornette. Enslin en sy mense wou niks met hierdie verkose persone te make gehad het nie, en het aan die Volksraad geskryf dat hulle hul nooit aan Pretorius sou onderwerp nie. Hulle het ook geweier om die landdros van Potchefstroom, die heer H. S. Lombard, se jurisdiksie te erken. En toe een van die veldkornette probeer het om Enslin tot ander gedagte te bring, het hy 'n brief terug geskryf waarin hy Pretorius vergelyk het met die draak van Openbaring 12 vers 4, wat nie sal ophou voordat hy die derde deel van die sterre op die aarde gewerp het nie. Toe die Volksraad in Januarie 1851 op aanbeveling van die krygsraad besluit het om vier kommandantgeneraals in te stel, is Enslin as een van die vier benoem vir sy klompie mense, wat ten enemale nie Pretorius as kommandantgeneraal wou hê nie. Die groot meerderheid van die inwoners van Mariko het egter onder Pretorius bly behoort.

Enslin het teen Pretorius bly agiteer, en op 3 September 1851 voor die Hof van landdros en heemrade op Potchefstroom 'n eis teen hom ingestel. Enslin het egter die saak verloor en die Hof het hom veroordeel om die koste te betaal. Hy wou dit nie erken nie en wou somaar wegry, maar die veldkornet het hom gekeer en na die landdroskantoor terug gebring, waar hy „als een razende vloekte" en die hele Hof vir meinedigers uitgemaak het. Dit het nog verdere onstigtelike tonele veroorsaak, waarop die Hof hom tot nadere goedkeuring van die Volksraad as kommandantgeneraal geskors het, en hom vir sy „verregaande moedswil" met driehonderd Ryksdaalders beboet het, of één maand burgerarres. Hy het geweier om hom te onderwerp, waarop die vonnis in werking gestel is, en hy gearresteer en in burgerarres geplaas is.

In die somer van 1851 en 1852 het die koors hewig gewoed, en ook Enslin met verskillende van sy volgelinge het daaraan beswyk, sodat die Jerusalemgangers as groep nie meer mee getel het nie. En toe ds. J. H. Neethling in Mei 1852 met ds.

A. Murray in Mariko kerkgehou het, het hy die volgende oor hulle in sy reisverhaal meegedeel:—

> Het huisgezin van Jan Enslin, het hoofd van een fanatische party, die ik ook wel *Jeruzalem-gangers* heb hooren noemen, was nagenoeg uitgestorven, en vele zochten thans den troost des Evangelies, die eenige tijd geleden weigerden naar hetzelve te hooren. Doch ook nu waren eenige huisgezinnen weggebleven,—schoon zelfs de kinderen van de „profetes" dier gewesten hunne kleinen ten doop kwamen aanbieden; en een paar ons gulhartig beleden, hoe het hun smartte, dat zij zich vroeger ook hadden laten medeslepen. De partij, waarop ik doel, schijnt bij den dood harer aanvoerders uitgestorven te zijn. De overgeblevenen zijn alle bezitters van plaatsen. En bij de jongelieden schijnt er eene vaste overtuiging te zijn ontstaan, dat het plan om naar Jeruzalem over land te gaan, als hopeloos moet worden opgegeven. Het was een mijner vragen op de aanneming: „Waar is Jeruzalem? Kan men van hier, over land, daarheen reizen?" Lachtend antwoordde een der jongelieden: „Mijnheer! hij komt in de vliegen."

Die gedagte om met die ossewa na Jerusalem te trek is egter nie dadelik opgegee nie. In 1855 het 'n Nederlander, K. J. de Kok, in Rustenburg gekom en daar nog van hierdie mense teengekom en later een en ander daarvan meegedeel. Toe hom spoedig na sy aankoms gevra is hoe ver Jerusalem van Rustenburg lê, het hy op 'n muur 'n kaart van Afrika met die aangrensende Asië geteken en daarmee duidelik gemaak dat Jerusalem sewe of agt keer so ver was as Kaapstad van Rustenburg, en aan die mense vertel van die moeilikhede van riviere, klimaat, bosse, moerasse, tetsevlieg, ens., en ook op ander moeilikhede gewys. Hy het later meer van die beweging gehoor, ook hoe dat Enslin die voorman van die groep was, en hy vertel van 'n sekere weduwee Gouws wat reeds haar wa en osse en padkos vir die reis klaargemaak het. Hy sê ook dat die dood van Enslin 'n end aan die plan gemaak het.

Met die koms van ds. D. Postma het oorblyfsels van hierdie Jerusalemgangers hulle by die deur hom gestigte Gerefor-

meerde Kerk aangesluit[1]), en hulle kinders deur hom laat doop. So is op 27 Februarie 1859, met die eerste doopbediening van die Gereformeerde Kerk deur ds. Postma op Rustenburg 'n kind van Enslin gedoop wat byna tien jaar oud was, twee kinders van 'n seun van hom waarvan die oudste ses jaar was, 'n kind van 'n ander seun van hom wat meer as 'n jaar oud was, en drie kinders van 'n dogter wat respektiewelik vyf en 'n half jaar, vier jaar en twee jaar was.

Die Jare 1853—1871.

Die koms van ds. Dirk van der Hoff as eerste predikant van Transvaal in 1853 het vir die Kerk in Transvaal baie beteken. Ook vir Mariko. Daar kon nou 'n betere bearbeiding plaasvind en 'n begin gemaak word met die kerklike organisasie. Ds. Van der Hoff het reeds in Desember 1853 in Mariko kerkgehou. Kerkraadslede het hy daar nie aangetref nie. Van die drie persone wat in 1851 as sodanig gekies is, was ouderling Mokke reeds binne 'n jaar oorlede, terwyl N. Roets en C. J. Grobler nog in April 1852 met die kerkviering behulpsaam was, maar ons hoor daarna nie meer van hulle nie. Daar is toe met die eerste besoek van ds. Van der Hoff drie ander persone gekies, G. C. Snyman as ouderling en P. van der Berg en C. J. Joubert as diakens, en van toe af vind ons vry gereeld kerkraadslede uit Mariko op die Algemene Kerkvergadering. In die jare 1854 tot 1869 was dit die volgende:—

1854: Oud. G. C. Snyman; diak. P. v. d. Berg, diak. C. J. Joubert.
1855: Oud. G. C. Snyman.
1856: Oud. G. C. Snyman; diak. C. J. Joubert, diak. J. L. Buys.
1857: Oud. G. C. Snyman.
April 1859: Oud. G. C. Snyman; diak. R. Grobler; diak. F. J. Joubert (Vaal Frans).

[1]) In die Kaapstadse koerant De *Zuid Afrikaan* van 7 April 1859 skryf 'n korrespondent uit Pretoria dat onder diegene wat by ds. Postma aangesluit het ook mense is „die nog droomen van een trekken naar Jeruzalem, in den waan verkeerende, dat zij de eigenlijke Israelieten zijn die Jeruzalem moeten gaan herbouwen!"

Sept. 1859: Diak. F. J. Joubert.
1863: Oud. F. J. Joubert.
1864: Oud. F. J. Joubert.
1869: Oud. F. J. Joubert.

Ds. Van der Hoff het gewoonlik jaarliks Mariko besoek, en dan op verskillende plekke kerkgehou. Daar het met die verdwyning van die Jerusalemgangers 'n grotere eenheid en rus gekom, wat egter in die begin van die sestiger jare weer gesteur sou word.

Soos reeds gesê het die oorblyfsel van die Jerusalemgangers hulle by die Gereformeerde Kerk wat deur ds. Postma gestig is, aangesluit. Jan Viljoen wat met die ou moeilikhede in Mariko goed bekend was, het onrustig geword, en op 15 Maart 1859 het hy aan president M. W. Pretorius geskryf:—

> Nu er de scheuring in de kerk plaatsgevonden heeft, wordt de ontstuimigheid grooter, te meer daar Postma het gewaagd heeft deze wijk te bezoeken, dit heeft de grootste ontstuimigheid verwekt, zoodat ik genoeg te doen gehad heb, om het publiek te keeren; maar nog is alles wel afgeloopen, zoodat hier nog goede order en wet heerscht.

'n Paar weke later, op 23 April 1859, het hy weer aan die President geskryf en sy teleurstelling te kenne gegee dat hy verhinder was om na Potchefstroom na die Algemene Kerkvergadering te gaan „om deze ongelukkige skeuring te helpen heelen, die plaatsgevonden heeft in onze kerk." Hy het verder in dieselfde brief geskryf:—

> Hoe ik de zaak met Dirk Postma beschouw, zoo voorspel ik mij niets goeds, indien de zaak nu niet geheeld wordt, maar dat er een religie oorlog onder de Emigranten zal ontstaan, die het verschrikkelijkste van alle kwaad is die deze Republiek kan overkomen. Daarom is het mijn vurigste wensch en onderdanige bede, dat U. H. Ed. toch alles aanwende om deze ramp voor te komen.

Toe ds. Postma in Julie 1862 aan die Uitvoerende Raad 'n brief skryf waarin hy aan die hand gee om die Staatskerk af te skaf, het Jan Viljoen skerper in sy houding geword, en toe gerugte versprei is dat Paul Kruger die Gereformeerde Kerk tot Staatskerk wou verhef, het hy gemeen dat hy daadwerklik

moes optree om die Hervormde Kerk te beskerm. In Desember 1863 het hy met sy mense Paul Kruger, wat met sy kommando in Potchefstroom was, oor die Vaalrivier verdryf. Op 9 Januarie het hy as Fungerende Kommandantgeneraal die volgende waarskuwing aan die publiek en die offisiere in die leër van Kruger gerig.

Eerstelijk wordt een ieder lidmaat van onze Nederduitsch Hervormde Kerk en geloof, voor de laatste maal gewaarschuwd en vriendelijk vermaand, dat die zich niet wil stellen, om tegen onze Kerk, Staat en Geloof te strijden, en alzoo niet willig is om onze Staat tot verwoesting te brengen onverwijld het lager zal verlaten, overeenkomstig onze vroegere proclamatie, wordt hun dan nogmaals, de mogelijke vrijheid gewaarborgd die hieraan gehoor geven.

2de: De leden der gemeente tot de leer en Kerk van Ds. Postma behoorende, worden gewaarschuwd, onmiddellijk aan onze proclamatie te voldoen, onder waarborg aan hen, die onmiddellijk het lager verlaat, dat hun alle regten volgens *Grondwet* toebehoorende zal geschieden.

Wat ook al die oorsake van die burgeronluste van die jare 1862-64 was, Jan Viljoen en sy mense het dit gesien as die gevolg van die kerkskeuring van 1859, toe die Gereformeerde Kerk in 1868 teen ds. Frans Lion Cachet aangeneem het toe laasgenoemde met die stigting van die Ned. Gereformeerde Kerk 'n tweede afskeiding en 'n nuwe kerkskeuring bewerkstellig het. Jan Viljoen was gedetermineerd om te verhinder dat ds. Lion Cachet sy skeuring ook na Mariko moes voortplant, want hy was bevreesd vir 'n herhaling van 1862-1863 toe daar broeder-bloed vergiet is.

Ds. F. Lion Cachet het in 1868 met twee proponente uit die Kaapkolonie Transvaal deurkruis om sy kerklike afskeiding te bevorder. Hy het ook na Mariko gegaan om te sien of hy nie ook daar volgelinge kon kry nie om 'n gemeente te stig. Die pad het langs Groot Marico gegaan waar die heer Frans Joubert, 'n baie invloedryke persoon en 'n groot kerkman wat bekend gestaan het onder die naam Vaal Frans, hom met ander mense te perd voorgestaan het om te belet dat hy in Mariko

ook 'n kerkskeuring sou veroorsaak. Ds. Cachet het dit gehoor en het toe 'n ander pad geneem waar hy egter weer deur Jan Viljoen voorgekeer is, wat die volgende brief aan sy wadrywer gestuur het:—

Groot Marico 1868, den 12 Augustus.

Mijnheer J. Bleggenhoud,

Vernomen hebbende, Dat U weg is om de Heer Cazet af te halen om alhier kerk te houden. Uit wien hebt Gij de Regt gekrijgen om Predikanten hier te bringen en mijn wijk zonder kennis of order? Nu mijn Heer ik zoude U Raden als een Vriend om de heer Cazet op ontfangs dezer weder terug te bringen om alle onaangenaamheden voor te komen. Ten Slotte het zal niet toegelaten dat hier zal kerk gehouden worden door den Heer Cazet in mijn wijk.

U vriend,

J. W. Viljoen,

Commandant Marico.

Toe ds. Cachet dit lees het hy gelag, en gesê: „Jan Viljoen is gek. Ik zal kerk houden waar ik wil." Kommandant Viljoen het toe by Marikosdrift persoonlik by hom gekom en hom probeer dwing om terug te gaan. Maar dit was verniet. Hy het hom toe die volgende brief gestuur:—

Groot Marico den 12 Augustus 1868.

WelEdele Heer Cazet,

Zooals ik gezegd heeft ik hoop U.E. zal mij niet verder moeilijkheden aandoen zoo als u gedaan hebt. Zoo als ik gesegt heeft daar sterf ik bij. Zoo gelas ik UE. om dadelik terug te gaan.

U Vriend,

J. W. Viljoen,

Commandant Marico.

Ds. Cachet en die heer Jooste, een van die proponente wat hom vergesel het, het toe stilletjies in die nag te voet na die huis van 'n sekere Snow gegaan waar hy kerk bestel het. Toe kommandant Viljoen die volgende dag daarvan hoor, het hy hulle agternagesit en met geweld gedreig om ds. Cachet te belet om kerk te hou. Dit het nie gehelp nie. Die volgende

dag het ds. Cachet met sy wa, wat hom intussen ingehaal het, verder gegaan, en op Kwaggafontein het kommandant Viljoen met sy seun Petrus en 'n sekere Erasmus by hom gekom. Hy het geweier om terug te gaan, waarop die kommandant hom met die sambok twee houe op die linker skouer gegee het, hom 'n hele ent laat wegbring het, en hom op hierdie manier belet het om in Groot Mariko die gemeentelede te skeur. Ds. Cachet het verder gegaan en in die suidelike deel van Mariko 'n klein gemeentetjie gevorm wat later met geldelike hulp uit die Kaapkolonie op Jacobsdal 'n kerkie gebou het.

In daardie dae toe die Hervormde Kerk die Staatskerk was, het die gemeentes dieselfde grense gehad as die distrikte. Daar Mariko 'n deel was van die distrik Potchefstroom, het dit dus kerklik 'n deel van die gemeente Potchefstroom gevorm. Ds. Van der Hoff het Mariko jaarliks besoek en op verskillende plekke kerk gehou.

Die behoefte aan 'n dorp is al vroeg gevoel en reeds in 1858 het Diederik J. Coetzee sy plaas Nooitgedag as dorp aangelê, maar dit was nie 'n sukses nie. Casper H. Coetzee het omstreeks 1864 op sy plaas Hazenjacht 'n groot skansmuur deur Walter Seymore laat bou. Hy sou aan Seymore drie plase as betaling gee. Die skansmuur moes van leiklip gemaak word met skietgate ses voet van mekaar en boogingange en verwelwe van stene en afdakke as skuiling. Die bedoeling was om dit met kafferaanvalle deur die blanke bevolking te laat gebruik. Binne-in die skans moes dan 'n kerk gebou word. Maar Casper Coetzee is op 27 Mei 1865 oorlede en die skansmuur was nog nie klaar nie en die verdere bou is gestaak terwyl Seymore vir die werk wat hy reeds gedoen het, betaal is.

Die Coetzee-familie wat verskillende vertakkings het, het in die begin van die vyftiger jare Mariko ingetrek. Van hulle was Casper Hendrik blykbaar die rykste. Met sy dood het hy nie minder as vyftien plase nagelaat, nl. Hazenjacht, Silkaatskop, Grootvallei, Ontevreden, Rykvoorby, Kalkdam, Wagendrift, Kleinmarikospoort, Bultfontein, Doornplaat, Weltevreden, Karreebosch, Strydfontein, Rooikoppiesfontein, en nog 'n plaas aan Malopo. Sy weduwee, Martha Hendrina Willeman, en sy drie kinders — twee dogters en 'n seun — het ieder drie plase

gekry; die seun was Johannes Cornelis Coetzee, geb. 22 Maart 1852, en in later jare die bekende aartsvaderlike ouderling van die gemeente: sy naam sal nog meermale genoem word. Die drie ander plase van Casper Hendrik Coetzee, nl. Hazenjacht, Kleinmarikospoort en Kalkdam, is uit die boedel deur sy swaer, die reeds genoemde Diederik Coetzee, gekoop, en met die koopsom is sekere skulde vereffen, waarskynlik die som waarvoor Seymore die skansmuur gebou het. Diederik Coetzee het toe op Kleinmarikospoort gaan woon. Hy het Hazenjacht in 1867 as dorp uitgegee met die naam Zeerust, dit wil sê Coetzeesrust, na Casper Hendrik Coetzee, die vroeëre eienaar wat daar begrawe lê. Daar is kort daarop 'n begin gemaak met die bou van 'n kerk. Die bouer was die reeds genoemde Walter Seymore terwyl Mathys Benade die grasdak opgesit het. Die hoeksteen is in 1869 deur ds. Van der Hoff gelê. Die kerkplein was 'n geskenk van Diederik Coetzee, en op 2 Februarie 1870 het hy met sy vrou die volgende skenkingsakte onderteken:—

> Het is hiermede kennis aan allen en een ieder die het moge aangaan dat de ondergetekende Diederik Jacobus Coetzee en Maria Isabella Coetzee bijde hunne hoedanigheid als wetig en gemeenschappelijke egtgenoten op hunne vast Eyendommen beraadslagen, zooals zij bij deze doen en overeen zijn gekomen om eenen gescheynk te gefen aan de Nederduits Hervormde Gemeynte van det destrijk Mariko zeeker stuk grond afgemerk op het algemene plaan van het dorp Zeerust tot eene ewigdurende eygendom om daarop een Kerk te laten bouwen onder de naam Nederduids Hervormde Kerk. En wel onder de navolgende voorwaarde en condities:—
>
> 1e Dat genoemde stuk grond zooals op de algemene plaan is afgemerk een ewig durende eygendom zal zijn en blijf aan de N.D.H. Kerk te Mariko.
>
> 2e Dat genoemde stuk grond nog een gedeelte daarvan door het Bofen genoemde gemeynte niet kan of mogen ofer gemaak worden aan enige ander kerken of Genootschapen.

3e Genoemde stuk grond zal gerigistreerd worden op de N.D.H. Gemeynte van het distr. Mariko zoodra zy het begeer.

4e Alle kosten tot verkrijging van Transport zal door het Gemeynte moeten betaald worden.

5e Dese gescheynk is geschied onder een nominale somma van een pond sterling.

Met onderstaande gescheynk is geschied op heden te Mariko op den tweeden dag van de maand February en het jaar onses Heren een duisend acht honderd en seventig.

als getuigen

G. C. Snyman. D. J. Coetzee.
G. J. Roos. M. S. Coetzee.

Die Jare 1871—1889.

Mariko het meer en meer vooruitgegaan. Die Volksraad het dit dan ook op 30 Oktober 1871 as 'n selfstandige distrik verklaar en in 1872 'n landdros en heemrade benoem. Die eerste landdros was J. A. L. Montgomery, skoonseun van Diederik Coetzee. Die stigting van die kerklike gemeente het selfs nog 'n paar maande voor die vorming van die distrik plaasgevind, want op 12 Junie 1871 het die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering 'n skriftelike versoek van die kerkraadslede van Mariko „om als eene zelfstandige gemeente te worden erkend met den pred. Ds. Van der Hoff als consulent" toegestaan. Dit is dus die stigtingsdatum van die gemeente. Ds. Van der Hoff was liggaamlik toe al baie gedaan, want die moeilike tye met al die ontbering wat hy in al die jare van sy pionierswerk moes deurmaak, het hom oud gemaak voor sy tyd. Hy het die gemeente egter gereeld eenkeer per jaar besoek en op verskillende plekke kerk gehou. Die groei was sodanig dat in 1876 besluit is om die kerkgebou te vergroot. In daardie selfde jaar het die gemeente sy eerste vaste predikant gekry, ds. J. C. de Vries.

Ds. de Vries is in 1841 te Worcester in die Kaapkolonie gebore. Terwyl hy in Wellington hom op die skrynwerkersambag toegelê het, het hy op aandrang van ds. A. Murray besluit om predikant te word. 'n Ouere broer van hom, ds. B. H. de Vries, was predikant van Riebeek-Wes. Hy het in Stellenbosch gestudeer en is in 1869 gelegitimeer, maar het nie dadelik 'n beroep gekry nie. Nadat hy 'n tyd lank hulpprediker op Sutherland was, is hy in 1873 na Du Toitspan op die Kimberleyse Diamantvelde beroep. Dit was toe maar 'n klein gemeentetjie met sy delwers moeilikhede. Of ds. De Vries daar gelukkig was, weet ons nie, maar mens kry die indruk dat hy na 'n ander standplaas verlang het; en toe hy na twee jaar, in Mei 1875, 'n beroep na die Hervormde gemeente van Mariko ontvang het, het hy dit aangeneem. Dit is nie bekend hoe die kerkraad van Mariko hom leer ken het nie. Hy het wel in 1874 'n besoek aan Potchefstroom gebring, maar het hom daar by ds. Jooste gevoeg vir wie hy verskillende preekbeurte waargeneem het, en dit is nie waarskynlik dat die mense van Mariko met hom in aanraking was nie. Mens is eerder geneig om te meen dat van die kerkraadslede hom met togte na die Diamantvelde ontmoet het, en die indruk gekry het dat hy daar weg wou. Die gemeente Du Toitspan het deur die onstabiliteit wat dikwels aan 'n delwersgemeenskap eie is, so ontvolk geraak dat die kerkraad daar tydens die afwesigheid van ds. De Vries wat na die Kaapkolonie op reis was, besluit het om nie langer 'n predikant te hou nie, en hom hiervan kennis gegee het. Die beroep na Mariko was vir hom dan ook waarskynlik 'n uitkoms en hy het dit aangeneem. Ds. Van Warmelo wou egter as Scriba die beroep nie dadelik goedkeur nie. Sy mening was dat as die aanname van die beroep krag moes besit „dan moet hij eerst zich bij de Hervormde Kerk aangesloten hebben door middel zijner handteekening, waarbij hij erkent, niet alleen dat hij instemt met de leer is, die in die Hervormde Kerk beleden wordt, maar dat hij zich onderwerpt aan het oordeel der bevoegde kerkelijke bestuderen en belooft zich te zullen gedragen overeenkomstig de kerkelijke reglementen. De Kerkraad van Mariko heeft den Heer de Vries wel beroepen, maar laatsgenoemde moet van zijne zijde toonen, dat hij zich beroepbaar stelt, en dat doet hij door middel der legimitatie. Eenige Kerkeraad kan beroepen, maar de beroepene moet een bewijs geven, dat het hem welgevallig is om tot de Kerk van een anderen

staat te behooren, en dus te willen deelen in de regten en verpligtingen van die Kerk. Dientengevolge is mijne opinie, dat de Heer J. de Vries eerst zal moeten komen naar Heidelberg om gelegitimeerd te worden van welke legitimatie behoorlijk kennis gegeven zal worden aan belangstellenden door middel der Couranten. Eerst dan kan de kerkelijke goedkeuring door den praeses en scriba namens de Commissie der Algemene Kerkvergadering worden verleend."

Ouderlinge Matthys Benade en Casper Hendrik Coetzee het ds. De Vries op Kimberley gaan haal en toe hy op Zeerust aangekom het, het Matthys Benade, Hendrik Jacobus Coetzee en sy een seun Daniel Coetzee hom na Heidelberg geneem waar hy op 10 Desember 1875 deur ds. Van Warmelo namens die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering gelegitimeer is. Die bevestiging het op Saterdagmiddag, 15 Januarie 1876 op Zeerust deur ds. Van der Hoff plaasgevind, wat by die geleentheid uit Romeine 8 vers 31 en 32 gepreek het, waarna ds. De Vries sy intrede uit Handelinge 10 vers 29 gehou het. Nadat ds. Van der Hoff Sondagmore die nagmaalsdiens gehou het, het hy in die middag na aanleiding van Efese 3 vers 14—21 afskeid van Mariko geneem waar hy drie-en-twintig jaar lank soms onder bitter moeilike omstandighede, die herderlike werk gedoen het.

Ds. De Vries het die gemeente tot die jaar 1884 gedien. Hy maak nie indruk van 'n sterk persoonlikheid nie, ook nie dat sy hart by die Hervormde Kerk was nie. In 1884 het hy plotseling 'n beroep na Laingsburg, destyds 'n klein gemeentetjie in die Karroo, aangeneem. Sy vertrek uit Zeerust was ook ietwat oorhaastig. Die numerieke groei van die gemeente word weerspieël hierin dat in 1876 die getal kinders wat gedoop is, 100 bedra het, en die aannemelinge 41, terwyl dit in 1882, die laaste verslag wat tydens die dienstyd van ds. De Vries by die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering ingekom het, 157 dopelinge was en 83 aannemelinge.

Vanaf die stigting van Mariko as selfstandige gemeente tot 1885 is dit deur die volgende persone op die Algemene Kerkvergadering verteenwoordig:—

1874:	Oud.	F. J. Joubert.	Diak.	J. M. Benade.
	,,	H. J. Coetzee.	,,	D. C. Oberholzer.
1875:	,,	F. J. Joubert.	,,	D. C. Oberholzer.
1875:	,,	D. C. Oberholzer.	,,	J. Snyman.
	,,	C. B. Otto.	,,	J. Erasmus.
	,,	Diederik J. Coetzee.	,,	J. W. Viljoen, jr.
1881:	,,	D. C. Oberholzer.	,,	H. L. Joubert.
1882:	,,	Diederik J. Coetzee.	,,	M. G. Kretzinger.
	,,	D. C. Oberholzer.	,,	H. L. Joubert.
1884:	,,	D. C. Oberholzer.	,,	M. G. Kretzinger.
1885:	,,	T. Benade.	,,	C. L. J. van Niekerk.
	,,	E. F. Potgieter.	,,	A. S. Labuschagne.
1890:	,,	J. W. Viljoen, jr.	,,	J. H. du Plessis.
	,,	C. G. Coetzee.	,,	L. J. Erasmus.
1893:	,,	J. C. Coetzee.	,,	J. H. du Plessis.
	,,	C. G. Coetzee.	,,	F. A. Blignaut.
1894:	,,	J. C. Coetzee.	,,	J. P. B. Venter.
	,,	C. G. Coetzee.		
1898:	,,	P. C. Basson.		
1899:	,,	M. C. van Staden.		

Die Jare 1889 tot aan die Driejarige Oorlog.

Vanaf 31 Oktober tot 8 November 1882 het daar op Pretoria twee kommissies saam vergader, een van die Ned. Hervormde Kerk en die ander van die Ned. Gereformeerde Kerk. Die doel was om samesprekings oor 'n moontlike Kerkvereniging te hou. Negentien dae na die sluiting van die laaste samekoms het die Algemene Kerkvergadering van die Hervormde Kerk byeengekom. Die kommissie het sy lywige notule wat twee-en-sestig bladsye druks beslaan, as sy rapport voor die vergadering gelê, en die eerste dag is gebruik om dit voor te lees. Ds. De Vries het verklaar dat hy tot op daardie môre niks van die werksaamhede van die kommissies geweet het nie behalwe wat hy langs die pad na Pretoria en uit *„De Volksstem"* daarvan verneem het. En tog het hy voorgestel om die rapport „bij acclamatie zonder discussie" goed te keur.

En — die vergadering het die voorstel aangeneem! As die Hervormde Kerk hom ooit aan die verlogening van die welbeproefde kerkelik-demokratiese beginsel skuldig gemaak het, dan was dit met die sogenaamde kerkvereniging. Van bo af is deur die Algemene Kerkvergadering besluit om die kerk te verenig en daarmee die bestaande organisasie te ontbind en 'n nuwe te stig, sonder dat eers die toestemming van die lede verkry is. Geen wonder dat die Hooggeregshof van die Republiek dit in 1893 by monde van die hoofregter as ***ultra vires*** bestempel het. Die Algemene Kerkvergadering het op 4 Februarie 1885 met die van die Ned. Geref. Kerk saamgesmelt, en vandaar het dit na die verskillende kerkrade gegaan wat op voorbeeld van die Algemene Kerkvergadering op verskillende plekke ook met kerkrade van die Ned. Gereformeerde Kerk saamgesmelt het, sonder dat die saak goed begryp is en die gevolge oorsien is.

Ook in Mariko was dit die geval. Die Ned. Geref. gemeente was baie kleiner as die Hervormde gemeente en het op die dorp geen kerkgebou ghad nie, maar wel 'n kerkie op Jacobsdal. Ook het hulle nooit 'n vaste predikant gehad nie. Die twee kerkrade het op 8 Junie 1885 saamgesmelt en in 1886 is proponent S. J. van der Spuy as predikant beroep. Na sy aankoms is hy deur J. W. Viljoen, jr. ('n seun van kommandant J. W. Viljoen) wat diaken van die Hervormde kerkraad was, na Heidelberg geneem om deur ds. N. J. van Warmelo gelegitimeer te word. Hy is toe op 26 Julie in die Hervormde Kerk van Zeerust deur ds. C. W. du Toit van die Hervormde gemeente van Potchefstroom georden geneem. Die Hervormde mense het dan ook gemeen dat die Ned. Gereformeerde mense onder hulle ingekom het en dat hulle die ou Hervormde gemeente sou voortset en dat alleen later gestem sou word of die naam van die gemeente *Nederduitsch Hervormd* dan wel *Nederduitsch Gereformeerd sou wees*. Maar die ondervinding sou hulle wel anders leer. Ds. Van der Spuy wou dat die Verenigde gemeente die ou Ned. Gereformeerde gemeente sou voortsit en het in stryd met die ooreenkoms van die Algemene Vergadering vir 'n ander naam geywer, nl. *Ned. Hervormd of Gereformeerd*. Hy het ook 'n minder welwillende houding

teenoor die Hervormde standpunt ingeneem. Die ontevredenheid onder die Hervormdes het dan ook toegeneem veral by persone soos die bekende F. J. Joubert (Vaal Frans), wat 'n invloedryke man was en in 1883—1886 Mariko in die Volksraad verteenwoordig het. Reeds in 1886 het hulle begin memories opmaak.

Op 2 April 1888 het die Hervormdes 'n deputasie na die Kerkraad gestuur om teen die gang van sake te protesteer en te versoek om die naam *Ned. Hervormd* vas te stel. Die Kerkraad het die versoek nie alleen van die hand gewys nie, maar ds. Van der Spuy het die deputasie ook baie onheus behandel. Hierop het vier persone, nl. F. J. Joubert (Vaal Frans), J. J. Joubert, L. J. Coetzee en J. K. J. Pretorius op 19 April die volgende brief aan ds. M. J. Goddefroy van Pretoria geskryf:—

Eerwaarde Heer!

De ondergeteekenden geven u Eerw. kennis, dat de gemeente van Zeerust een protest heeft opgemaakt tegen de vaststelling van den naam onzer Herv. Kerk alhier, en eene deputatie afgevaard met het protest naar den plaatselijken kerkeraad van Zeerust, die vergaderd was op den 2den April 1888. By de opening van genoemd protest las de voorzitter Ds. Van der Spuy dit protest en sprak de volgende beleedigende woorden tot de deputatie:

Het protest behoort hier niet te huis; er bestaan maar twee Herv. Kerken, een op Rustenburg en een op Pretoria, waarvan de heer Goddefroy predikant is, die het in Holland zoo warm gehad heeft, dat hij van daar moest vluchten naar Transvaal waar hij ouders en kinders van elkander gescheurd heeft. De ondergeteekenden zijn bereid, indien noodig, bovengemelde lasterijke woorden voor eenig Gerechtshof met eede te bekrachtigen.

Hierdie woorde van ds. Van der Spuy teken sy houding teenoor die Hervormdes. Nie alleen was sy gesegdes omtrent ds. Goddefroy as sou hy uit Holland moes vlug, 'n growwe onwaarheid en vermetele laster nie, maar ook sy bewering dat daar maar net twee Hervormde Kerke sou wees, te Rustenburg en te Pretoria, was net so fantasties, want sewe weke vantevore het die vier-en-twintigste Algemene Kerkvergadering van die

Hervormde Kerk nog in Pretoria saamgekom, waar daar twaalf gemeentes verteenwoordig was. Ds. Goddefroy het ds. Van der Spuy uit Pretoria gevra om hom skriftelik te wil berig of hy hierdie lasterlike woorde gebesig het en dit „ter behoorlijke plaatse te staven of anders in te trekken." Maar ds. Van der Spuy het dit veiliger geag om maar stil te bly.

Die grootste deel van die Hervormdes het dan ook aan die stemming oor die naam van die Verenigde Kerk geen deel-geneem nie, want hulle het hulself as buite die vereniging staande beskou. Van die 1,275 persone wat tot die Ned. Hervormde en die Ned. Gereformeerde gemeentes behoort het, het slegs 498 gestem, dus nog geen veertig persent nie. Die uitslag was as volg:—

Vir Ned. Herv. en Gereformeerd	316
„ Ned. Hervormd	161
„ Vereenigd Herv. Geref.	11
„ Ned. Herv. of Gereformeerd	9
„ Ned. Gereformeerd	1
	498

Die Hervormdes het hul self dan ook nie meer verplig geag om verder aan die kerkvereniging deel te neem nie. Toe die Algemene Kerkvereniging van die Verenigde Kerk op 10 Mei 1889 besluit het om „zonder eenige discussie" die naam *Nederduitsche Hervormde of Gereformeerde* as die offisiële naam van die Verenigde Kerk vas te stel, nieteenstaande slegs 2,882 van die 7,606 uitgebragte stemme, dus selfs nog geen agt-en-dertig persent, tengunste van hierdie naam was, ja terwyl al die stemlyste nog nie ingekom het nie, het Mariko besluit om hom finaal aan die kerkvereniging te onttrek. Die gemeente het 'n kommissie van beheer gekies wat moes toesien dat die kerklike eiendomme nie ontvreemd sou word nie. Die voorsitter van hierdie kommissie was F. J. Joubert (Vaal Frans) en die ander lede J. W. Viljoen, jr., sekretaris, C. D. Weyer sr., J. H. Snyman, F. A. Jacobs, J. J. Joubert en J. H. Montgomery.

Die gemeente het deur versuim nog nie transport gehad van die grond wat Diederik J. Coetzee geskenk het nie, maar was wel in besit van die skenkingsakte. Hy het reeds op 27

Februarie 1889 aan die gemeente transport gegee en die voorwaarde van skenking dat dit nooit op die naam van 'n ander kerk mag kom nie, daarop laat aanteken.

Op 4 September 1889 het daar onder leiding van F. J. Joubert 'n groot samekoms van die gemeente plaasgevind. Hy het verslag gedoen van wat die kommissie van beheer tot dusver gedoen het. Die volksraadslid, P. T. van Staden, het 'n grondige en deeglike oorsig van die geskiedenis van die Hervormde Kerk gegee, 'n oorsig wat die beste genoem kan word wat tot op daardie dag gehou is en waarvan die inhoud bewaar gebly het. Ook ander persone het die woord gevoer, waaronder Diederik J. Coetzee, Dewald Bodenstein wat uit belangstelling spesiaal uit Ventersdorp vir die vergadering oorgekom het, en R. C. van Broekhuizen wat vier maande later as scriba van die kerkraad gekies is, en wat as sodanig in hierdie woelige dae belangrike dienste aan die gemeente bewys het.

In opdrag van die vergadering is ds. Van der Spuy dringend versoek om die sleutels van die kerkgebou en al die eiendomme van die Hervormde Kerk aan die kommissie af te gee. Maar dit was sonder enige resultaat: ds. Van der Spuy het geweier.

Die kommissie van beheer het hierop ds. M. J. Goddefroy, van Pretoria, uitgenooi om op Zeerust te kom kerkhou. Hy het dit aangeneem en Joh. J. Joubert het hom op Rustenburg gaan haal en op 3 Januarie 1890 het hy op Zeerust aangekom. Maar omdat die sleutels van die kerkgebou in hande van ds. Van der Spuy was, moes hy op die kerkplein onder bokseile kerkhou. By hierdie geleentheid is as ouderlinge gekies J. W. Viljoen, jr., C. G. Coetzee, C. J. Blignaut, en as diakens C. J. L. van Niekerk, C. W. Potgieter, A. S. Labuschagne en J. H. du Plessis, R. C. van Broekhuizen is as skriba van die kerkraad gekies en A. J. Joubert in die plek van J. W. Viljoen, jr., as lid van die Kommissie van beheer. Ds. Goddefroy het 47 kinders gedoop en 25 lidmate bevestig.

Op 18, 19 en 20 Julie 1890 was ds. Goddefroy weer op Zeerust om kerk te hou. Die herhaalde pogings om die kerkgebou terug te kry het misluk, want die kerkraad van die Ned.

Herv. of Geref. gemeente wou dit nie afgee nie. Die dienste moes dan ook weer onder bokseile gehou word, wat vir hierdie doel buitekant in die kiel van die kerk gespan was. Die ontevredenheid hieroor was baie groot en die toestand gespanne, want dit was duidelik dat die Hervormdes die saak na 'n punt wou laat gaan. Ds. Van der Spuy het ook aan sy mense aangeraai om nie kerktoe te kom nie en het self geen diens in die kerk gehou nie, want as die Verenigdes binne die gebou kerk sou hou en die Hervormdes daar buite sou dit wees „eene menigte tegen eene menigte" en mens kon nooit weet hoe dit sou afloop nie. Die landdros van Zeerust, F. D. J. Wepener, was uit die dorp afwesig en J. S. N. Hugo het in sy plek as waarnemende landdros opgetree.

Op Donderdag, 17 Julie, het daar reeds van alle kante uit die distrik waens gekom. Die waarnemende landdros het onrustig begin word en het nog dieselfde dog die volgende telegram aan president Kruger gestuur:—

> Met oog op mogelijke onlusten tusschen partijen leden kerkeigendommen geregistreerd ten name Ned. Hervormde Kerk Marico steeds in gebruik der Verenigde Kerk Gemeente. Bij vervoeging tot het gerecht en bij noodzakelijke handelend optreden in geval van geweld welke houding best voor mij. Verzoek Staatsprocureur advies wie beschouwd worden in bezit.

Die Staatsekretaris het hierop onmiddellik die volgende terug getelegrafeer:—

> De Regeering kan onmogelijk instructies geven, hoe gij U als rechter moet gedragen. Gij moet al Uw invloed gebruiken om vrede onder de partijen te houden. Maak hen duidelijk dat zij niet de wet in hun eigen handen moeten nemen, dat zij zich dan schuldig maken aan de wet. De gerechtsbanken staan voor hen open. Overigens moet gij u zooveel mogelijk neutraal houden.

'n Paar Hervormdes het intussen deur een van die vensters van die kerk gesien dat een van die deure nie gesluit was nie maar alleen aan die agterkant met 'n dwarshout toe was. Vrydagaand het Joh. J. Joubert van die plaas Driefontein wat lid van die kommissie van beheer was, van buite-af die dwarshout opgelig, sodat die deur oop was. Die kommissie van beheer het toe ingegaan en die kerk in besit geneem terwyl Joh. J. Joubert en Abel Coetzee die volgende dag al die deure van nuwe slotte voorsien het. Ook is die pleisterklei waarmee die hoeksteen met die opskrif Nederduitsch Hervormd toegepleister was, weer verwyder.

Dit spreek vanself dat ds. Van der Spuy baie verontwaardig was. Hy het Saterdagmôre na die landdroskantoor gegaan waar hy 'n verklaring gemaak het en namens sy kerkraad die hof „beleefdelijk om protectie" gevra het.

Die waarnemende landdros het egter sy instruksies om hom soveel moontlik neutraal te hou, blykbaar vergeet, want in die middag toe die voorbereidingsdiens sou aanvang, het hy die volgende lasbrief met 'n geregsbode aan die kommissie van beheer gestuur:—

> *Aan de heeren,*
>
> *Commissieleden van de ligchaam zich noemende de Hervormde Kerk en de Kerkraadsleden van dat ligchaam:*
>
> Gelieve kennis te nemen dat U indringen in het Kerkgebouw thans in bezit van de Ned. Herv. of Geref. Gemeente van Marico, in tegenstrijd is met de Wet en dat gij U hierdoor strafschuldig maakt.
>
> Deze diene derhalve alleen een iegelijk te gelasten zich dadelijk uit genoemd gebouw te verwijderen op straffe van Regtsvervolging bij weigering.
>
> Gegeven onder mijne hand te Zeerust heden 19 Julie 1890.
>
> J. S. N. Hugo,
> Wd. Landdrost.

Dit spreek vanself dat die kommissie van beheer daar geen gevolg aan gegee het nie. Die geregsbode het toe die kerkgebou ingestap om die lasbrief aan die voorsitter, F. J. Joubert wat ook voorleser was en reeds voor die preekstoel besig was om sy plig as sodanig uit te oefen, te gee. Toe hy weier om die lasbrief aan te neem, het die geregsbode dit op sy boek geplaas, waarop hy dit egter op die grond gegooi het. Die geregsbode is hierop na die kantore terug en het die volgende relaas by die landdros gemaak:—

Ik relateer bij deze dat ik gezegde order behoorlijk gediend heb op de heeren A. J. Joubert, J. C. Coetzee, J. W. Viljoen, jr. en F. A. Jacobs zich noemende Commissie Leden dat zij gezegd hebben dat de heer F. J. Joubert de Voorzitter is van gezegde Commissie en dat ik gezegde Order van het Hof by hem (F. J. Joubert) gelaten heb.

Dat de gemeente bezig aan het zingen waren toen ik de order aan genoemden heer F. J. Joubert afgegeven heb. Gezegde heer F. J. Joubert weigerde de order in ontvangst te nemen. Ik plaatste het dus op zijn Gezangboek die hij in zijn handen hield. Hy (de heer F. J. Joubert) wierp dezelve van zich.

Die waarnemende landdros wou blykbaar die kroon op dit alles sit deur in die aand die geregsbode, die waarnemende veldkornet, die waarnemende publieke aanklaer, die telegrafis en nog sewe burgers — alger te saam dus *elf* in getal — met handboeie na die kerk te stuur, voorsien van 'n nuwe lasbrief en instruksies om „met de meest mogelijke omzichtigheid te werk te gaan en alleen by uiterste noodzakelijkheid de lastbrief in zijn geheel uit te voeren en arrestaties te maken." Hierdie bombastiese lasbrief was as volg:—

Aan Veldcornetten, Baljuws, Politiedienaren en Beambten belast met de uitvoering van orders en decreeten van Gerechtshoven.

Nademaal en naar aanleiding van informatie onder eede van Johannes Sybrand van der Spuy.
Billijke redenen van suspicie bestaat dat op of omtrent den 19den dag van Juli 1890 door leden van het lichaam zich noemende de Nederduitsch Hervormde Gemeente van Marico, gepleegd is de misdaad van overschrijding.

Zoo wordt gij mits dezen gelast dadelijk op vertoning of op ontvangst dezes zelfs en met assistente der Burgers genoemde personen aldus overschrijdende hierin te beletten, en desnoods en indien handhaving van het gezag hier ter stede zulks noodzakelijk vereischt, wederstrevigen te arresteeren of te doen arresteeren en te brengen of te doen brengen voor mij ten einde te worden behandeld volgens Wet. Strekkende deze U ten Lastbrief ook tegen eenige

persoon of personen alsboven aangeduid overtredende dit Lastbrief U te dienen tot en met Maandag e.k.

Gegeven onder mijne hand te Zeerust op heden den 19de Juli 1890.

J. S. M. Hugo,
Wd. Landdrost.

Dit was 'n dwase onderneming — net asof die paar honderd Hervormde mansmense wat in die kerk was, sou toelaat dat hierdie *elf* mense die kerklike voormanne saam met ds. Goddefroy kon vang en geboei wegvoer!

Die aand was dit baie onstuimig. Daar sou gemeentevergadering wees en die kerk was weer stampvol. Net voor die aanvang het die elf mense onder leiding van die balju in die konsistorie gekom en wou somaar begin vang. 'n Groot rumoer het gevolg. Ds. Goddefroy het egter vorentoe gebeur, die kerk in en met 'n harde stem opgegee:

Heer, ai! maak mij uwe wegen.

Die orreliste, mej. Joubert, 'n dogter van Joh. J. Joubert, het dit begin speel, die gemeente het gesing en dit het rustig geword. Die balju het dit met sy mense toe maar beter geag om onder die sing te verdwyn.

Die verrigtings het verder rustig verloop, maar die kerkraad het dit tog beter geag dat die nagmaal Sondagmôre nié bedien is nie. Die Hervormdes het Maandag die volgende memorie wat deur 282 persone geteken is, en waarvan die ou bekende kommandant Jan Viljoen, die vader van ouderling J. W. Viljoen, jr., die eerste ondertekenaar was, na die Uitvoerende Raad gestuur:—

Wij ondergeteekenden allen Burgers van den Staat en Lidmaten der Nederduitsch Hervormde Gemeente van Marico en Zeerust nemen bij deze de vrijheid om ons met alle eerbied tot de Hoog Edele Regeering te richten met de navolgende klachte:—

Dat wij als Burgers van den Staat ons gekrenkt achten in onze heiligste rechten door de willekeurige en partijdige handelwijze van ondergeschikte ambtenaren van dezen staat.

Toen namelijk de Godsdienstoefening der Nederduitsch Hervormde Gemeente alhier in haar wettig eigendom, op hare naam getransporteerd, het Nederduitsch Hervormd Kerkgebouw, was aangevangen op Zaterdag den 19den Juli 1890, kwamen onverwacht onder het zingen de Baljuw met een order van den waarnemenden Landdrost J. S. N. Hugo vergezeld van den Tweeden Landdrostklerk, de Lange, met een wandelstok in de hand binnen het Kerkgebouw en veroorzaakten daardoor algemeene ontsteltenis en verstoring onder de Gemeente en waarop weggaande het afschrift op het boek van den voorlezer den Heer Frans Joubert gelegd werd (copy hiernevens gemerkt A.).

Dat bij den avond Godsdienst alweer het kerkgebouw en de consistoriekamer de Baljuw met Hoofdconstabel, wn. Veldcornet du Toit, wnd. Publ. Aanklager de Waal, en de heer Meiring Telegrafist alhier vergezeld van een onstuimige bende het Kerkgebouw ingedrongen met een Lastbrief van apprehensie uitgevaardigd door dezelfde (Wn.) Landdrost de heer J. S. N. Hugo (copy hier nevens gemerkt B) op beedigde verklaring van Ds. S. J. van der Spuy (copy hiernevens gemerkt C) en daarbij werkelijk hunne handen sloegen op verscheidene van de voornaamste Burgers in dit District en zich niet ontzagen om oude grijsaards op een ruwe wijze aan te randen onder het gebruik van taal alles behalve kies en fatsoenlijk. Dat door deze handelwijze alzoo gepleegd in het Godsgebouw groote opgewondenheid en verwarring werd veroorzaakt onder de Gemeente Leden, zoowel als storing in de Godsdienst, zoo zelfs dat en Predikant en Gemeente geen vrijheid gevoelden om het Heilige Avondmaal, tot viering waarvan wij alhier waren bijeengekomen, te bedienen en met elkander te genieten. Redenen waarom wij als Burgers van deze staat en als leden van een Protestantsche Gemeente ons tot U HoogEdele wenden om bescherming, daar bovenaangehaalde handelwijze door ondergeschikte ambtenaren inbreuk maakt op onze Godsdienstige en Burgerlijke vrijheid en eene herhaling daarvan met ernstige

gevolgen zou kunnen gepaard gaan, en welke nu gelukkig door Gods voorzienigheid en de verstandige leiding van onze geachte leeraar, Ds. Goddefroy, met Kerkraad en Commissie van Beheer de Ned. Hervormde Gemeente alhier zijn geweerd geworden.

Die Regering was in Pretoria telegrafies van die gebeurtenisse verwitting en het Maandag getelegrafeer dat 'n kommissie benoem sou word om die geskille te ondersoek en desnoods planne vir 'n oplossing aan die Raad te doen. Die kommissie is reeds twee dae later benoem en het bestaan uit J. H. de la Rey (die latere generaal tydens die Driejarige Oorlog) en W. Dreyer en het die volgende instruksie ontvang:—

Het zal uwe taak zijn te beproeven de verschillende partijen te bewegen *het bestaande geschil* in vrede en liefde te schikken. De Regeering wil zelfs zoo ver gaan en beloven dat de Kerk die afstand doet van hare aanspraken op het Kerkgebouw, zal krijgen vier erven te Zeerust, door zoodanige Kerk te worden uitgekozen uit de beschikbare Gouvernements erven van Zeerust. Indien partijen niet tot zulk eene schikking willen overgaan, moet gij beproeven hen te bewegen *hun kwestie* door het Hoog Gerechtshof te laten uitmaken, zonder dat een der partijen haar recht in eigen handen neemt, d.w.z. dat partijen samen in vrede *de zaak* voor het Hof brengen. Als partijen dat doen willen is de Regeering genegen om de partij, die in het Hof verliezen zal, vier erven als boven bedoeld te beloven.

Hierdie Regeringskommissie het op 28 Julie die verteenwoordigers van die twee gemeentes ontmoet en die resultaat was dat met die toestemming van altwee die partye die volgende telegram aan die Staatspresident gestuur is:—

Beide Kerkeraden overeengekomen om de zaak door het Hoog Gerechtshof te laten beslissen, verzoeken zij de Hoog Ed. Regeering applicatie bij het Hoog Gerechtshof te maken dat het Hof spoedig buitengewone zitting neme voor gemelde zaak.

Die geskil sou nou op vriendskaplike wyse voor die Hof gebring word om uit te maak wie reg had op die kerklike goedere, met die belofte van die Regering om die verliesende party vier erwe op die dorp te gee.

Maar 'n maand na hierdie ooreenkoms het die Kerkraad van de Ned. Herv. of Geref. gemeente van hierdie ooreenkoms afgewyk en 'n applikasie by die Hooggeregshof gemaak om die kerkgebou van die Hervormde gemeente te ontneem en dit in sy besit te stel en tot die effek 'n dagvaarding laat uitreik op Joh. W. Viljoen, jr., van Vergenoeg, C. J. Blignaut van Zendelingsplaats, C. G. Coetzee van Magusstad, J. C. Coetzee van Doornrivier, F. J. Joubert (Vaal Frans) van Wonderfontein, J. J. Joubert van Driefontein en F. A. Jacobs van Bloemfontein. Die saak het op 10 Februarie 1891 in die Hof te Pretoria voor hoofregter J. G. Kotzé gedien. Onder die stukke wat van Hervormde kant by die Hof ingedien is, was o.a. die volgende eiehandig geskrewe verklaring van ds. N. J. van Warmelo:—

De Ondergeteekende, predikant van de Ned. Herv. of Geref. Kerk te Heidelberg en Scriba van de Alg. Kerkvergadering der Ned. Herv. of Ger. Kerk in de Z.A. Republiek, verklaart bij deze, dat de Algemeene Kerkvergadering in hare zitting, gehouden 14 Mei en volgende dagen, te Pretoria, volgens zijn opinie is afgeweken van de grondslagen, waarop de kerkvereeniging van de Ned. Herv. Kerk met de Ned. Geref. Kerk in het jaar 1882 in beginsel is beslist, omdat er alleen mocht gekozen worden tusschen de twee namen Nederduitsch Hervormd en Nederduitsch Gereformeerd als de toekomstige naam der Kerk.

De Notulen dier zitting drukken zijn gevoelen voldoende uit.

N. J. van Warmelo.

Bezworen voor mij op heden te Heidelberg den 11den Februarie 1891.

J. R. Joubert,
Vrederechter.

Die Hof het op 16 Februarie uitspraak gedoen. Die Hoofregter het o.a. gesê dat dit nie geblyk het waarom die kerkraad van die Ned. Herv. of Geref gemeente hom nie aan die reëling

wat onder leiding van die Regeringskommissie getref is, gehou het nie. Die kerkraad „is zeer zeker slecht geadviseerd geweest toen zij besloot van hare eigene overeenkomst af te wijken en eene applicatie van voorloopigen aard te maken, namelijk om eerst weer bezit te krijgen van de kerk zooals zij in deze doet, geheel in strijd met wat zij overeengekomen had zoo te laten totdat het Hof in de zaak zelve ten principale, d.i. omtrent het eigendomsrecht, had beslist." Die kerkraad van die Ned. Herv. of Geref. Gemeente het die saak dan ook verloor en moes al die koste betaal.

Hierop het president Kruger op 25 Maart 1891 'n rondskrywe aan die hoofverteenwoordigers van die verskillende kerklike partye in die land gerig en hulle tot 'n gemeenskaplike samespreking uitgenooi om te probeer om die kerkvereniging òf deur te voer òf om die bestaande verskille uit die weg te ruim en op te los. Die samespreking het van 24 Augustus tot 4 September in die Volksraadsaal te Pretoria plaasgevind. President Kruger het as voorsitter opgetree. Daar is 'n konsepvoorstel tot skikking opgestel wat hierop neergekom het dat in 'n gemeente die kerklike eiendomme by die meerderheid van die Hervormde lidmate van voor 1885 sou bly, ditsy of hulle Hervormd gebly het en of hulle verenig het. Die minderheid sou dan kompensasie kry. Vir Zeerust sou dit beteken dat die Hervormde gemeente in besit van al sy kerklike eiendomme sou bly, want slegs veertien persent van die lede het met die vereniging saamgegaan. Maar daar het niks van die skikkingsvoorstel gekom nie, want die Verenigde Kerk het dit verwerp.

In Zeerust is egter tog nog 'n poging aangewend om tot 'n skikking te geraak. Op 7 Desember 1891 en 11 Januarie 1892 het vyf verteenwoordigers van die Hervormde gemeente, nl. P. T. van Staden, F. J. Joubert, J. W. Viljoen, jr., J. C. Coetzee en C. G. Coetzee met R. C. van Broekhuizen as sekretaris 'n kommissie van vyf uit die Ned. Herv. of Geref. gemeente ontmoet. As onpartydige voorsitter het die landdros, Fred Wepener, opgetree. Daar is egter nie tot 'n skikking gekom nie, want die Hervormdes wou in geen geval van enige vaste eiendom wat op naam van die Ned. Hervormde gemeente getransporteer was, afsien nie.

Dit was nou langsamerhand vir die hele Hervormde Kerk in Transvaal duidelik dat daar vir die gemeentes waar daar moeilikhede met die gemeentes van die Ned. Herv. of Geref. Kerk in verband met die eiendomme was, slegs een weg oop was om dit op te los, en dit was om die saak in beginsel deur die Hof te laat beslis. Die kerkraad van die Ned. Hervormde gemeente van Standerton (Trichardsfontein) waar die Hervormde kerkgebou in hande van die Verenigde gemeente was, het die kerkraad van laasgenoemde gemeente laat dagvaar en geëis dat al sy eiendomme teruggegee moes word. Die saak het van 2 tot 8 Augustus en weer van 1 tot 8 November vir argumentasie gedien, maar die uitspraak het eers op 5 Junie 1893 geval. Die Hof het van die standpunt uitgegaan dat 'n kerk 'n universitas is, 'n sedelike liggaam, wat alleen met toestemming van al sy lede opgehef kan word, in teenstelling met 'n societas, 'n vennootskap of maatskappy, wat wel met meerderheid van stemme ontbind kan word. Die Kerkraad kan as trustee van die gemeente wat eienares van die kerklike goedere is, hierdie kerklike goedere nie aan 'n ander liggaam oormaak nie. Die kerkvereniging was dan ook *ultra vires*, en die Hof het sy uitspraak ten gunste van die Hervormde Kerk gegee.

Verskillende gemeentes van die Ned. Herv. of Geref. Kerk was na die uitspraak in hierdie Trichardfonteinse kerksaak nou wel geneë om te skik, uit vrees dat hulle straks alles sou verloor. In Zeerust was dit ook die geval en die twee gemeentes het in April 1895 geskik. Die Hervormdes het al die kerklike eiendomme gekry asook die kerklike boeke. Die Verenigde Kerk het egter die pastorie gekry maar moes daarvoor £200 aan die Hervormde gemeente betaal asook een van die vier erwe wat die Regering in die jaar tevore aan daardie gemeente gegee het.

Dit was tydens die veelbewoë kerkviering van Julie 1890 dat kerkraad en gemeente besluit het om saam met Rustenburg 'n predikant uit Holland te beroep. Daar is 'n blanco-beroepsbrief opgemaak en op 21 Julie geteken en aan die gesant, Jhr. Mr. G. Beelaerts van Blokland, gestuur. Hy het dadelik moeite gedoen om 'n predikant te kry. Hy het die beroep eers aan ds. A. A. Schouten, predikant van die Ned. Hervormde gemeente

te Wamel en vader van die teenswoordige ouderling A. A. Schouten, van Kaapstad, aangebied, maar hy het egter bedank. Daarna is dit aan ds. Jac. van Belkum van die Ned. Hervormde gemeente van Zierikzee aangebied. Ds. Van Belkum het dit aangeneem, en nadat hy op 12 April 1891 afskeid gepreek het, het hy met sy gesin na Transvaal vertrek.

Ds. Van Belkum was in vele opsigte 'n merkwaardige man. Hy was teologies deeglik onderleg, het aan die Utrechtse Universiteit sy doktoraal eksamen in die godgeleerdheid afgelê en het eenkeer op die voordrag gestaan vir die benoeming as kerklike professor. In kerklike sake en veral in kerkreg was hy besonder goed tuis. Tydens die woelige dae van die Doleansie in Nederland was hy voorsitter van die Provinsiaal Kerkbestuur van Overijsel en ook lid van die Sinode in Den Haag. Hy het 'n vaardige pen gehad en het verskillende stukke gepubliseer. Daarby was hy 'n harde werker, pligsgetrou en van blanke opregtheid.

Ouderling C. G. Coetzee het hom op Vryburg afgehaal. Op 27 Mei is hom op Zeerust 'n welkomsadres aangebied, en op 31 Mei het hy daar gepreek en het toe verder deurgereis na Rustenburg waar hy sou gaan woon, en waar hy op 5 Junie deur ds. Goddefroy bevestig is. Op 14 Junie is hy deur ds. Goddefroy op Zeerust aan die gemeente voorgestel en op dieselfde dag het hy daar sy intreepreek gehou. Dit het vir die gemeente na al die tye van storms veel beteken om twee Hervormde predikante in sy midde te hê.

Ds. Van Belkum het sy werk met krag aangepak. Sy werkkring was groot! Behalwe die gemeentes van Rustenburg en Zeerust was hy ook nog konsulent van die gemeentes Klerksdorp, Makwassie, Wolmaransstad, Venterskroon, Bloemhof, Lichtenburg en Krugersdorp. Dus op Potchefstroom en Ventersdorp na moes hy die hele Westelike Transvaal alleen bearbei, en in daardie dae was daar geen treine of motorkarre nie. As hy op 'n diensreis was na hierdie gemeentes, was hy gewoonlik 'n maand lank van die huis weg.

Die gemeente het tydens die dienstyd van ds. Van Belkum baie gegroei en vooruitgegaan. In 1898 is die kombinasie met Rustenburg opgehef en het Zeerust 'n blanco-beroep na Holland

gestuur wat deur ds. J. Beyer aangeneem is. Hy is op 22 Oktober op Zeerust deur ds. Van Belkum bevestig. Die verwagting van die gemeente was groot, want nou was daar weer 'n predikant wat op die dorp gewoon het en daar kon meer dienste wees. Ook vir ds. Van Belkum het dit veel beteken, want die helfte van sy werkkring in Westelik Transvaal sou van hom oorgeneem word. Maar ongelukkig het dit op 'n groot teleurstelling uitgeloop, want ds. Beyer het maar net sewe maande op Zeerust gebly. Hy het 'n beroep na Standerton aangeneem en het op 28 Mei 1899 van Zeerust afskeid geneem. Die gemeente was vakant en ds. Van Belkum het as konsulent opgetree, maar van 'n intensiewe bearbeiding was geen sprake, want met die groot gemeente Rustenburg en agt konsulentsgemeentes was soiets onmoontlik. Die kerkraad sou ongetwyfeld weer gou 'n predikant uit Holland beroep het, maar die uitbreek van die Driejarige Oorlog het dit verhinder.

Zeerust vanaf die Driejarige Oorlog tot Nou Toe.

Die oorlog van 1899—1902 het ook in Mariko sy verwoestings gebring. Die vyandelike leërs het die distrik deurkruis en die dorp self beset. Die kerkgebou het in 'n treurige toestand geraak. Die Engelse het dit as hospitaal en vir ander doeleindes gebruik. Die kerkmeubels het verdwyn en die boeke is verniel, en alleen 'n gedeelte van die ou doopregister uit die dae van ds. De Vries is later op die kerkplein opgetel. Die nagmaalservies, 'n geskenk wat Hendrik Jacobus Coetzee (1813—1897) van Wilgeboomspruit in 1892 aan die gemeente geskenk het, het verdwyn. Ds. Van Belkum het as konsulent in die distrik nog 'n paar buitedienste gehou, maar dit is al wat hy kon doen, en ouderling J. C. Coetzee het na behoorlike magtiging van die owerheid 'n paar mense in die huwelik bevestig.

Hierdie ouderling J. C. Coetzee was 'n ware steunpilaar van die gemeente. Vanaf 1890 tot aan sy dood in Julie 1933 het hy onafgebroke as ouderling gedien. Hy was 'n aartsvaderlike figuur, in die hele distrik welbekend en hoog geag, en had 'n gesonde insig in kerklike sake, en het die belange van die gemeente op die hart gedra. Toe die eerste kerkraads-

vergadering na die oorlog op 7 November 1902 gehou is en die konsulent, ds. Van Belkum teenwoordig was, had hy reeds met die Kerkraad 'n opname van die toestand van die hele gemeente gemaak en kon hy rapporteer dat die gemeente tog nog 636 lidmate en 1,295 siele getel het, dat daar 109 jongmense was wat aangeneem moes word en 100 kinders wat gedoop moes word. In die oorlog is 52 lidmate oorlede, 149 gedooptes wat nog nie aangeneem was nie en 62 ongedoopte kinders.

Die gemeente was voor die oorlog goed georganiseer, en die heropbou kon kragtig aangepak word. In Januarie 1903 het 'n deel van die Hervormde gemeente die eerste Christelik Nasionale skool van die distrik op die plaas van ouderling J. C. Coetzee gestig. Reeds op 11 Julie 1903 het die kerkraad weer 'n beroep uitgebring en wel op die later in Transvaal so wel bekende ds. L. E. Brandt, destyds nog predikant van die Ned. Herv. gemeente Niezijl in Nederland. Hy het egter bedank. Ds. A. Murray van Rustenburg het in 1905 konsulent geword, maar onder sy konsulentskap het daar baie moeilikhede en ontevredenheid gekom. Hoewel hy in 1899 na die Hervormde Kerk oorgekom het, het hy vir die Hervormde Kerk nie veel gevoel nie. In Zeerust het hy ergenis gegee omdat hy allerhande vreemde dinge wou invoer. As hy met nagmaal kom kerkhou het, het hy by ds. Van der Spuy tuis gegaan en behalwe as hy vir 'n diens in die kerk was, het die gemeente nie veel van hom gemerk nie. Ook het hy probeer om 'n nie-Hervormde predikant op die gemeente af te dwing. Ouderling J. C. Coetzee wat vise-voorsitter van die kerkraad was, het dan ook ernstig met hom gebots. Op 12 Maart 1906 het die kerkraad in 'n vergadering waarvan ds. Murray self voorsitter was, op voorstel van oud. J. C. Coetzee, gesekondeer deur ouderling J. H. Snyman, besluit om die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering te versoek om 'n ander konsulent te benoem. Ds. Van Belkum het die gemeente toe op 24 November besoek en op Zeerust nagmaal gehou. Ds. Murray het nie opgedaag nie. Die gemeente het toe besluit om die kerkraad te magtig om proponent P. van Drimmelen wat uit die Herv. Kerk van Transvaal na Holland gegaan het om in die teologie te studeer en wat net afgestudeer was, te beroep. Hy het die beroep aange-

neem en is op 9 Maart 1907 deur ds. Van Belkum bevestig. Aan die handoplegging het behalwe ds. Van Belkum ook ds. Murray deelgeneem. Ds. Van Drimmelen was die tweede proponent wat in die Hervormde Kerk in Transvaal met die handoplegging georden is. Die eerste was ds. N. J. van Warmelo wat in 1864 te Potchefstroom georden is.

Ds. Van Drimmelen het hard gewerk en die gemeente het goed vooruitgegaan. 'n Maand na sy bevestiging is die Sondagskool geopen. Die kerkgebou is ook weer behoorlik herstel, die plafon en vloer is vernuut en nuwe banke is gemaak. In November 1913 is die gemeente Zwartruggens gestig waarby ook 'n klein deel van Mariko gevoeg is. In 1910 het ds. Van Drimmelen in geselskap van ouderling Benade die Hervormde gemeente Humpata in Portugees Wes Afrika gestig, en meermale het hy daardie gemeente besoek. Hy was 'n troue herder, nougeset in sy werk, opreg en vroom. Dit was dan ook tot droefheid van die gemeente dat hy in Desember 1914 'n beroep na Pietersburg aangeneem het. Hy is op 25 Februarie 1919 in Humpata oorlede.

Zeerust het nie lank vakant gebly nie, want reeds in Julie 1915 is proponent S. Vermooten beroep. Hy het die beroep aangeneem en is op 17 Oktober 1915 deur ds. C. W. du Toit bevestig. Aan die handoplegging het behalwe ds. du Toit ook nog deelgeneem di. K. T. van den Heever, P. W. Ennis, P. van Drimmelen asook die Verenigde predikante S. J. van der Spuy en Ziervogel. Ds. Vermooten het in Januarie 1919 'n beroep na Potchefstroom ontvang en dit aangeneem en het op 30 Maart van die gemeente afskeid geneem.

Die vakature het hierdie keer langer geduur as die laaste keer, want eers op 8 Julie 1922 is proponent H. P. Wolmarans bevestig. Die bevestiging het deur prof. J. H. Greyvenstein geskied, en aan die handoplegging is ook nog deelgeneem deur di. L. E. Brandt, S. Vermooten en P. J. J. Venter asook deur d.s de Klerk van die Gereformeerde en ds. Ziervogel van die Verenigde Kerk. Reeds in die volgende jaar 1924 is Groot Mariko

as selfstandige gemeente afgestig. Ds. Wolmarans het na vyf jaar 'n beroep na Pietersburg aangeneem, en het op 16 Januarie 1927 van die gemeente afskeid geneem.

Nog in dieselfde jaar, op 25 September, is ds. P. J. J. Venter as predikant bevestig deur ds. Jac Van Belkum. Ds. Venter het na twee jaar 'n beroep na Johannesburg aangeneem.

Hierdie keer was die gemeente 'n paar jaar lank vakant.

In 1931 het die gemeente met Groot Marico gekombineer waar dr. H. C. M. Fourie predikant was. Die kombinasie het net tot 1934 geduur. In Februarie 1936 is ds. C. S. v. H. Steenekamp beroep. Hy het in 1938 'n beroep na Johannesburg Noord aangeneem, en is in 1939 deur ds. S. P. Viljoen opgevolg. Laasgenoemde het in 1944 na Brixton vertrek. Deur die groot tekort aan predikante is die gemeente sinds daardie jaar nog steeds vakant.

Die gemeente Marico wat nou uit Zeerust en Groot Marico bestaan, het in die verlede baie geesteskrag ontwikkel en sy plek waardig ingeneem onder al die gemeentes van die Nederduitsch Hervormde Kerk. Vanaf die begin van die opleiding van predikante vir die Hervormde Kerk aan die Universiteit van Pretoria in 1917 het daar nie minder as tien predikante uit Mariko gekom nie, nl. di. P. J. J. Venter, P. S. Grobler, C. H. Rautenbach, M. M. Grobler, P. W. Venter, G. C. Coetzee, D. J. van Staden, G. P. J. Grobler, J. J. Engelbrecht en F. J. van Zyl ('n agterkleinseun van die bekende Vaal Frans Joubert). En in die B.A. B.D.-jare is daar nog drie studente, P. S. van Staden, J. H. Naudé en S. J. Prins. Die gemeente is baie kerkbewus en kan nog in die toekkoms veel beteken. In 1945 het Zeerus 1,456 siele getel en 802 belydende lede, en Groot Marico 1,300 siele en 800 belydende lede, tesame 2.756 siele en 1,602 belydende lede, dus meer as verdubbeld sinds 1902.

Mag die toekoms veel seën vir Marico bring, en nie alleen vir Marico nie, maar vir die ganse Nederduitsch Hervormde Kerk, ja vir die hele Christelike Kerk op aarde!

S.P.E.



UIT DIE TWEEDE VRYHEIDSOORLOG.

Newensgaande is 'n portret van 'n groep Boere-krygsgegevangenes wat op 9 Junie 1902, dus kort na die vredesluiting, in die krygsgevangekamp van Umbilo by Durban geneem is. Nommer 12 is kommandant G. J. Engelbrecht, van Standerton, jarelank ouderling van daardie gemeente, en lid van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering. Hy is nog in lewe in die hoë ouderdom van sewe-en-tagtig jaar, en woon nog steeds op sy plaas Witbank, naby Morgenzon.

Die name van die persone op die portret is as volg:

1. *Gert van Wijk, Ermelo.*
2. *J. Pietersen, Adj. van van Niekerk.*
3. *P. Kruger, Bethal.*
4. *T. Potgieter, Bethal, adj. van komm. D. Breytenbach.*
5. *C. Scheepers, Standerton, adj. van generaal C. Brits.*
6. *E. Rabie, Ermelo.*
7. *J. Grey, Ermelo.*
8. *Gabriël van Wijk, Ermelo.*
9. *J. Taljaard, veldkornet van Heilbron.*
10. *A. de Jager, Standerton, adj. van genl. C. Brits.*
11. *H. Dempers, Ermelo.*
12. *G. J. Engelbrecht, kommandant, Standerton.*
14. *W. Odendaal, Bethlehem.*



CAREL DANIEL WEIJER.

Carel Daniel Weijer is op 21 Junie 1827 in die distrik Graaf-Reinet gebore, waar sy ouers, Frederik Wilhelm Weijer en Martha Elizabeth Fouche, destyds gewoon het. Hy het op jeugdige leeftyd na Natal getrek en in 1846 is hy op Pietermaritzburg in die huwelik bevestig met Martha Etresia Schemper, gebore in 1826.

Die egpaar het na Transvaal verhuis en hulle uiteindelik op die plaas Rietvlei aan die Malopo, distrik Marico, gevestig, waar hy 'n agtenswaardige en invloedryke persoon was. Hy het verskillende betrekkings beklee. Reeds in 1857 en ook

later was hy lid van die Volksraad, en verder was hy veldkornet, kommandant en vrederegter.

Hoewel hy nooit kerkraadslid was nie, het hy hom op kerklike gebied nie onbetuig gelaat nie. Hy was 'n troue kerkman, 'n troue steunpilaar van die Hervormde Kerk in die distrik Marico. Tydens die sogenaamde kerkvereniging het hy met beslistheid vir die regte van die Hervormde Kerk opgekom, en was hy lid van die kommissie van beheer wat tot taak gehad het om toe te sien dat die kerklike eiendomme nie aan die gemeente ontvreemd sou word nie.

Twee dogters van hom was met twee broers Steinmann getroud. Hierdie Steinmann-familie het op die plaas Rietvlei aan die Hartsrivier gewoon, waar ds. Jac. van Belkum op 10 Oktober 1891 die gemeente Lichtenburg gestig het. Die ontstaan van hierdie gemeente is vir 'n groot deel aan die Steinmanns te dank.

Sy skoonseun, Rutger Cornelis van Broekhuizen, 'n onderwyser op Ottoshoop, het die gemeente Marico in die dae van die kerkvereniging as skriba groot dienste bewys, en netso in 1890 aan die Algemene Kerkvergadering toe hy as hulp-skriba opgetree het.

Nadat sy vrou hom op 13 Julie 1890 ontval het, het hy self op 18 April 1891 die ewige ruste ingegaan.

Waar Carel Weijer 'n troue Hervormer was, het sy vyf jaar ouere broer, Frederik Wilhelm, 'n ander kerklike pad ingeslaan. Hy was 'n smid van beroep en diaken in Potchefstroom. In 1861 wou hy op eie gesag as sendeling optree, sonder om eers die toestemming van die landdros van Potchefstroom te vra, soos destyds deur die wet vereis is, waardeur hy met die landdros in botsing gekom het. Hierdie voorval is op bladsy 140 van my Geskiedenis van die Hervormde Kerk beskryf. Hy het daarna by die Gereformeerde Kerk aangesluit, en is op 16 Mei 1889 op Rustenburg oorlede.

S.P.E.

Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

Die Algemene Kerkvergadering.

Die Algemene Vergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika kom minstens eenkeer in die drie jaar byeen (art. 14 van die Kerkwet), en is saamgestel uit alle diensdoende predikante, en hoogstens twee ouderlinge en een diaken uit elke gemeente, asook die professore in die teologie vanweë die Ned. Hervormde Kerk, en die emeriti-predikante, beide met adviserende stem. Die laaste Algemene Kerkvergadering het in Mei 1948 saamgekom.

Die Kommissie van die Alg. Kerkvergadering.

Ds. A. Oosthuizen (Voorsitter); Ds. T. F. J. Dreyer (Scriba); Ds. J. J. Prinsloo (J. sn.) (Vise Voorsitter); Ds. E. S. Mulder (Vise-Scriba); en die volgende ouderlinglede: P. W. du Preez, Ring van Potchefstroom; H. J. Visser, Ring van Rustenburg; H. A. Visage, Ring van Pretoria; C. P. Engelbrecht, Ring van Heidelberg; H. M. P. Visser, Ring van Zeerust; N. J. Grobler, Ring van Trichardtsfontein.

Kuratore van die Pensioenfonds.

Prof. B. de Loor (Voorsitter), di. J. J. Prinsloo (J. sn.), A. Oosthuizen, G. P. J. Grobler, en die BB. J. Hoogland, J. H. Janson (Sekr.)

Finansiële Kommissie.

Prof. B. de Loor (Voorsitter), di. Joh. Dreyer, J. J. Prinsloo (J. sn.), A. Ras, A. Oosthuizen, die Administrateur (Scriba).

Kuratorium.

Prof. J. H. Greyvenstein, Prof. B. de Loor, di. J. J. Prinsloo (J. sn.), Joh. Dreyer, (Oproeper), S. Vermooten, D. F. Erasmus, E. S. Mulder.

Kommissie van Evangelisasie.

Di. Joh. Dreyer (Oproeper), A. Oosthuizen, S. Vermooten, J. J. Prinsloo (G. sn.), L. M. le Roux, F. J. van Zyl, W. van Bergen, C. S. v. H. Steenekamp, J. P. Labuschagne, J. J. Engelbrecht.

Regskommissie.

Ds. Joh. Dreyer (Oproeper), proff. D. Pont, S. P. Engelbrecht, L. Ign. Coertze, ds. J. J. Prinsloo (J. sn.),

Drukperskommissie.

Di. W. F. H. Huyzers, (Oproeper), A. J. Nolte, J. C. du Plessis, Prof. A. S. Geyser, die Administrateur, Mnr. Herbst. (Adm. Weeshuis).

Kommissie vir Belydenis- en Liturgiese Geskrifte en Formuliere.

Proff. B. Gemser (Oproeper), S. P. Engelbrecht, A. van Selms, A. S. Geyser, H. P. Wolmarans, di. Joh. Dreyer, M. M. Grobler, D. F. Erasmus.

Kommissie vir Opvoeding en Onderwys.

Prof. H. P. Wolmarans (Oproeper), dr. C. K. Oberholzer, di. Joh. Dreyer, S. Vermooten, W. J. Kemp, T. F. Dreyer, W. M. Wolmarans.

Kommissie vir Jeugwerk.

Ds. P. W. Venter (Oproeper), ds. D. F. Erasmus, ds. J. G. du Plessis, ds. P. J. L. Bierman, ds. J. J. Prinsloo (G. sn.), oudl. G. C. Coetzee, oudl. M. C. Erasmus, oudl. S. J. Botha, die Ring-superintendente.

Kommissie vir Hulpbehoewende Gemeentes.

Prof. A. S. Geyser (Oproeper), di. A. Brandt, Ring van Potchefstroom, P. M. Smith, Ring van Heidelberg, C. H. Muller, Ring van Trichardtsfontein, D. B. Snyman, Ring van Rustenburg, H. J. Geyser, Ring van Zeerust, J. D. Storm, Ring van Pretoria, S. J. Strydom, D. J. van Staden, W. P. van der Merwe.

Kommissie van Volksvoorligting en Sektewese.

Di. A. J. Nolte (Oproeper), F. J. Z. Booysen, S. P. J. J. van Rensburg, S. P. Viljoen, P. S. Grobler, P. G. van Staden, J. D. H. Smit, F. van Oosten.

Kerksaalkommissie.

Di. C. S. v. H. Steenekamp (Oproeper), P. J. J. Venter, T. N. H. Janson, G. C. Coetzee, A. J. van Staden, W. Roos, J. H. van Staden, W. J. Engelbrecht, mevr. (ds.) Steenekamp.

Ondersteunigsraad.

Ds. J. C. du Plessis (Oproeper), prof. Abel Coetzee, di. W. H. Grey, S. P. Viljoen, P. J. L. Bierman, G. Roos, J. A. Smit, H. M. E. Dreyer, P. W. Venter, mevr. (ds.) Ras, mevr. (ds.) G. Roos, twee diakens wat gekoöpteer moet word.

Kommissie van „Die Hervormer."

Di. Joh. Dreyer (Oproeper), D. F. Erasmus, F. J. Z. Booysen, S. P. J. J. van Rensburg, F. J. van Zyl.

Kommissie vir die Almanak.

Prof. S. P. Engelbrecht (Oproeper), prof. A. van Selms, ds. J. J. Prinsloo (G. sn.), die Administrateur.

Boekverspreidingskommissie.

Di. A. Ras (Oproeper), H. J. Geyser, P. J. Booysen, W. F. H. Huyzers, P. W. A, Bierman, C. S. v. H. Steenekamp, W. M. Wolmarans, P. A. R. C. van Wyk.

Hulpaksie Protestantse Kerke.

Di. E. S. Mulder (Oproeper), T. F. J. Dreyer, M. M. Grobler, J. C. du Plessis, prof. S. P. Engelbrecht, prof. B. Gemser.

Kommissie vir 'n Studentekerk.

Prof. A. S. Geyser, prof. Bokhorst, ds. A. Oosthuizen (Oproe-

per), mnr. H. Vermooten, mevr. A. Oosthuizen, mevr. de Friedland, mnr. P. J. L. Grobler.

Kommissie vir Reorganisasie.

Di. J. J. Prinsloo (G. sn.) (Oproeper), W. F. H. Huyzers, A. J. Nolte, C. S. v. H. Steenekamp, A. Ras, prof. dr. B. de Loor, die Administrateur, mnr. Herbst (Adm. Weeshuis).

Korrespondent met Buitelandse Kerke.

Ds. T. F. Dreyer.

Die Administrateur.

Mnr. J. H. Janson, Posbus 19 Dullstroom.
Kantoor: Oranje Nassau Straat, Dullstroom.

Argivaris.

Prof. dr. S. P. Engelbrecht, 164 Lisdoganlaan, Pretoria.

Argiefkommissie.

Prof. Dr. S. P. Engelbrecht, ds. Thos. Dreyer en mnr. L. N. Eksteen.

Kerklike Publikasies.

Die Almanak verskyn jaarlike, prys 1/3 per eksemplaar. „Die Hervormer" verskyn maandeliks. Intekengeld 3/6 per jaar.

KAAPSE PREDIKANTE VOOR 1814.

1665 Johan van Arckel, Kaapstad 1665, oorlede 12 Jan. 1666.
1666 Johannes de Vooght, Kaapstad 1666, na Batavia 1666.
1666 Petrus Wagtendorp, Kaapstad 1666, oorlede 15 Feb. 1667.
1667 Adrianus de Vooght, Kaapstad 1667, na Batavia 1674, oorlede 1674.
1674 Rudolphus Meerlandt, Kaapstad 1674, na Batavia 1676, oorlede 1699.
1676 Petrus Hulsenaar, Kaapstad 1676, oorlede 16 Des. 1677.
1678 Johannes Overnei, Kaapstad 1678, oorlede 4 Mei 1687.
1687 Johannes van Andel, Kaapstad 1687, na Batavia 1689, oorlede 1690.
1688 Pierre Simond, Drakenstein 1688, na Holland 1702.
1689 Leonardus Terwoldt, Kaapstad 1689, na Batavia 1693.
1694 Hercules van Loon, Kaapstad 1694, na Batavia 1695, Stellenbosch 1700, oorlede 26 Junie 1704.
1695 Petrus Kalden, Kaapstad 1695, na Holland 1708, Ceylon 1722—1737.
1702 Henricus Beck, Drakenstein 1702, Stellenbosch 1707, Kaapstad 1726, emeritus 1731, oorlede 1757.
1707 Engelbertus Franciscus le Boucq, Drakenstein 1707, na Batavia 1708, oorlede 1748.
1708 Johannes Godefridus d'Ailly, Kaapstad 1708, oorlede 1726.
1714 Petrus van Aken, Drakenstein 1714, oorlede 1724.
1723 Lambertus Slicher, Kaapstad 1723, Drakenstein 1725, oorlede 1730.
1729 Franciscus le Sueur, Kaapstad 1729, emeritus 1746, oorlede 1757.
1731 Johannes Wilhelmus Hersogenraad, Drakenstein 1731, oorlede 27 April 1736.

1732 Henricus Cock, Kaapstad 1732, na Holland 1742, oorlede 1777.
1732 Salomon van Echten, Stellenbosch 1732, Drakenstein 1738, na Holland 1753, oorlede 1771.
1738 Wilhelm van Gendt, Stellenbosch 1738, oorlede 14 Oktober 1744.
1743 Arnoldus Mauritius Meyring, Tulbach 1743, oorlede 1757.
1745 Rugter Andreas Weerman, Swartland 1745, na Batavia 1748.
1746 Ruardus Cloppenburg, Kaapstad 1746, na Holland 1748, oorlede 1751.
1746 Petrus van der Spuy, Kaapstad 1746, Drakenstein 1753, emeritus 1781, oorlede 1809.
1747 Eduard Arentz, Stellenbosch 1747, oorlede 1749.
1750 Christiaan Benjamin Voltelen, Swartland 1750, Kaapstad 1755, oorlede 25 Maart 1758.
1752 Henricus Kroonenburg, Kaapstad 1752, emeritus 1778, oorlede 24 April 1779.
1753 Johannes Appeldoorn, Stellenbosch 1753, oorlede 29 Sept, 1772.
1754 Gerhardus Croeser, Kaapstad 1754, Swartland 1755, oorlede 26 Mei 1770.
1752 Remmerus Harders, Tulbach 1757, emeritus 1775, oorlede 1807.
1758 Johannes Fredericus Bode, Kaapstad 1758, oorlede 29 Julie 1784.
1760 Johannes Petrus Serrurier, Kaapstad 1760, emeritus 1804, oorlede 3 Feb. 1819.
1774 Daniel Goldbach, Swartland 1774, oorlede 19 Maart 1783.
1777 Philippus Kuys, Stellenbosch 1777, oorlede 29 Jan. 1785.
1777 Johannes Abraham Kuys, Tulbach 1777, Kaapstad 1794, oorlede Jan. 1799.
1781 Christiaan Fleck, Kaapstad 1781, oorlede 25 Oktober 1820.
1784 Robert Nicolaas Aling, Drakenstein 1784, oorlede 24 April 1800.
1785 Meent Borcherds, Kaapstad 1785, Stellenbosch 1786, emeritus 1830, oorlede 28 Feb. 1832.
1786 Petrus Johannes van der Spuy, Swartland 1786, Drakenstein, 1806, oorlede 2 April 1807.
1786 Helperus Ritzema van Lier, Kaapstad 1786, emeritus 1793, oorlede 21 Maart 1793.
1792 Johann Heinrich von Manger, Graaf-Reinet 1792, Swellendam 1798, Kaapstad 1802, emeritus 1839, oorlede 2 Mei 1842.
1794 Michiel Christiaan Vos. Tulbach 1794 tot 1802, Swartland 1810, Caledon 1811, emeritus 1818, oorlede 26 Feb. 1825.
1798 Hendrik Willem Ballot, Graaf-Reinet 1798, Swellendam 1802, Tulbach 1803, oorlede 1814.
1803 Johannes Schütz, Swellendam 1803—1813, Graaff-Reinet 1815—1818.
1806 Johannes Jacobus Kicherer, Graaf-Reinet 1806, Tulbach 1815, oorlede 1825.
1810 Johann Wilhelm Ludwig Gebhardt, Drakenstein 1810, emeritus 1823, oorlede 12 Okt. 1825.
1811 Jacobus Scholtz, Swartland 1811, oorlede 9 Nov. 1827.
1813 Tobias Herhold, George 1813, Drakenstein 1823, Stellenbosch 1813, oorlede 10 Des. 1857.

VROEËRE PREDIKANTE SEDERT 1853.

(Die eerste predikante onder die Voortrekkers was die Sendelinge Erasmus Smit en Daniël Lindley.)

1853 D. van der Hoff, Potchefstroom 1853, oorlede 1881.
1861 A. J. Begemann, Pretoria 1861, emeritus 1872, oorlede 1925.
1861 G. W. Smits, Rustenburg 1861, emeritus 1886, oorlede 1894.
1864 N. J. van Warmelo, Zoutpansberg 1864, Heidelberg 1868 (verenig 1885, oorlede 1892).
1864 P. A. C. van Heyningen (Lydenburg 1859) onder die Kerkverband van die Ned. Herv. Kerk 1864 (Kroonstad 1866, emeritus 1894, oorlede 1904).
1875 D. P. Ackerman, Wakkerstroom 1875 (verenig 1885, oorlede 1916).
1875 L. G. F. Biccard (Greytown 1861), Zoutpansberg 1875 (verenig 1885, oorlede 1900).
1876 J. C. de Vries (Hulpprediker Sutherland 1870, Du Toitspan 1873), Zeerust 1876 (Laingsburg 1884, emeritus 1894, oorlede 1906).
1876 H. S. Bosman, Pretoria 1876 (verenig 1885, emeritus 1926, oorlede 1933).
1883 C. W. du Toit (Hanover 1869, Pearston 1875, Kruisvallei 1876), Potchefstroom 1883, emeritus 1918, oorlede 1932.
1887 M. J. Goddefroy (Lage Zwaluwe 1887, Yselmonde 1880, Achlum 1882), Pretoria ca. 1887, Middelburg 1905, emeritus 1917, oorlede 1920).
1891 Jac. van Belkum (Varik 1877, Steenwijk 1882, Zierikzee 1889, Rustenburg 1891, Heidelberg 1903, emeritus 1927, oorlede 1933.
1895 A. Lagerwey (Ankeveen 1881, Helenaveen 1884, Hoogeloon 1886, Massluis 1889), Heidelberg c.a. 1895, oorlede 1898.
1896 C. Spoelstra (Zoeterwoude 1894), Pretoria c.a. 1896 (Ned. Herv. Kerk verlaat 1897, Heino 1899, eervol ontslaan 1904, oorlede 1918).
1898 J. Beyer (Lemele 1881, Ijselmuiden 1883, Hierden 1886, Harderwijk 1888, Eemnes Binnen 1890), Zeerust 1898, Standerton 1899 (na Holland terug 1900, Beek 1902, Nuenen 1905, emeritus 1907, oorlede 1929).
1899 A. Murray (Standerton 1876, Jacobsdal, O.V.S., 1880), Venterdorp 1899, Rustenburg 1904, emeritus 1921, oorlede 1930.
1904 L. E. Brandt (Niezijl 1901), Soutpansberg c.a. 1904, Johannesburg 1908, Vereeniging c.a. 1923, Kensington-Turffontein 1930, oorlede 1939.
1904 Prof. dr. P. J. Muller (Steenwijkerwold 1879, Wolsum 1882, Nijmegen 1884, Rotterdam 1888, Hoogleraar te Amsterdam 1890, Haarlem 1896), Pretoria 1904, emeritus 1909, oorlede 1922.
1905 F. S. du Toit (Nu-Bethesda 1886, Hugenote-Gedenkskool 1899), Ventersdorp c.a. 1905, oorlede 1914.
1905 P. W. Ennis (Ermelo 1886), Klerksdorp 1905, emeritus 1928, oorlede 1932.
1907 P. W. van Drimmelen, Zeerust 1907, Pietersburg 1915, oorlede 1919.

1908 C. J. L. Ruysch van Dugteren (Oosterland 1904), Pretoria 1908, bediening neergelê 1911, oorlede 1918.
1908 K. T. van den Heever (Christiana 1899), Makwassie 1908, Venterdorp 1915 (N.H. of G.K. 1915).
1909 J. J. Kuhn, Krugersdorp 1909, Lichtenburg 1913, Zwartruggens 1916, Germiston 1929, oorlede 1937.
1911 H. C. M. Fourie, Teol. Doct. Erasmus 1911, Johannesburg 1924, Groot Marico 1930, oorlede 1939.
1914 J. H. Greyvenstein, Teol. Dr. (Sutherland 1911), Pretoria 1914, Hoogleraar 1917, emeritus 1946.
1917 H. D. van Broekhuizen, Teol. Dr. (Pretoria 1898, Kuilsrivier 1902, Pretoria 1906), Pretoria 1917, eervol ontslaan 1925.
1918 A. J. Barger (Bovenmilde 1914), Johannesburg 1918, Middelburg 1919, Oos-Londen, oorlede 1940.
1921 G. E. Alers (Haulerwijk 1914, Monnikendam 1917), Germiston 1921, Lichtenburg 1923, Gwelo 1930, terug na Holland 1932.
1922 W. P. Poën (Hulpprediker Durban 1920), Pietersburg 1922, Potchefstroom 1926, oorlede 1937.
1925 A. R. Smit, Pietermaritzburg 1925, eervol ontslaan 1928, Ned. Herv. Kerk verlaat 1932.
1927 C. H. Rautenbach, Ph.D., Erasmus 1927, Pretoria 1930, Noordelike Pretoria 1934, Lektor 1939, afgetree 1946.
1932 J. J. Strydom, Teol. Dr., Zwartruggens 1932, eervol ontslaan 1934.
1930 P. J. Smit, Losberg 1930, Boksburg-Springs 1939, Springs-Benoni 1942, oorlede 1943.
1930 J. P. van den Berg, B.A., B.D., L.L.B., Waterberg 1930, Makwassie 1943, Bloemfontein 1937. Eervol ontslaan 1948.
1944 P. S. Dreyer, B.A., B.D., Pretoria (2de Pred. Witbank 1945) eervol ontslaan 1947. (Vir verdere studie na Nederland).
1937 J. J. Engelbrecht, B.A., B.D., Louis Trichardt 1937, Zwartruggens 1941, Oos-Londen 1946. Eervol ontslaan 1948.

DIENSDOENDE PREDIKANTE OP 31 OKTOBER 1946.

1909 J. J. Prinsloo, Trichardtfontein 1909, Bethal 1915, Standerton 1919, Krugersdorp 1920, Rustenburg 1922, Krugersdorp-Wes 1942, Trichardsfontein 1946.
1914 S. J. Strydom, Krugersdorp 1914, Makwassie 1919, eervol ontslaan 1928, Gwelo c.s. 1940.
1915 S. Vermooten, Zeerust 1915, Potchefstroom 1919, Pretoria 1926.
1920 D. F. Erasmus (Pietermaritzburg 1918), Ventersdorp 1920.
1921 P. J. J. Venter, Lichtenburg 1921, Delarey 1923, Zeerust 1927, Johannesburg 1929, Klerksdorp 1930, Makwassie 1944.
1922 P. S. Grobler, B.A., B.D., Krugersdorp 1922, bediening neergelê 1941, Kensington 1943.
1924 A. J. G. Oosthuizen, B.A. B.D., Germiston 1924, Heidelberg 1928, Noordelike Pretoria 1941.
1924 T. F. J. Dreyer, B.A., B.D., Standerton 1924, Heidelberg 1941.

1924 J. G. M. Dreyer, B.A., B.D., Lydenburg c.a. 1924, Ermelo c.a. 1928, Potchefstroom 1938.
1928 M. M. Grobler, B.A., B.D., Brakpan 1928, Eendracht 1944.
1929 P. W. Venter, M.A., B.D., Volksrust 1929, Durban 1935, Brits 1937, Krugersdorp 1941, Klerksdorp 1946.
1930 E. S. Mulder, B.A., B.D., Zwartruggens 1930, Bronkhorstspruit 1931, Springs 1944.
1930 J. J. Prinsloo, G. sn., B.A., B.D., Johannesburg 1930, Brakpan 1944.
1931 W. F. H. Huyzers, B.A., B.D., Vereeniging 1931, eervol ontslaan 1938, Durban 1939, Boksburg 1942, Krugersdorp 1946.
1932 W. J. Kemp, B.A., B.D., Louis Trichardt 1932, Waterberg 1935, Noord-Westelike Pretoria 1946.
1932 F. J. Z. Booysen, B.A., B.D., Trichardtsfontein 1932, Wolmaransstad 1935, Witbank 1937, Roodepoort 1945.
1932 A. Ras, B.A., B.D., Dullstroom c.a. 1932, Volksrust 1936, Vereeniging 1938.
1933 S. P. J. J. van Rensburg, B.A., B.D., Eendracht 1933, Randpoort 1942, Potchefstroom 1947, Potchefstroom-Noord 1948.
1934 J. D. Storm, B.A., B.D., Zwartruggens 1934, Wolmaransstad 1938, Bronkhorstspruit 1947.
